



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT



# 2007- Jaarverslag

Gedreve om die beste te wees





## VISIE, WAARDES EN MISSIE

Gedurende die hersiening van die Institusionele Plan 2007-2009 is die missie van die NWU ook hersien en herskryf om die huidige NWU te weer-spieël. Die Raad het die Institusionele Plan 2008-2010, wat die volgende hersiene missie van die NWU bevat, op 23 November 2007 goedgekeur:

### Visie

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die streew na kennis en innovasie.

### Waardes

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

### Missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer.

Die Universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

### Missie-elemente en doelwitte

Die missie bestaan uit die volgende elemente:

- Om deur middel van onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en kritisies kan dink en in staat is om die land en sy mense te dien.
- Om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.
- Brei die implementering van kundigheid – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – uit tot voordeel van die provinsie, die land, die SAOG-streek, die vasteland, en uiteindelik die wêreld.
- Wees 'n waardegedreve universiteit wat daarna streef om in die nastrewing van ons missie 'n verskil te maak.
- Streef daarna om internasionaal erken te word as 'n goed bestuurde en innoverende universiteit, met 'n kliëntefokus ingebied in kwaliteit. Die Universiteit beoog om dit te bereik deur die skep van 'n instaatstellende omgewing wat die Universiteit se kernbesigheid sal uitbou en verbeter, terwyl die instelling finansieel lewensvatbaar bly.
- Voortdurende transformasie ten opsigte van posisioneerings, akademiese profiel, eenheid, gelykheid en herstel. Sodoende dra die Universiteit by tot die transformasie van die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssstelsel ten einde gehoor te gee aan die land se maatskaplike, ekonomiese, ontwikkelings- en omgewingsbehoeftes.

Die tema vir ons 2007-Jaarverslag, "Gedreve om die beste te wees", het sy oorsprong in ons gedrevenheid om die beste in ons aktiwiteite en bedrywighede te wees, insluitende onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid. Dié fokus word ook weerspieël in ons verbintenis tot gesonde bestuur en beste korporatiewe bestuurspraktyke. Die 2007-Jaarverslag hou ons prestasies gedurende 2007 voor en beklemtoon die feit dat ons besig is om ons as 'n **leidende universiteit** te posisioneer. Dit is ook erken deurdat PricewaterhouseCoopers se **2007-Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoëonderrig** aan ons toegeken is.

# **INHOUDSOPGawe**

---

Visie, Waardes en Missie	1
--------------------------	---

## **OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR**

Bestuursopsomming (Afrikaans, Engels, Sesotho en Setswana)	6
Institutionele hoogtepunte	10
Samestelling van die Raad	12
Boodskap van die Kanselier	18
Verslag van die Voorsitter van die Raad	20
Raadsverslag oor korporatiewe bestuur	22
Verslag van die Senaat	32
Verslag van die Institutionele Forum	48

## **OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR**

Samestelling van die Institutionele Bestuur	52
Verslag van die Visekanselier	54
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof	60
Verslag van die Institutionele Registrateur	68
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling	72
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge	78
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie	82
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	88

## **KAMPUSOORSIG**

Kampusoorsig: Mafikeng	98
Kampusoorsig: Potchefstroom	106
Kampusoorsig: Vaaldriehoek	114

## **FINANSIËLE OORSIG**

Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	122
Gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Desember 2007	132
Gekonsolideerde inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2007	133
Lys van afkortings	134
Erkenning	136



Gedurende 2007 het ons  
**goeie vordering gemaak**  
ten einde ons missie te bereik  
om 'n getransformeerde en  
**gebalanseerde onderrig-leer-**  
en **navorsingsuniversiteit**  
te word.

vereniging wat lid van 'n korporatiewe lid is. 2 Organisasie wat lid van 'n liggaam is; korporatiewe lid; korporatief lemaatskap.

**kor-po-ra'sie** vzw. (-s) 1 Vereniging, liggaam met regoorlikheid: 'n Korporasie stig. Lid van 'n korporasie. Beslote korporasie, waarvan die aandele in die hande van slegs 'n paar persone is. 2 Dikkerigheid om die middel. Hier na voertig het hy 'n lekker korporasie gekry. [L. *corpus* liggaam]

**kor-po-ra-tief** t. Lew. en bw. Van, behorende tot 'n korporatiewe ontrede, besluitneming. Korporatiewe lid; korporatief. Die korporatiewe staat, georganiseer volgens die drywe.

**kor-po-ra-tis'me** s.m.v. Staatsordening op grondlig van saamwerkende korporasies.

**korps** s.m. (-s) (< F.) 1 Liggaam, vereniging. 2 Afdeling van 'n strydmag: Ligkorps, kadetkorps. Vgl. corps.

**korps'gees** s.m. Gees van verbondenheid en trouwheid wat die lede van 'n korps, gevaaard met grondig en uitgebrei oefendienste, aangetrek sou.

## OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR

Bestuursopsomming	6
Institutionele hoogtepunte	10
Samestelling van die Raad	12
Boodskap van die Kanselier	18
Verslag van die Voorsitter van die Raad	20
Raadsverslag oor korporatiewe bestuur	22
Verslag van die Senaat	32
Verslag van die Institutionele Forum	48

## BESTUURSOPSUMMING

Daar is wye erkenning van die stabiliteit en sukses van die Noordwes-Universiteit as 'n saamgesmelte instelling in die tersiëre onderwyssektor. Soos hierdie jaarverslag vir 2007 demonstreer, het die Universiteit steeds sy kernbesigheid versterk terwyl transformasie op beplande, volhoubare wyse onderneem is.

In 2007 het die NWU vir die vierde opeenvolgende jaar sedert die samesmelting 'n gesonde finansiële surplus behaal. Dit weerspieël die gesonde stand van finansiële bestuur by die Universiteit, asook die stygings wat in selfgegenererde inkomste aangeteken is. Ongeveer R578 miljoen van die totale begroting vir die jaar was afkomstig van nie-subsidie-inkomste, veral van inkomste uit navorsingskontrakte.

Gesonde stygings is ook in die slaag- en graadverwerwingsyfers van studente behaal. Onder die voorgraadse studente het die slaagsyfer in 2007 tot 79,5% gestyg, 'n merkbare verbetering op die 75,2% wat vier jaar gelede gerapporteer is. Oor dieselfde tydperk het die graadverwerwingsyfer (dit wil sê die getal kwalifikasies wat toegeken is as 'n persentasie van die totale studentetalle) van 24% tot 25,3% gestyg. Hierdie verbetering word weerspieël in die rekordgetal grade en diplomas wat in 2007 toegeken is, altesaam 11 346 in 2007, wat 'n groei van 17,5% oor die vierjaartydperk verteenwoordig.

Soortgelyke groei is ook in navorsingsuitsette en in die getal NWU-navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) behaal. Die Universiteit het die jaar geëindig met 95 NNS-gegradeerde navorsers, byna 30% meer as in 2004, terwyl artikel-ekwivalente van 275 tot 375 toegeneem het. Hierdie prestasies het die Universiteit 'n beduidende stap nader geneem aan die doelstelling om van 'n onderriggebaseerde universiteit met gefokusde navorsing na 'n doeltreffende, getransformeerde en gebalanseerde onderrig- en navorsingsinstansie te beweeg.

Nog 'n hoogtepunt vir die NWU-gemeenskap was die van stapel stuur van die Universiteit se nuwe handelsmerkvestiging-strategie, wat wyd deur studente, personeel, oudstudente en ander sleutelbelanghebbendes onderskryf is. Die handelsmerk bestaan uit 'n nuwe korporatiewe identiteit en logo, en die handelsmerk word regdeur die Universiteit uitgerol op 'n wyse wat die eenheid van die NWU weerspieël, maar ook die diversiteit daarvan as 'n multikampusorganisasie erken. Die handelsmerk vergestalt die Universiteit se bemarkingsposisie as 'n lewenskragtige, goed bestuurde, entrepreneuriese instansie wat vertroue by sy belanghebbendes inboesem.

Die NWU, wat in 2007 ook as die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in Suid-Afrika aangewys is, beweeg die toekoms tegemoet vanuit 'n posisie van krag wat hom nog geslagte lank goed te staan sal kom. ■

## **EXECUTIVE SUMMARY**

---

The stability and success of the North-West University as a merged institution is widely acknowledged in the tertiary education sector. As this annual report for 2007 demonstrates, the University has continued to strengthen its core business while undertaking transformation in a planned, sustainable manner.

In 2007, for the fourth consecutive year since the merger, the NWU achieved a healthy financial surplus. This reflects the sound state of financial management at the University, as well as the increases recorded in self-generated income. Some R578 million of the total budget for the year came from non-subsidy sources of revenue, particularly research contract income.

Healthy increases were also achieved in student pass and graduation rates. Among undergraduate students, the pass rate rose to 79,5% in 2007, a marked improvement on the 75,2% reported four years ago. Over the same period, the graduation rate (meaning the number of qualifications conferred as a percentage of the total student headcount) increased from 24% to 25,3%. This improvement is reflected in the record number of degrees and diplomas conferred in 2007, totalling 11 346 in 2007, representing growth of 17,5% over the four-year period.

Similar growth was achieved in research output and the number of NWU researchers with ratings from the National Research Foundation (NRF). The University ended the year with 95 NRF-rated researchers, almost 30% more than in 2004, while article equivalents increased to 375, up from 275. These achievements took the University a significant step closer to its objective of moving from a tuition-based university with focused research towards becoming an effective, transformed and balanced tuition and research institution.

Another highlight for the NWU community was the launch of the University's new branding strategy, which has been widely endorsed by students, staff, alumni and other key stakeholders. Consisting of a new corporate identity and evolved logo, the brand is being rolled out across the University in a way that reflects the unity of the NWU yet also acknowledges its diversity as a multi-campus organisation. The brand embodies the University's market positioning as a vibrant, well-managed and entrepreneurial institution that inspires confidence in its stakeholders.

The NWU, which in 2007 was also named as the best-governed university in South Africa, moves into the future from a position of strength that stands it in good stead for generations to come. ■

# KGUTSUFATSO YA PHETHAHATSO

Botsitsotso le katileho ya Yunivesithi ya Leboya Bophirimela e le setsha sa thuto se hoketsweng e ananetswe ka hohle ka hara mokga wa thuto e phahameng. Jwalokaha pehelo ena ya 2007 e totobatsa, yunivesithi e tswetse pele ho matlafatsa tshebetso ya yona ya motheo e ntse e ntshetsa pele phetoho ka mokgwa o tshwarellang o hlophisisweng hantle.

Selemong sa 2007, makgetlo a mane a latellanang kamora ho hokelwa, NWU e fihlelletse katileho ya masalla a tjhelete. Hona ho bontsha tsamaiso e atlehileng ya ditjhelete Yunivesithing ena esita le keketseho e ngodisitsweng lekenong leo e ipokelletseng lona. Tjhelete e kana ka dimilione tse R578 tsa bajete yohle ya selemo di tswa ho mehlodi eo eseng ya tshehetso ya tjhelete, haholoholo lekeno la kontraka ya phuputso.

Ho bile le keketseho hape lehlakoreng la ho pasa ha baithuti ekasitana le sekgaahlha sa ho fumana dikgau. Bakeng sa baithuti ba so fumaneng dikgau, sekgaahlha sa ho pasa se phahametse ho 79,5% ka selemo sa 2007, e leng ntlafatso ho 75,2% e ileng ya behwa dilemong tse nne tse fetileng. Nakong yona eo, sekgaahlha sa phumano ya dikgau (ho bolelwala palo ya mangolo a thuto a abilweng e le phesente ya palo yohle ya baithuti) e eketsehile ho tloha ho 24% ho isa ho 25,3%. Ntlafatso ena e totobaditswe rekotong ya palo ya dikgau le diploma tse abilweng ka selemo sa 2007, e leng palo yohle ya 11 346 ka selemo sa 2007, mme e bontsha kgolo ya 17,5% ka nako ya dilemo tse nne.

Kgolo ya mofuta oo e ile ya fihlellwa ka tlhahiso ya diphuputso le palo ya bafuputsi ba NWU ka ditekanyetso tse tswang ho National Research Foundation (NRF). Yunivesithi e kwetse selemo ka bafuputsi ba 95 ba ananetsweng ke NRF, e leng palo e ka bang 30% ho feta ya selemo sa 2004, ha palo ya diatikele e phahametse ho 375 e phahame ho 275. Diphihlello tsena di isitse Yunivesithi mohatong o ka pele o lebisang morerong o matla wa sepheo sa yona e leng ho fetoha ho tloha ho yunivesithi ya thuto e tadimaneng le diphuputso hore e be setsha sa thuto se matla, se ananetseng diphetoho le thuto e lekaneng esita le diphuputso.

Ntlhakgolo e nngwe ya bohole ba amang le NWU ke kgakolo ya mokgwa wa boitsebahatso ba Yunivesithi, e leng ho totobatswang ke baithuti, basebetsi, baithuti ba kgale esita le ba bang ba bohlokwa ba nang le seabo. Yunivesithi jwale e na le boitsebiso bo botjha ba kgwebo esita le lepetjo hona ho bontshwa ke Yunivesithi ka tsela e tla totobatsa kopano ya NWU empa e ntse e ananela ho tswakatswakana ha yona jwaloka khempase e akaretsang bongata. Tumiso ena e bontsha maemo a mmarakha a Yunivesithi e setsha sa thuto se sebetsang, se nang le taolo e ntle se nang le tshebetso e kgothaletsang boitshepo ho ba nang le seabo tshebetsong ya yona.

NWU eo ka selemo sa 2007 e neng e bitswa yunivesithi e nang le puso e ntle ka ho fetisia mona Afrika Borwa, e kena bokamosong ho tswa maemong a matla a e behang maemong a matle molemong wa meloko e tla hlaha. ■

## TSHOBOKANYO YA KHUDUTHAMAGA

Go tlhomama le go atlega ga Yunibesiti ya Bokone-Bophirima jaaka setheo se se kopantsweng le tse dingwe go lemogwa ke botlhe mo setheong sa thuto-godimo. Jaaka fa pego eno ya ngwaga le ngwaga ya 2007 e bontsha, yunibesiti e tswelela pele go nonotsha kgwebo ya yone ya konokono fa e ntse e dira diphetogo ka mokgwa o o rulagantsweng le o o gatelang pele sentle.

Ka 2007, e leng ngwaga wa bonè wa e sena go kopanngwa le ditheo tse dingwe, NWU e ile ya feleletsa e na le boemo jo bo siameng mo go tsa ditshelete ka go sala ka madi a a oketsegileng. Seno se bontsha gore madi a laolwa sentle mo Yunibesiting e bile a a oketsegia jaaka seno se bontshwa ke lotseno lo e itiretseng lone. Madi a a kana ka R578 milione a tekanyetsokabo yotlhe ya ngwaga ga se madi a e thusitsweng ka one go tswa golo gongwe, segolobogolo lotseno lwa konteraka ya patlisiso.

Gape dipalo tsa baithuti ba ba ileng ba falola ditlhathlobo tsa bone le ba ba ileng ba aloga di ile tsa oketsegia fela thata. Mo gare ga baithuti ba ba sa ntseng ba ithutela gerata ya ntlha, selekanyo sa go falola ditlhathlobo se ile sa oketsegia ka 79,5% ka 2007, mme eno e ne e le kgatelopele e ntlo fa e bapisiwa le e e neng ya nna teng ya 75,2% mo dingwageng di le nnè tse di fetileng. Mo go yone nako eo, palo ya baalogi (e leng palo ya dithuthego tse di ileng tsa bonwa ke baithuti jaaka peresente ya palogotlhe ya baithuti) e ile ya tlhatloga go tswa go 24% go ya go 25,3%. Kgatelopele eno e bontshwa ke palo e e di fetang tsotlhe ya digerata le didipoloma tse ba di neilweng ka 2007, tse di fitlheng go palogotlhe ya 11 346 ka 2007, e e emelang kgolo ya 17,5% mo dingwageng di le nnè tse di fetileng.

Go ne ga dira kgatelopele e e tshwanang mo tirong ya go dira patlisiso le mo palong ya badirapatlisiso ba NWU go ya ka maduo a a ileng a bewa ke National Research Foundation (NRF). Yunibesiti e ile ya wetsa ngwaga e na le badirapatlisiso ba le 95 ba ba kaiwang ba tshwanelegela go nna badirapatlisosi ba NRF, mo e batlang e le 30% ya bone go feta ka 2004, mme palo ya ditlhogo tsa teng e ile ya tlhatlogela go 375, go tswa go 275. Diphitlhelelo tseno e nnile kgato e kgolo e e tserweng ke Yunibesiti e e dirileng gore e nne gaufi thata le go fitlhelela mokgele wa yone wa gore e se ka ya nna fela yunibesiti ya thuto e e dirang dipatlisiso mme gape e nne setheo sa thuto le sa patlisiso se se nang le dipholo tse di molemo, se se tlisang diphetogo le se se tlhomameng.

Nngwe ya dintlhakgolo mo malokong a NWU e ne e le go kgakolwa ga polelwana ya letshwaokgwebo e e ntshwa ya Yunibesiti, e e amogetsweng ke baithuti ka bontsi, badiri, baithuti ba mo nakong e e fetileng le ke batsayakarolo ba bangwe ba konokono. Polelwana ya letshwaokgwebo e ntshwa eno mmogo le letshwaokgwebo le leša le tsenngwa tirisong mo Yunibesiting yotlhe ka tsela e e supang gore NWU e seopsengwe e bile e amogela gore ke setlamo sa dikhamphase tse di farologaneng tse di nang le batho ba ditso tse di farologaneng. Polelwana ya letshwaokgwebo eno e tlhaola Yunibesiti jaaka setheo sa kgwebo se se dirang ka natla le se se laolwang sentle se se dirang gore batsayakarolo mo go sone ba nne le tsholofelo.

NWU, e ka 2007 e neng ya kaiwa jaaka yunibesiti e e laolwang sentle go di gaisa tsotlhe mo Aforika Borwa, e gatelapele ka nonofo mme e tlie go tswelelapele go solegela dikokomana tsa mo isagweng molemo. ☑

# INSTITUSIONELE HOOGTEPUNTE

## Integrasiemylpale

- 'n NWU-logo en handelsmerkvestigingstrategie is aanvaar en word tans ontplooi – 'n proses wat gedurende 2009 voltooi sal word.
- Die harmoniering van toelatingsvereistes op die verskillende kampusse is feitlik afgehandel en vanaf Januarie 2008 sal die NWU dieselfde toelatingsvereistes op al sy kampusse hê, behalwe in twee fakulteite.
- Alle geïntegreerde korporatiewebestuur-strukture soos voorgeskryf deur die Statuut, insluitende die permanente Institusionele Forum, het suksesvol gefunksioneer, en die meeste van die geïntegreerde beleide, reëls en prosedures is voltooi.
- Die ontwikkeling van 'n verenigde etiese kode en gedragskode het momentum verkry, met die fokus op die NWU se vier doenwaardes (instrumentele waardes): integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek. Die praktiese toepassing hiervan sal in 2008 voortgesit word.
- Die toepassing van die NWU se beleid van funksionale meerbaarheid is voortgesit, en die NWU se taalplan is in Junie 2007 aan die Minister voorgelê.

## Effektiewe bestuur

- Die NWU het die toekenning vir die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in PricewaterhouseCoopers se jaarlike kompetisie vir doeltreffende algemene en korporatiewe bestuur verower.
- Gedurende 2007 het die NWU weer eens die Departement van Onderwys se teiken gehaal wat vereis dat universiteite nie meer as 57,5% tot 63% van eerstegeldstroominkomste aan personeelkoste moet bestee nie.
- 'n Sakeplan vir die opstel en implementering van 'n doeltreffende MIV/VIGS-strategie is deur Hoër Onderwys Suid-Afrika goedgekeur, waarna die NWU 'n Europese Unie-toekenning van net meer as R3 miljoen ontvang het.
- Vir die doeleinades van talentbestuur het die NWU die 10%-toppresteerders (uitgesonder Bestuur) onder personeel op elk van die kampusse en in die Institusionele Kantoor geïdentifiseer. Hierdie personeellede, geïdentifiseer op grond van konsekwent hoë prestasie, strategiese belangrikheid en/of skaars vaardighede, het 'n bonus ontvang en, indien toepaslik, is hul vergoeding verbeter.
- Volhoubare vordering is met die implementering van indiensnemingsgelykheid gemaak. Van die 336 aanstellings wat byvoorbeeld gedurende 2007 regdeur die Universiteit gemaak is, was 38,1% swart Suid-Afrikaners, terwyl 53,3% vroue is.
- Spesifieke projekte wat deur die Institusionele Bestuur geïdentifiseer is, het goed gevorder:
  - Die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus is in April 2007 van stapel gestuur, en funksioneer goed.
  - Die Nagraadse Loopbaansentrum is aan die einde van 2007 in die



Die NWU het PricewaterhouseCoopers se 2007-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys (Korporatiewe Bestuur) verower.

Die Institusionele Bestuur het vier instrumentele of doenwaardes geselekteer, naamlik **integriteit**, **toewyding**, **aanspreeklikheid** en **respek**, vir insluiting in elke aspek van die NWU se bedrywighede. Die praktiese demonstrasie van die doenwaardes sal vanaf 2008 en verder deel van die individuele prestasie-ooreenkomsste en beloningsprosesse van die NWU word.

lewe geroep, en sal teen die einde van Junie 2008 volledig in bedryf wees.

- 'n Kantoor vir Institusionele Bevordering (fondsinsameling) is tot stand gebring.
- 'n Inisiatief om 'n klein netwerk van eendersdenkende universiteite tot stand te bring, wat bestaan uit die NWU, London South Bank University, Vrije Universiteit van Amsterdam en Montclair State University in die VSA, is in November 2007 van stapel gestuur.

## Onderrig-leer

- Die inskrywingsplan is aan die Minister van Onderwys voorgelê.
- Die voortgesette hernuwing van die Program- en Kwalifikasiemengsel (PKM) het momentum gekry en 'n aantal programme is gedurende die jaar bygevoeg.
- Aanvullende Onderrig (AO) is suksesvol op al die kampusse tot stand gebring. 'n Tweede institusionele stelsel wat gemik is op die verbetering van die gehalte van onderrig en leer was die suksesvolle implementering van die verpligte Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente. Die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) was ook instrumenteel om die onderrigvermoë van dosente te verbeter.

## Navorsing en implementering van kundigheid

- Die getal navorsers wat graderings of hergraderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang het, het tot 95 gestyg.
- In 'n eerste vir die NWU het prof Marius Potgieter van die Eenheid vir Ruimtefisika 'n A1-gradering ontvang. Dit is die hoogste gradering wat wetenskaplikes van die NNS kan ontvang. In nog 'n eerste het prof Herrie van Rooy van die Fakulteit Teologie die eerste NWU-navorser geword om 'n B-gradering in die sosiale/geesteswetenskappe te ontvang.
- Die NWU sit sy innovasiepoging voort, onder andere wat betref sy patentteringsaktiwiteite. Dit blyk uit die feit dat daar, onder andere, ses VSA-geregistreerde patente, vyf hangende VSA-patente en 33 RSA-patente is (met inagneming van die feit dat een patent in talle lande geregistreer kan word, maar hier as slegs een gerapporteer word).
- 'n Omvattende raamwerk vir kommersialisering is gefinaliseer. Die essensie hiervan is die stigting van 'n trust as 'n "houerinstrument" vir alle kommersiële aktiwiteite.
- 'n Spesifieke raamwerk vir gemeenskapsbetrokkenheid as 'n noodsaaklike deel van die implementering van kundigheid is gefinaliseer. ■



As deel van die NWU se 'n inisiatief om 'n klein netwerk van eendersdenkende universiteite tot stand te bring, het afgevaardigdes van London South Bank University die NWU besoek. Hulle is, van links: me Carol Campayne, Direkteur: Gelykheid en Diversiteit, dr Deian Hopkin, Visekanselier, en dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier.



Die NWU het 'n Europeese Unie-toekenning ontvang vir die implementering van 'n MIV/VIGS-strategie. Hier onderraan mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, 'n MIV-toets gedurende die nasionale *Know Your Status, Each One Reach Five*-veldtog, wat op kampusse dwarsoor Suid-Afrika van stapel gestuur is.

# SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Aanstellings deur die  
Minister van Onderwys




**Voorsitter:**  
Dr LK Sebego  
(Ministeriële aanstelling)



**Ondervoorsitter:**  
Mnr PJ van der Walt  
(Lid uit die private sektor)



**Me NML Letlape:**  
BA in Openbare en Private  
Bestuur en Hons BA in Open-  
bare Korporatiewe Bestuur  
(Potchefstroomse Universiteit  
vir Christelike Hoer Onder-  
wys); driejaartermyn, van  
2007 tot 2010.



**Mnr G Mayet:**  
MA in Openbare Beleid  
(Universiteit van Bristol, VK),  
MA in Onderwys (Open Uni-  
versity, VK), vierjaartermyn,  
van 2004 tot 2008.



**Mnr OJJ Tabane:**  
BA (Universiteit van die  
Noorde), BProc (Universiteit  
van die Wes-Kaap), MPhil  
(Nelson Mandela Metro-  
politaanse Universiteit);  
vierjaartermyn, van  
2004 tot 2008.



**Dr LK Sebego:**  
BSc (Universiteit van Noord-  
wes), MEd (Universiteit van  
die Witwatersrand), DEd  
(Universiteit van Noordwes);  
vierjaartermyn, van 2004  
tot 2008.

## Lede uit die private sektor



**Mnr PJ van der Walt:**  
GR(SA) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Sosiale Wetenskappe (HEC School of Management, Paris), AMP (Templeton College, Oxford); vyfjaartermyn, van 2006 tot 2011.



**Dr C Reinecke:**  
DSc in Chemie (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MBL (UNISA); vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Dr JJ van Zyl:**  
DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); sesjaartermyn, van 2006 tot 2012.



**Mnr T Makubire:**  
MSc en DSc (Universiteit van Berlyn); driejaartermyn, van 2006 tot 2009.

## Lede uit die gemeenskap



**Dr CJ Smit:**  
ThB en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); vierjaartermyn, van 2004 tot 2008.



**Mnr S Ngwenya:**  
Hons B Ag Ec. (Universiteit van Nieu-Engeland, Australië), Hons BSc in Landbou-economie (Universiteit van Pretoria); vierjaartermyn, van 2004 tot 2008.



**Me H Rupert-Koegelenberg:**  
BMus (cum laude), Hons BMus (cum laude) (Universiteit Stellenbosch), Fellowship of the Trinity College of Music (London) (met onderskeiding), Licentiate of the Royal Schools of Music UK (met onderskeiding), Onderwyserslisensiaat in Musiek (met onderskeiding) (UNISA); driejaartermyn, van 2007 tot 2010.



**Mnr TJS Thabane:**  
Sekondêre Onderwysdiploma (Vista-universiteit); driejaartermyn, van 2007 tot 2010.

## Lede aangewys deur die Konvokasie



**Mnr PJW Buys:**  
Hons BA (Randse Afrikaanse Universiteit); vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Dr FJ Kok:**  
MA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); Dphil (Universiteit van Stellenbosch); vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.



**Adv JSM Henning, SC**  
BJuris en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); driejaartermyn, van 2006 tot 2009.



**Prof LA van Dyk:**  
MBA (Stellenbosch Sake-skool), MA in Sielkunde (Universiteit van Pretoria), MA in Konsultering en Afrigting (Hautes Etudes Commerciales, Frankryk); driejaartermyn, van 2006 tot 2009.

## Lid met spesiale kundigheid



**Adv MNS Sithole, SC:**  
BJuris (Universiteit van die Noorde), LLB (Universiteit van die Noorde), LLM (Universiteit van Pretoria), BA (UNISA); vierjaartermyn, van 2004 tot 2008.

Die NWU se prestasies weerspieël sy **sukses** in die kweking van 'n kultuur van aanspreeklikheid regdeur die Instelling, gelei deur die **Raad** as die **aanspreeklike instansie** vir toesig, korporatiewe beheer, finansiële dissipline en beleidsformulering.

## Interne lede: Lede van die Bestuur



**Dr T Elof**  
**(Visekanselier):**  
BJuris (Econ), ThB, ThM en  
ThD (Potchefstroomse Uni-  
versiteit vir Christelike Hoër  
Onderwys); ex officio-lid.



**Dr MN Takalo**  
**(Adjunkhoof):**  
BA en BEd (Universiteit van  
die Noorde), MA (Boston  
Universiteit); EdM en EdD  
(Universiteit van Columbia);  
ex officio-lid.

## Interne lede: Lede van die Senaat



**Prof A le R du Plooy**  
BA, ThB, ThM en ThD  
(Potchefstroomse Universiteit  
vir Christelike Hoër Onderwys);  
driejaartermyn, van  
2006 tot 2009.



**Prof F Venter:**  
BJur et Comm, LLB en LLD  
(Potchefstroomse Universiteit  
vir Christelike Hoër Onderwys);  
driejaartermyn, van  
2006 tot 2009.



**Prof TC Rabali:**  
BA (UNISA), ThB en ThM  
(Potchefstroomse Universiteit  
vir Christelike Hoër Onderwys);  
DTh (UNISA); vierjaartermyn,  
van 2006 tot 2010.



**Dr MW Lumadi:**  
STD (VECC), FDE (Randse  
Afrikaanse Universiteit), BA  
(UNISA), BEd Hons (Witwa-  
tersrandse Universiteit), Hons  
BA (UNISA), MEd (Universiteit  
of Johannesburg), MAdmin  
MHB (Noordwes-Universiteit),  
MA (Universiteit Stellenbosch),  
DEd (UNISA), DD (Kalifornië  
VSA); driejaartermyn, van  
2007 tot 2010.

## Lede uit die geledere van ander akademiese personeel



**Mnr M Nandani:**  
BA en UEd (Universiteit van Fort Hare), MEd (Universiteit van Texas); driejaartermyn, van 2004 tot 2007.



**Prof C de W van Wyk:**  
DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); vierjaartermyn, van 2007 tot 2011.



**Prof E van der Schyff:**  
BA-LLB, LLM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLD (Noordwes-Universiteit); vyfjaartermyn, van 2007 tot 2012.

## Lede uit die geledere van nie-akademiese personeel



**Prof AS Coetze-Van Rooy:**  
BA, Hoëonderwysdiploma, BA Honneurs, MA, PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); vierjaartermyn, van 2007 tot 2011.



**Prof MM Verhoef:**  
Hoëonderwysdiploma, Hoë Diploma in Biblioteekwese, PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); vyfjaartermyn, van 2007 tot 2012.

## Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)

Lede dien op die Raad vir 'n tydperk bepaal deur die IVSR. Die volgende VSR-lede het tot Oktober 2007 in die Raad gedien:



**Mnr DW Coetsee:**  
ThB, HonStB en MTh (tans)  
(NWU, Potchefstroom-kampus)



**Mnr S Masango:**  
BSc Agric (tans) (NWU,  
Mafikengkampus)



**Mnr W Runeli:**  
BEd (tans) (NWU, Vaal-  
driehoekkampus).



**Me MM Tromp:**  
BCom (Regte) (tans) (NWU,  
Potchefstroomkampus).



**Mnr A Atau-Rahman:**  
BA (PSIR) (Noordwes-  
Universiteit), MA (tans)  
(NWU, Mafikengkampus).



**Mnr M Tebakang:**  
BA (PSIR) (Noordwes-  
Universiteit), MA (tans)  
(NWU, Vaaldrifhoek-  
kampus).

## Uittredende Raadslede

- Die termyn van dr L Wessels het op 11 Februarie 2007 geëindig.
- Die termyn van dr HG Stoker het op 21 Junie 2007 geëindig.
- Mnr NT Molusi is op 30 Augustus 2007 oorlede.
- Dr NL Mahao het as Raadslid bedank.

## **BOODSKAP VAN DIE KANSELIER**

Die tyd het aangebreek vir die Noordwes-Universiteit (NWU) om uitwaarts en opwaarts te kyk. Introspeksie was 'n nodige fase toe die Universiteit met die samesmelting-inkorporasie geworstel het, maar ons blik is nou op groter doelwitte gefokus: om toepaslik te wees en om op die provinsiale en nasionale ontwikkelingsagenda te reageer.



Dr PS Molefe, Kanselier van die Noordwes-Universiteit

Die onderwysowerhede maak dit vir 'n geruime tyd lank reeds duidelik dat hoéronderwysinstellings nie 'n beskermde spesie is nie. Hulle is samelewingsorgane wat hul bestaan moet regverdig en moet bewys dat hulle die aansienlike hulpbronne word is wat aan hulle beskikbaar gestel word. Soos die Minister van Onderwys onlangs opgemerk het, het universiteite 'n breër funksie as die blote verskaffing van formele onderrig. Hul werklike funksie is om 'n sentrale rol in die maatskaplike, kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap te speel en jongmense toe te rus om verantwoordelike leiers in hul gemeenskappe te word.

Die NWU het hierdie uitdagings aangepak deur die strategiese prioriteite van Suid-Afrika te aanvaar – nie slegs wat betref die vaardighede wat vir versnelde groei nodig is nie, maar ook wat betref die waardes onderliggend aan 'n demokratiese gemeenskap.

Dit is algemene praktyk vir universiteite om hoeksteenwaardes te aanvaar, maar die NWU is, na die beste van my wete, die enigste een wat 'n instellingwye veldtog van stapel gestuur het om al hul waardes in elke faset van hul bedrywigheid in te burger. Hierdie waardes van integriteit, toegewydhed, aanspreeklik en respek is bekend as die NWU se 'doenwaardes' omdat hulle bedoel is om uitgeleef, ervaar en volgens opgetree te word. Ons bewys nie blote lippiendiens aan hierdie waardes nie, maar verweef dit om 'n integrale deel van die Universiteit te wees.


Die rede hoekom ek by die NWU se doenwaardes stilstaan, is omdat dit die hoér aspirasies van ons gemeenskap in die geheel weerspieël. Dit dui daarop dat die NWU sy verantwoordelikheid erken en verwelkom om toekomstige leiers met karakter en gewete, sowel as ekonomies bruikbare vaardighede, te ontwikkel.

Graduandi van die NWU wat tot die ekonomie toetree, is gewapen met meer as net 'n sertifikaat wat van hul akademiese bevoegdheid getuig; hulle het ook alle geleenthede ontvang om hul entrepreneurstalent te ontwikkel – 'n kritieke suksesfaktor in ons ekonomie met sy gebrek aan werkgeleenthede – tesame met hul leierskapsvaardighede, sportvermoë, kulturele geletterdheid en 'n maatskaplike gewete. Die Universiteit bied tallose geleenthede vir studente om betrokke te raak by gemeenskapsdiensprojekte wat wissel van MIV/VIGS-bewusmaking tot armoedevertigting.

Hulle word ook die geleentheid gebied om deel te wees van 'n dinamies diverse omgewing waar funksionele meertaligheid aktief beoefen en multikulturalisme gevier word. Die NWU is die onbetwiste leier in die tersiëre onderwyssektor wat betref die implementering van werkbare meertaligheid; hiervan getuig die erkenning wat van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad ontvang is.

Hierbenewens bied die NWU formele onderrig van die hoogste gehalte, wat die mees veeleisende ouers tevrede stel, terwyl daar ook voldoen word aan die eise van werkgewers vir goed afgeronde, vaardige mense wat in staat is om progressiewe idees te genereer wat ons samelewing ten goede kan verander.

Mag die NWU voortgaan om die waardes van integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek te handhaaf, wat studente vir hul toekomstige rolle as leiers in 'n billike, regverdig en vooruitstrewende Suid-Afrika sal voorberei. ☑



Dr PS Molefe  
KANSELIER

Die werklike funksie van universiteite is om 'n **sentrale rol** in die maatskaplike, kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap te **speel** en **jongmense toe te rus** om verantwoordelike leiers in hul gemeenskappe te word. Die NWU het **hierdie uitdagings aangepak** deur die strategiese prioriteite van Suid-Afrika te aanvaar

- Dr PS Molefe, Kanselier

# VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD

In die heersende sosio-ekonomiese klimaat van Suid-Afrika word hoëronderwysinstellings verplig om hulle as positiewe kragte vir ontwikkeling, groei en aanspreeklikheid te bewys. Nie net word daar van hulle verwag om hul finansiële en bedryfsprestasie aan die hand van interne teikens en in verhouding tot hul portuur te meet nie, maar daar word ook van hulle vereis om aan standaarde van korporatiewe bestuur te voldoen wat net so veeleisend is as dié wat in die private sektor geld. Die Noordwes-Universiteit (NWU) het rede om trots te wees op sy rekord wat nakoming van hierdie verpligte betref.

Vanuit 'n finansiële perspektief is die NWU een van 'n handjievol Suid-Afrikaanse universiteite wat konsekwent 'n netto surplus produseer – soos in 2007 vir die derde opeenvolgende jaar sedert die samesmelting – en beduidende bedrae inkomste genereer. Deur 'n steeds toenemende getal gegradsueerde, wat in 2007 altesaam 11 346 beloop het, is die Universiteit besig om wesenlike waarde aan die vaardighedsvereistes van die ekonomie toe te voeg. Op die gebied van korporatiewe bestuur het die NWU 'n leier in die tersiêre onderwyssektor geword: hul posisie het van die vierde na die eerste plek verbeter in die PricewaterhouseCoopers-Toekenning vir Uitnemendheid in Hoér Onderwys vir 2007.

Hierdie prestasies weerspieël die NWU se sukses in die kweking van 'n kultuur van aanspreeklikheid regdeur die instelling, geleidelik deur die Raad as die aanspreeklike instansie vir toesig, beheer, finansiële dissipline en beleidsformulering.

Die Raad is daartoe verbind om deur sy voorbeeld leiding te verskaf en het in 2007 'n doelbewuste poging aangewend om sy eie funksionering en die benutting van Raadskomitees te verbeter, in die besonder vir audit en risikobestuur. Formele en informele oriëntasie is vir nuut aangestelde of verkose Raadslede onderneem. Die jaarlikse selfevaluering deur die Raad, wat gedurende Oktober en November 2007 gedoen is, is ook verbeter deur die aanvaarding van 'n hersiene vraelys wat met nasionale en internasionale beste praktyk en met die NWU se Institusionele Plan belyn is. Die resultate was goed, hoewel daar ruimte vir verbetering in die bywoning van vergaderings is, 'n aangeleentheid wat die Raad besig is om te hanteer.

Nadat die Raad sy eie huis in orde gekry het, was hulle in 'n posisie om die doeltreffendheid van die NWU se uitvoerende bestuur te evaluer. Prestasieoorseenkomste was gedurende 2007 vir alle lede van die topbestuurspan in plek, belyn met die Institusionele Plan en gegrond op implementeringsplanne met duidelik omskreve doelstellings. Die prestasie-evaluering van die Visekanselier, dr Theuns Eloff, is deur my as Voorsitter

van die Raad en deur mnr PJ van der Walt as Ondervoorsitter uitgevoer. Op grond van ons evaluering het die Visekanselier goed gevaaar in sy leiding van die uitvoerende bestuur ter implementering van die NWU se Institusionele Plan.

Die verhouding tussen die NWU-Raad en Bestuur het gedurende 2007 'n nuwe vlak van wasdom bereik. Gedurende die aanvanklike tydperk ná die samesmelting was daar geleenthede waar die Raad sekere aangeleenthede moes mikrobestuur, maar dit is nie meer die geval nie. Tans is daar 'n duidelike verstandhouding wat betrekking het op die onderskeie rolle van die Raad en Bestuur en wedersydse respek vir die bydrae wat elk tot die doeltreffendheid van die Universiteit lewer. Die gesonde skeiding van pligte, met die Raad wat beheer en Bestuur wat implementeer, het die Universiteit in staat gestel om toegespits daarop te fokus om hul strategiese doelstellings te verwesenlik, sonder om waardevolle tyd en hulpbronne toe te wys om rolle uit te klaar. Na my mening stuur hierdie prestasie 'n sterk sein uit dat die NWU vér verby die samesmeltingstadium gevorder het.

Nog 'n duidelike aanduiding van die vordering wat daar onderweg na die bereiking van integrasie en eenheid aan die NWU gemaak is, was die finalisering van die nuwe handelsmerkstrategie. Die Raad het die finale handelsmerk in Maart 2007 goedgekeur, nadat daar verseker is dat dit breed gebaseerde steun onder interne sowel as eksterne belanghebbendes geniet het, insluitende alumni, studente en personeel. Die nuwe NWU-handelsmerk, wat 'n nuwe logo en korporatiewe identiteit insluit, gee uitdrukking aan die eenheid van die Universiteit, terwyl dit terselfdertyd diversiteit binne die NWU se multikampusomgewing erken. Ek is vol vertroue dat dit 'n sin van tuishoort onder belanghebbendes sal bevorder en die NWU stewig as 'n gevestigde, lewenskragtige, innoverende en entrepreneuriese universiteit sal posisioneer.

Teen die einde van die oorsigjaar het die Universiteit doeltreffend gefunksioneer as 'n verenigde instelling, met 'n verenigde

handelsmerk, 'n werkbare Institusionele Plan en 'n hoë vlak van integrasie van beleide, stelsels en prosesse, insluitende dié vir personeelontwikkeling, vergoeding en diensvoorwaardes.

Dit beteken nie dat die weg vorentoe vry is van uitdagings wat ná die samesmelting ondervind is nie. Vir die afsienbare toekoms sal die NWU noulettende aandag aan organisatoriese en akademiese transformasie moet skenk, insluitende aangeleenthede soos die oorblywende ongelikhede in die geldestrukture van die onderskeie kampusse. Nog 'n voortdurende uitdaging is die belyning van akademiese programme oor die kampusse heen. As dit eers bereik is, behoort alle NWU-kwalifikasies, ongeag die kampus waar dit verwerf is, dieselfde aansien te geniet.

Gegewe die sinergie tussen die Raad en bestuur en die sterk kultuur van oorlegplinging met belanghebbendes wat sedert die samesmelting gevestig is, verkeer die NWU in 'n sterk posisie om hierdie uitdagings die hoof te bied. My hoop vir die toekoms is dat die Universiteit sy mededingende sterkpunte sal gebruik, veral wat betref navorsing en innovasie, ten einde 'n waardevolle hulpbron vir die provinsie en die land te word in ons gesamentlike poging om werkloosheid en armoede uit te skakel en Suid-Afrika op die pad na versnelde groei en ontwikkeling te plaas. ☺



Dr LK Sebego  
VOORSITTER VAN DIE RAAD



Dr LK Sebego, Voorsitter van die Raad

Teen die einde van die oorsigjaar het die Universiteit **doeltreffend gefunksioneer** as 'n **verenigde instelling**.

- Dr LK Sebego, Voorsitter van die Raad

# RAADSVERSLAG OOR Korporatiewe Bestuur

Die Noordwes-Universiteit (NWU) verbind homself tot die hoogste standaarde van dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, regverdigheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, en onderkryf die beginsels soos vervat in die tweede King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika. Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe bestuur van die Universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemagtigde bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's. Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die Institusionele Bestuur, en geld vanaf die hoogstevlak tot by die kleinste eenheid. Die Universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van die King-verslae (1994 en 2002) oor korporatiewe bestuur.

## Die rol en funksies van die Raad

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die Universiteit volgens die Wet en die Universiteit se Statuut te bestuur. Die generiese Standaard Institusionele Statuut (2002, soos gewysig) het gedien as die Statuut van die NWU ingevolge die Wet totdat die NWU se Statuut op 8 Augustus 2005 gepubliseer is, op welke datum hierdie Statuut in werking getree het.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad verantwoordelik:

- Vir die beheer van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardestellings asook strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die Reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van Bestuur en vestig komitees en (in samewerking met die Senaat) gesamentlike komitees om uitvoering te gee aan die NWU se doelwitte en waardes;
- vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister en met die medewerking en instemming van die Senaat;
- vir die vestiging van die strukture vir die lewering van studenteseindienste, ná oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR);
- daarvoor om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou;
- vir die delegering van die gesag om personeellede aan te stel, met dien verstande dat aan niemand magtig verleen word om iemand aan te stel wat direk aan hom of haar verslag doen nie.

Tydens die uitvoer van hul funksies gedurende 2007, die vierde jaar van die NWU se bestaan, was die Raad steeds bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie, te wete:

- Om die gaping tussen 'n histories wit en 'n histories swart instelling te oorbrug.
- Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- Om die ontwikkeling en voorsiening van 'n omvattende reeks programme moontlik te maak deur die inkorporering van beroepsgerigte programme (technikon-tipe programme) en professionele en algemene (universiteittipe) programme, in ooreenstemming met streeks- en nasionale behoeftes.
- Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou.
- Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.
- Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- Om volhoubaarheid te bevorder.

## Samestelling van die Raad

In ooreenstemming met die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut bestaan die Raad van die Universiteit uit dertig (30) lede, waarvan agtien (18) vanuit die geledere van eksterne belanghebbendes en twaalf (12) vanuit die geledere van interne belanghebbendes aangewys word. Die eksterne belanghebbendes en gemeenskapsleiers is die Minister van Onderwys, die NWU se Raad van Skenkars, die NWU-konvokasie en gemeenskapsleiers, terwyl twee lede op grond van hul spesiale kundigheid aangestel word. Die interne belanghebbende groepes is Bestuur, die Senaat, ander akademiese werknelers, nie-akademiese werknelers en studente.

Ter voldoening aan die NWU se Statuut moes alle strukture teen 8 Augustus 2006 aan die Statuut voldoen, wat onder meer beteken het dat Raadsverteenwoordigers van die Senaat, die Konvokasie en die Raad van Skenkars reeds voor daardie

datum verkies moes word. Met die uitsondering van een plaasvervanger het die aangewesenes sedert hul verkiesing in 2006 dieselfde gebly.

## Senaat

Nadat die Senaat behoorlik op 10 Mei 2006 gekonstitueer is, is die volgende persone op 1 Augustus 2006 tot die Raad verkies:

- Prof A le R du Plooy
- Dr NL Mahao
- Prof TC Rabali
- Prof F Venter

Gedurende 2007 het dr NL Mahao bedank en is hy op 22 Augustus 2007 deur dr MW Lumadi vervang. Die ander aangewesenes het steeds gedurende 2007 as Raadslede gedien.

## Raad van Skenkers

Ooreenkomsdig die reëls het die Raad 62 maatskappye/instellings as skenkers van die NWU erken (insluitende die NWU Stigting wat deur die Raad erken word as 'n "skenker in natura"). 'n Konstitueringsvergadering van die skenkers van die NWU is op 24 Julie 2006 gehou, waartydens die Raad van Skenkers gekonstitueer is. Die volgende persone, wat in 2006 verkies is, was steeds gedurende 2007 lede van die Raad van Skenkers:

- ABSA: Mnr W van Zyl
- Dagbreek Trust: Prof CJ Reinecke
- DM Kisch Ingelyf: Mnr A van der Merwe
- Engen: Me Z Mpati
- Eskom: Dr S Tshabalala
- Eerste Nasionale Bank: Mnr PJ van der Walt (Voorsitter)
- Mittal SA: Me C Ferguson
- PBMR: Mnr T Makubire
- SASOL: Dr C Reinecke
- Telkom SA: Mnr S Fourie
- Toyota: Dr JJ van Zyl
- Gekoöpte, die NWU-Stigting: Me PC Modiko
- NWU: Dr T Eloff, Visekanselier (ex officio)
- NWU: Prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite (ex officio)
- NWU: Mnr M Gordon, Direkteur: Institusionele Bevordering

Die volgende persone wat in 2006 deur die Raad van Skenkers uit die geledere van die skenkers verkies om in die Raad te dien, was steeds gedurende 2007 Raadslede:

- Mnr T Makubire, PBMR

- Dr C Reinecke, SASOL
- Mnr PJ van der Walt, ENB
- Dr JJ van Zyl, Albert Wessels Trust/Toyota

## Konvokasie

Na afloop van 'n proses soos bepaal deur die Tussen-tydse Uitvoerende Komitee van die Konvokasie het die Konvokasie in 2006 die volgende persone as Raadslede verkies, en hulle het steeds gedurende 2007 as Raadslede gedien:

- Mnr PJW Buys
- Adv JSM Henning, SC
- Prof LA van Dyk
- Dr FJ Kok

Die samestelling van die Raad in 2007 was in wese dieselfde as gedurende die vorige jaar, behalwe in die paar gevalle waar nuwe lede verkies is om diegene te vervang wie se ampstermyne verstryk het of wat bedank het.

**Die Raad van die NWU het die doeltreffendheid van sy korporatiewe bestuurs- en toesigfunksie gedurende 2007 verbeter.** Die Raad funksioneer beter as gedurende die vorige jare en lewer 'n wesenlike bydrae tot die voortgesette sukses van die Universiteit.

Die tabel hieronder lys elke lidmaatskapkategorie, die betrokke lede en hul ampstermyne.

Totaal (30)	Kategorie	Naam	Termyn
Ekstern (18)	Ministeriële aanstellings (4) <sup>1</sup>	Me NML Letlape (termyn in 2007 geëindig, maar is heraangestel) Mnr G Mayet Mnr OJJ Tabane Dr LK Sebego Dr L Wessels (termyn geëindig op 11 Februarie 2007)	3 jaar (2007 – 2010) 4 jaar (2004 – 2008) 4 jaar (2004 – 2008) 4 jaar (2004 – 2008) 3 jaar (2004 – 2007)
	Raad van Skenkers (4)	Mnr T Makubire Dr C Reinecke Mnr PJ van der Walt Dr JJ van Zyl	3 jaar (2006 – 2009) 4 jaar (2006 – 2010) 5 jaar (2006 – 2011) 6 jaar (2006 – 2012)
	Gemeenskapsleiers / Oorspronklike oprigters (4)	Dr CJ Smit Dr HG Stoker (termyn geëindig op 21 Junie 2007) Mnr NT Molusi (op 30 Augustus 2007 oorlede) Mr S Ngwenya Me H Rupert-Koegelenberg Mnr TJS Thabane	4 jaar (2004 – 2008) 3 jaar (2004 – 2007) 3 jaar (2004 – 2007) 4 jaar (2004 – 2008) 3 jaar (2007 – 2010) 3 jaar (2007 – 2010)
	Konvokasie (4)	Mnr PJW Buys Adv JSM Henning, SC Prof LA van Dyk Dr FJ Kok	4 jaar (2006 – 2010) 3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009) 4 jaar (2006 – 2010)
	Spesiale kundigheid (2)	Mnr MNS Sithole, SC (Vakature sal later gevul word)	4 jaar (2004 – 2008)
Intern (12)	Bestuur (2)	Dr T Eloff (Visekanselier) Dr MN Takalo (Adjunkhoof)	Ampshalwe Ampshalwe
	Senaat (4)	Prof A le R du Plooy Dr NL Mahao (bedank) Prof TC Rabali Prof F Venter Dr MW Lumadi (het Dr Mahao vervang)	3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2006 – 2009) 3 jaar (2007 – 2010)
	Ander akademies (2)	Mnr M Ndandani Prof C de W van Wyk Prof E van der Schyff	3 jaar (2004 – 2007) 4 jaar (2007 – 2011) 5 jaar (2007 – 2012)
	Nie-akademies (2)	Prof AS Coetzee-Van Rooy Prof MM Verhoeft	4 jaar (2007 – 2011) 5 jaar (2007 – 2012)
	Studente (2)	<u>Tot Oktober 2007:</u> Mnr DW Coetsee Mnr W Runeli Mnr S Masango <u>Vanaf November 2007:</u> Mnr A Atau-Rahman Mnr M Tebakang Me MM Tromp	Bepaal deur IVSR
Sekretaris	Institutionele Registrateur	Prof CFC van der Walt	Ampshalwe

<sup>1</sup> Die Standaard Institutionele Statuut het voorgeskryf dat die Minister vyf (5) Raadslede kon aanstel. Die NWU-Statuut het dit na vier (4) verander, terwyl daar twee ampte in die kategorie "spesiale kundigheid" is. Daar was dus sedert die einde van die termyne van twee van die Ministeriële aanstellings 'n vakature in daardie kategorie.

Die volgende NWU-personeellede het Raadsvergaderings tydens 2007 as nie-stemgeregtigde lede bygewoon:

- Kampusrektor, Mafikeng: Prof ND Kgwadi
- Kampusrektor, Potchefstroom: Prof AL Combrink
- Kampusrektor, Vaaldrifhoek: Prof PJJ Prinsloo

Ten einde te verseker dat alle lede van die Institusionele Bestuur op hoogte bly van dit wat op Raadsvergaderings bespreek word, en beskikbaar sal wees om inligting te verskaf, is die volgende lede van die Institusionele Bestuur ook uitgenooi om Raadsvergaderings by te woon gedurende 2007:

- Prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite)
- Prof F van Niekerk (Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie)
- Me PP Mmope (Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge)
- Nr VL Mothobi (Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling)

## Komitees van die Raad

Alle komitees van die Raad funksioneer onder 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU. Hulle funksioneer onder voorsitterskap van persone met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en elkeen het 'n duidelike opdrag.

Daar was geen beduidende aangeleenthede wat die instansie raak op die agendas van enige komitees van die Raad wat op 31 Desember 2007 onopgelos was nie.

## Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen Raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Hierdie komitee maak seker dat daar by die Gedragskode vir Raadslede gehou word, en finaliseer kwessies wat deur die Raad na hulle verwys word.

Die lede van die Uitvoerende Komitee in 2007 was dr LK Sebego (Voorsitter), mnre PJ van der Walt, PWJ Buys en OJJ Tabane, dr T Elof (Visekanselier) en MN Takalo (Adjunkhoof) en prof CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2006 is daar vyf vergaderings van die Uitvoerende

Komitee gehou. Hierdie vergaderings het op 23 Februarie, 19 April, 1 Junie, 30 Augustus en 6 November plaasgevind.

## Vergoedingskomitee

Hierdie Komitee is hoofsaaklik gemoeid met die indiensnemingskonakte, vergoeding en evaluering van prestasie van die Visekanselier en ander lede van die Institusionele Bestuur.

Weens die aard van sy verpligte bestaan die Vergoedingskomitee uit die eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad en die Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgeleenheid, ook 'n eksterne lid van die Raad. Die lede was dr LK Sebego (Voorsitter) en C Reinecke (Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid) en mnre PWJ Buys en PJ van der Walt.

Die Vergoedingskomitee het op 23 Februarie, 1 Junie en 23 November 2007 vergader.


## Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid (MHIG)

Die mandaat van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid is om te verseker dat toereikende mensehulpbronne en -strategieë in plek is en om die implementering van hierdie beleid en strategieë in ooreenstemming met die gestelde kriteria en maatstawwe te moniteer. Die komitee is verantwoordelik vir alle mensehulpbron- en indiensnemingsgelykheid-verwante aspekte, insluitende vergoedings- en diensvoorraarde-aspekte wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die Komitee, as die beheerliggaam, ontvang en evalueer verslae van Bestuur oor spesifieke mensehulpbronaangeleenthede, insluitende voldoenings- en statutêre vereistes, en verseker dat Bestuur vir die implementering van mensehulpbronverwante strategieë en -beleid aanspreeklik gehou word.

Die lede was me NML Letlape, mnre T Makubire en TJS Thabane, dr T Elof en C Reinecke, en proff S Coetze-Van Rooy, A le R du Plooy, C de W van Wyk en CFC van der Walt (ex officio-sekretaris).

Die Mensehulpbronkomitee en die Komitee vir Indiensnemingsbillikhed het op 20 April en 9 Oktober 2007 vergader.



## Die NWU se **Varsité-studentestelsel** word **aangepas** om die studenteregistrasietydperk van 2009 te hanteer.

### Transformasie-Oorsigkomitee (TOK)

Die Transformasie-Oorsigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasie-aspekte van die Institusionele Plan, en bestaan uit ses eksterne lede en een interne lid van die Raad, sowel as die Visekanselier en die Adjunkhoof.

Die lede was mnre T Makubire, OJJ Tabane, S Ngwenya en PJW Buys, prof LA van Dyk (Voorsitter), drr CJ Smit, T Eloff (Visekanselier), MN Takalo en prof CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en ex officio-sekretaris).

Die Transformasie-Oorsigkomitee het op 13 April en 15 Oktober 2007 vergader.

### Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur

Hierdie Komitee is verantwoordingspligtig teenoor die Raad wat betref die uitvoering van hul pligte, synde om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekenkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor Bestuur se rol in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses, en om magtiging vir die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te verleen.

Die Komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, Bestuur, die interne oudifunksie en die eksterne ouditeure. Die Komitee het onbeperkte kommunikasie met die Voorsitter van die Raad (wat nie lid is van die Ouditkomitee nie), die Visekanselier, die Institusionele Direkteur: Finansies en Fasilitete, en die interne en eksterne ouditeurs.

Die lede van die Komitee was mnre G Mayet (Voorsitter) en NT Molusi, adv JSM Henning, SC en proff F Venter en E van der Schyff. Die Komitee word geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me H Möller en mnr MP Tjie.

Die verteenwoordigers van die eksterne ouditeurs is verplig om Komiteevergaderings by te woon; so ook dr T Eloff (Visekanselier), proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasilitete), CFC van der Walt (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad) en die NWU Direkteur: Interne Oudit.

Hierdie Komitee het op 29 Mei en 23 Oktober 2007 vergader.

### Finansiële Komitee

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling by die NWU. Die Komitee moet dus die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde,

verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening ondersteun.

Die Finansiële Komitee het vyf eksterne lede en een interne lid van die Raad. Die lede van die Finansiële Komitee was dr JJ van Zyl (Voorsitter), mnr OJJ Tabane, adv JSM Henning, SC en drr CJ Smit, FJ Kok en T Eloff (Visekanselier). Die Komitee se ex officio-lede is proff IJ Rost (Institutionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institutionele Registratiese en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2007 het die Finansiële Komitee op 8 Mei en 1 November 2007 vergader.

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee.

### Tenderkomitee

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleide en -prosedures goed te keur wat deur die Bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat tenderbeleide wel geïmplementeer word, en om tenders vir kontrakte van tussen R2 miljoen en R15 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R15 miljoen oorskry, evalueer die Komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Die tenderkomitee het drie eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was drr K van der Walt (Voorsitter en 'n onafhanklike ouditeur) en CJ Smit, en adv JSM Henning, SC. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier) en proff IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institutionele Registratiese en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2007 het die Tenderkomitee op 20 Julie vergader.

### Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van hierdie komitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuiljebestuurders aan te stel en evaluerings te doen van beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuiljebestuurders en die

kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

Die Komitee het tot vyf eksterne lede, naamlik mnr J van den Berg (Voorsitter), 'n eksterne kundige en twee tot drie onafhanklike beleggingskundiges. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier) en proff IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institutionele Registratiese en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2007 het die Beleggingskomitee op 10 Mei en 10 September 2007 vergader.

### Batekomitee

Hierdie komitee se belangrikste verantwoordelikheid is om die langtermynontwikkeling en -instandhouding van die Universiteit se infrastruktuur te verseker.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr FJ Kok (Voorsitter) en mnr OJJ Tabane. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier) en proff IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en CFC van der Walt (Institutionele Registratiese en Sekretaris van die Raad).

Hierdie Komitee het op 7 Mei en 8 Oktober 2007 vergader.

### Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die Visekanselier, Voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgewende hoedanigheid, en die Institutionele Registratiese (Sekretaris van die Raad).

Die Komitee het op 20 Februarie 2007 vergader om nominasies vir eredoktorsgrade te oorweeg.

### Advieskomitee vir Studentesteundienste (AKSSD)

Artikel 27(3) van die Wet op Hoër Onderwys (WHO) en paraagraaf 3(3) van die NWU-Statuut vereis dat die Raad, ná oorleg met die Verteenwoordigende Studenteraad, 'n gesikte struktuur moet verskaf om die Raad oor die beleid vir studente-ondersteuningsdienste binne die Instelling te adviseer.

Op aanbeveling van die Institutionele Registratiese en ná 'n NWU-wye opname van studente-ondersteuningsdienste op

institusionele en kampusvlak het die Raad die instelling van die Advieskomitee vir Studentesteundiende (AKSSD) en die lidmaatskap daarvan op 21 September 2007 goedgekeur.

Die lede was mee Koegelenberg (Voorsitter) en NML Letlape (Raadslede), drr T Elof en EM Sedibe en prof CFC van der Walt (bestuurslede), proff AL Combrink, ND Kgwadi en PJJ Prinsloo (kampusrektore), mnre VL Mothobi (Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling) en SS Moekoena (Adjunkregistraatuer), me M Tromp, en mnre A Atau-Rahman en M Tebakang (VSR-voorsitters). Mnr H Stavast is genomineer om namens prof PJJ Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoekkampus, teenwoordig te wees.

Die eerste AKSSD-vergadering is op 22 November 2007 belé om die komitee se opdrag te bepaal, wat daarna op 23 November 2007 deur die Raad goedgekeur is. Die pligte van die Komitee is:

- Om die Raad te adviseer oor die beleid oor studentesteun by die Noordwes-Universiteit ingevolge artikel 27(3) van die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, en paragraaf 3(3) van die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU se Statuut);
- Om die Raad te adviseer oor die lewering van studentesteundiende, om tekortkominge in die lewering van hierdie dienste te identifiseer en daarvlieg te handel en om die enkele kontakpunt binne die Universiteit vir inligting oor die lewering van studentesteundiende te wees.
- Om sodanige werkspanne tot stand te bring, wat uit personeel en studente van die Universiteit bestaan, as wat die Universiteit nodig het om sy mandaat te vervul.

Minstens een vergadering van die Komitee sal in September/Oktobre van elke jaar gehou word, met die oog op die adviserings van die Raad op hul vergadering in November. Verdere vergaderings van die Komitee of van die werkspanne daarvan kan gehou word, indien nodig, en sal ingevolge die bepalings van die Statuut van die NWU hanteer word.

## Bywonning van vergaderings

Gedurende die jaar is vier gewone raadsvergaderings gehou, naamlik op 16 Maart, 22 Junie, 21 September en 23 November 2007. Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2007 was soos volg:

Komitee	%
Raad	77%
Uitvoerende Komitee	73%
Finansies	64%
TOK	51%
MHIG	67%
Tender	80%
Eretoekennings	80%
Oudit, Nakoming en Risikobestuur	63%
Vergoeding	76%
Bates	67%
AKSSD	67%

Die totale gemiddelde bywoningsyfer was 69,5%.

## Belangrike aangeleenthede waaraan die Raad en raadskomitees aandag gegee het

### ■ Algemeen

- Verskeie vakatures in die Raad is gedurende 2007 gevul, en ses nuwe lede is tot die Raad verkies.
- Op 22 Junie 2007 het die Raad die beginsels goedgekeur wat onderliggend is aan die volhoubare rotasie van NWU-raadslede en het hulle Bestuur versoen om 'n voorstel aangaande die ampstermyne van spesifieke raadslede te maak. Die Raad het die voorstel op 21 September 2007 goedgekeur.
- Die Raad het die herstrukturering van die Institusionele Bestuur goedgekeur en mnr VL Mothobi in die nuwe amp van Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling aangestel.
- Die Raad het die verlenging van die ampstermyne van die kampusrektore van die Potchefstroomkampus en die Vaaldriehoekkampus tot Desember 2009 en Augustus 2009 onderskeidelik goedgekeur.
- 'n Eredoktorsgraad Philosophiae Doctor (honoris causa) is aan me Renata Coetzee toegeken.
- Gedurende 2007 was 'n nuwe kenmerk van alle raadsvergaderings 'n aanbieding deur die Visekanselier oor hoër onderwys in perspektief en die NWU se posisioneer in die hoëronderwyssfeer.
- Die Raad het die aanstelling met ingang van 1 Januarie 2008 goedgekeur van 'n nuwe Institusionele Registratuer, dr NT Mosia.

- Die Raad het die instelling van 'n nuwe raadskomitee goedgekeur, naamlik die Advieskomitee vir Studentesteudienste.
- As gevolg van verskeie voorvalle met betrekking tot akademiese oneerlikheid in 2007 het die Raad die Beleid oor Akademiese Oneerlikheid oorweeg en goedgekeur.

#### **Transformasie**

Die afsonderlike beleide, reëls en prosedures wat ten tyde van die samesmelting bestaan het, is blyn, verouderde beleide en reëls is geskrap en, in sommige gevalle, deur nuwe, belynde beleide, reëls en prosedures vervang wat nodig is om die NWU ooreenkomsdig die Institusionele Plan (IP) verder die toekoms in te neem. Hierdie belyning, te-same met 'n groter begrip regdeur die Universiteit van die IP en die beleidsraamwerk wat dit ondersteun, dra by tot verhoogde organisatoriese eenheid en samehorigheid.

Die belyningsproses van bestaande beleide, reëls en prosedures regdeur die NWU het in 2005 begin en duur steeds voort. Die Raad het die volgende beleide in 2007 goedgekeur:

- Beleid oor Inligtings- en Kommunikasietegnologie, Netwerke en Inligtingshulpbronne (IKT-beleid) (op 16 Maart goedgekeur)
- Reëls vir die Aanstelling van Senior Bestuurders (op 16 Maart goedgekeur)
- Reëls vir die Navorsingsetiekomitee (op 16 Maart goedgekeur)
- Taalplan-implementeringsraamwerk (op 16 Maart goedgekeur)
- Kwaliteitsbeleid (op 22 Junie goedgekeur)
- Onderrig- en Leerbeleid (op 22 Junie goedgekeur)

- Assesserings- en Modereringsbeleid (op 22 Junie goedgekeur)
- Beleid oor die Generering en Goedkeuring van Beleide (op 22 Junie goedgekeur)
- Verkrygingsbeleid (op 22 Junie goedgekeur)
- Beleid oor Akademiese Oneerlikheid (op 21 September goedgekeur)
- Beleid oor Erkenning van Vorige Leer (op 21 September goedgekeur)
- Studiegidsbeleid (op 21 September goedgekeur)
- Beleid oor Argiewe, Museums en Versamelings (op 23 November goedgekeur)
- Institusionele Biblioteekbeleid (op 23 November goedgekeur)
- Beleid oor Navorsing en Innovasie (op 23 November goedgekeur)
- Finansiële Beleid en Reëls (op 23 November goedgekeur)
- Beleid vir Werknemers met Gestremdhede (op 23 November goedgekeur)

Nuwe, ten volle belynde beleide, reëls en prosedures word ontwikkel as deel van die proses om die NWU-kultuur van bestuursdoeltreffendheid te vestig. Dit is 'n voortgesette aktiwiteit.


Die Institusionele Plan 2008-2010 is op 23 November 2007 deur die Raad goedgekeur en sal vroeg in 2008 by die Departement van Onderwys ingedien word.

#### **Onderrig-leer**

Ná die goedkeuring van die 2009-minimumvereistes vir toelating vir generiese en professionele kwalifikasies wat deur die NWU aangebied word, is hierdie vereistes aan Higher Education South Africa (HESA) gerapporteer en

**Op die gebied van korporatiewe bestuur het die NWU 'n *leier* in die tersiêre onderwyssektor geword: hul posisie het van die vierde na die *eerste* plek verbeter in die PricewaterhouseCoopers-Toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys vir 2007.**

- Dr LK Sebego, Voorsitter van die Raad



op die NWU-webwerf gepubliseer. Die NWU se Varsité-studentestelsel word aangepas om die studenteregistrasietydperk van 2009 te hanteer, terwyl dit ook die nodige uitfasering van die Senior Sertifikaat-bedeling maak. Inligting en advies oor die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en vakke word so wyd moontlik voorsien.

Insette is gelewer in die HESA-proses vir die ontwikkeling van die vereiste nuwe toelatingsregulasies wat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, deur die Minister van Onderwys aangekondig moet word. Die praktiese implikasies van onder ander die nuwe benadering tot toelating, assessering en die resultateregime word noulettend gemoniteer, en toepaslike ingrepe word ontwikkel om die verskillende geantiseerde uitdagings te hanteer.

#### ● Finansiële aangeleenthede

Die Raad het die begroting vir 2008, wat ooreengestem het met die elemente van die befondsingsformule en belyn is met die Institusionele Plan, goedgekeur.

#### Deelname van werknemers en studente

'n Breë spektrum van deelnemende strukture was gedurende 2007 op die onderskeie kampusse in plek. Hierdie strukture is van die same-smeltende universiteite oorgeërf en, hoewel dit aanvanklik as oorgangsmaatreëls bedoel was, was dit doeltreffend om deelname deur werknemers en studente te bevorder. Die strukture is ontwerp om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitsruil van relevante inligting en die identifisering en bylē van geskille. Studente en werknemers het volle stemreg in al die strukture waar hulle verteenwoordiging geniet.

#### Etiese Kodes en Gedragskodes

Beide samesmeltingsvennote het duidelike waardegebaseerde kulture, wat die aanvaarding van 'n gemeenskaplike, verenigende stel waardes vir die nuwe Universiteit noodsaak. Hierdie proses het gedurende 2004 begin toe die NWU-raad 'n Gedragskode vir Raadslede aanvaar het en 'n verteenwoordigende Kerntaakspan van vier mense aangestel het om 'n Etiese Kode en Gedragskode vir die hele NWU te ontwikkel.

Die proses is voortgesit met die 2005-visioneringsproses, waartydens 11 NWU-eindwaardes goedgekeur is. Die Kerntaakspan het daarna met ongeveer met 60 kampuspaneeldele uit alle afdelings saamgewerk om die eindwaardes te omskryf. Na gelang hierdie proses sy einde genader het, het dit duidelik geword dat die gedragsveranderinge wat nodig was om 'n nuwe kultuur te bou, slegs bewerkstellig kon word

deur 'n universiteitswye veranderingsbestuur-oefening wat op die belangrikheid van die toepassing van gedeelde waardes in die daagliks werkzaamhede van die Universiteit sou fokus. Ten einde dit te bereik, het die Institusionele Bestuur vier instrumentele of 'doenwaardes' geselekteer, naamlik integriteit, toewyding, aanspreeklikheid en respek, vir insluiting in elke aspek van die NWU se bedrywighede. Dit sou van alle personeellede vereis om aan die instellingwye veranderingsproses deel te neem, beide persoonlik en in hul werk- of studieomgewings en -prosesse, deur die doenwaardes prakties te demonstreer en hul insigte met andere te deel wat by dieselfde werksprosesse betrokke is. Hierdie praktiese demonstrasie van die doenwaardes sal vanaf 2008 en verder deel van die individuele prestasieoorseenkomste en beloningsprosesse van die NWU word. Die uitkoms van hierdie proses kan dan gekonsolideer word deur van die omskrewe NWU-eindwaardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid gebruik te maak. Die finale stap sal wees om 'n samehangende Etiese Kode en Gedragskodes vir die NWU te aanvaar. Die instelling se vordering onderweg na die inbed van 'n waarde-oriëntasie in die organisatoriese kultuur sal gereeld evalueer word deur die halfjaarlikse kultuur- en klimaatopnames wat onder NWU-personeel uitgevoer word.<sup>2</sup>

## Verklaring oor konflikbestuur

Daar is verskeie groepe binne die NWU waar die potensiaal vir konflik bestaan. Hierdie groepe sluit in studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die Institusionele Kantoor en Bestuur, en almal op alle vlakke wat bestuur word.

Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit beleidsdokumente, procedures, komitees en forums in wat geleenthede vir oorlegpleging en die lug en debattering van sienings skep. In areas waar nuwe strukture nog nie tot stand gebring is ná die samesmelting-inkorporasie nie, word die bestaande strukture gebruik. Kundiges op die gebied van konflikbestuur is aangestel om hulp te verleen waar nodig.

## Selfevaluering van die Raad

Die doeltreffendheid van die Raad, sy komitees en sy verhou-

inge met die Senaat en die Bestuur is 'n prioriteit vir die Raad. Dit is 'n saak wat sedert middel-2005 prominent op die agendas van Raadsvergaderings en werkswinkels gefigureer het, en hierdie fokus het regdeur 2007 voortgeduur.

'n Belangrike norm vir korporatiewe bestuur is die jaarlike PricewaterhouseCoopers-Toekennings vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys. In 2007 het die NWU opgeskuif na die eerste plek uit 12 deelnemende instellings, wat die beduidende vordering bevestig wat daar met betrekking tot korporatiewe bestuur gemaak is.

Die tekortkominge wat in die vorige jaar se evaluering vir hierdie toekenning geïdentifiseer is, is opgelos; 'n voorbeeld hiervan is die Raad se benutting van sy komitees, in die besonder die Auditkomitee, en risikobestuursprosesse. 'n Doelbewuste poging is ook gedurende 2007 aangewend om die funksionering van die Raad en sy komitees verder te verbeter, soos deur die implementering van 'n matriks om die vordering te moniteer ten opsigte van alle uitstaande aangeleenthede op die agendas van die Raad, sy komitees en die Senaat.

Die vraelys wat vir die 2006-rondte selfevaluering gebruik is, is hersien in ooreenstemming met nasionale en internasionale beste praktyk, en om te verseker dat selfevaluering met die institusionele doelwitte en die NWU se Institusionele Plan verband hou. Ná goedkeuring van die gewysigde vraelyste is 'n selfevalueringsproses gedurende Oktober en November 2007 onderneem om die doeltreffendheid en aanspreeklikheid van die Raad en sy komitees te evalueer.

Die resultate van die 2007-selfevalueringsproses is deur die Raad op sy vergadering op 23 November 2007 oorweeg. Die saak is daarna na die Raad se Uitvoerende Komitee verwys, wat versoek is om enige oorblywende tekortkominge te identifiseer en aanbevelings te maak oor hoe dit die hoof gebied kon word.

Die Raad van die NWU het die doeltreffendheid van sy korporatiewe bestuurs- en toesigfunksie gedurende 2007 verbeter. Die Raad funksioneer beter as gedurende die vorige jare en lewer 'n wesenlike bydrae tot die voortgesette sukses van die Universiteit. ■

*Hierdie verslag is op 20 Junie 2008 deur die NWU-Raad goedgekeur.*

<sup>2</sup> 'n Kultuur- en Klimaatopname is teen die einde van 2007 onder NWU-personeel gedoen. Die resultate is opgeneem in die verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling.

# VERSLAG VAN DIE SENAAT

Die Senaat is verantwoordelik vir die bestuur van die akademiese kernbesigheid van die NWU, wat beteken dat die Senaat alle akademiese, navorsings- en akademieseondersteuning-funksies van die Universiteit reguleer. Die Senaat vervul hierdie mandaat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut van die NWU.

## Rol en samestelling

As die hoogste akademiese beheerstruktuur binne die NWU keur die Senaat alle akademiese programme en akademies verwante werk goed, wat insluit onderrig-leer, navorsing en innovasie en die implementering van kundigheid (met insluiting van programme vir gemeenskapsbetrokkenheid). Aangesien die Senaat teenoor die Raad aanspreeklik is, voer hulle ook enige ander funksie uit wat deur die Raad aan hulle opgedra word.

Die Senaat van die NWU is op 10 Mei 2006 goedgekeur ingevolge die Statuut van die NWU wat op 8 Augustus 2005 in die Staatskoerant aangekondig is. Die lidmaatskap daarvan, in ooreenstemming met afdeling 12(1) van die Statuut, bestaan uit:

- Die Visekanselier (Voorsitter)
- Die Adjunkhoof
- Die kampusrektore
- Die Institusionele Registrateur.
- Die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteit verkies is (altesaam 33)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die Voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- Persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personeellede wat deur die Senaat op advies van die Vaste Komitees van die Senaat gekoöpteer is (met spesiale inagneming van ras en geslag, altesaam agt)

Verskillende verkiesingsprosesse het gedurende 2007 plaasgevind om die vakature in die Senaat te vul, sowel as om die Senaat se aangewese lede in die Raad in ooreenstemming met die Statuut te verkies.

Gewone Senaatsvergaderings is vier keer gedurende 2007 gehou: op 7 Maart, 15 Mei, 22 Augustus en 24 Oktober. Die gemiddelde bywoning van Senaatsvergaderings was 69%.

Die Senaat het toepaslike vaste senaatskomitees en taakspanne tot stand gebring om aandag te skenk aan spesifieke take soos die hersiening en ontwikkeling van beleid, die implementering van die Kritieke Kruisterrein-uitkomste by die NWU, die institusionele navorsings- en innovasieaktiwiteite en die belyning van akademiese programme en navorsing.

Die volgende vaste senaatskomitees was gedurende 2007 in plek:

- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI)
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS)
- Institusionele Toelatingskomitee

Die volgende komitees, wat oor 'n tydperk ontwikkel is maar finaal gedurende 2007 tot stand gebring is, doen aan IKNI en dus ook aan die Senaat verslag:

- Institusionele Navorsingsteunkommissie
- Navorsingsetiekomitee

Verder is die totstandbrenging van 'n Komitee vir Hoër Grade in beginsel goedgekeur. Hierdie Komitee se voorgestelde rol is om die gehalteversekeringsprosesse met betrekking tot meestersgrade en PhD's dwarsoor die drie kampusse van die NWU te moniteer.

## Institusionele Navorsingsteunkommissie

Die Institusionele Navorsingsteunkommissie evalueer jaarliks die vordering van elke navorsingsentiteit (nisarea, fokusarea, navorsingseenheid, sentrum van uitnemendheid), asook hul beplanning en aansoeke om fondse vir strategiese doeleindes. Die Kommissie voor hierdie evaluerings uit met die oog daarop om advies oor die bevordering van innovasie, die verbetering van gehalte en die toepassing van navorsingsbeleid

en -prosedures te voorsien. Die lede daarvan word vir 'n driejaar-termyn aangestel, met die moontlikheid van heraanstelling vir nog 'n termyn. Die lede word deur die Institusionele Senaat aangestel.

## Navorsingsetiekkomitee


Die Navorsingsetiekkomitee bestaan uit lede wat vir 'n termyn van drie jaar genomineer word, en wat vir 'n verdere termyn van drie jaar hernomineer kan word. Die Komitee hou toesig oor die werk van kampus-navorsingsetiekkomitees, wat in alle navorsingsfokusareas werkzaam is en etiese goedkeuring vir navorsing vereis. Die totstandbrenging van enige subkomitee moet deur elkeen van die kampusrektore goedgekeur word, asook deur die Navorsingsetiekkomitee self. Die hoofkomitee vergader een keer per jaar, maar kan ook vir spesiale vergaderings byeengeroep word indien die behoefté daarvoor sou ontstaan.

Binne die raamwerk van die beleid van die NWU is die rol van die Navorsingsetiekkomitee om norme vir die etiese riglyne waaraan alle navorsing op mense, diere en mens- en dieremateriaal, asook genetiese materiaal van alle lewendige organismes moet voldoen. Die Komitee ontwikkel dan op grond van hierdie norme die dokumentasie wat nodig is om aansoek vir die goedkeuring van protokolle te doen. Ná evaluering van die protokolle deur die kampussubkomitees reik die Navorsingsetiekkomitee 'n brief van goedkeuring uit of maak aanbevelings vir die verbetering van die protokol.

Sonder so 'n goedkeuringsbrief mag geen projek 'n aanvang neem nie en indien dit wel gebeur, word die navorsers en proefpersone/deelnemers nie deur die NWU se versekering gedek nie.

Die Navorsingsetiekkomitee hou toesig oor navorsing wat deur die etiekriglyne gereguleer word deur minstens een maal per jaar 'n skriftelike versoek van elke huidige projek aan te vra. Indien 'n projekleier versuum om sodanige verslag in te dien, kan die Komitee goedkeuring vir die projek teruggetrek.

Die Navorsingsetiekkomitee het geen dissiplinére gesag nie en nie-nakoming van die goedgekeurde prosedures deur 'n navorser word na die verantwoordelike lid van die Institusionele Bestuur verwys vir verdere optrede. Indien 'n projekleier versuum om by die bepalings van die protokol te hou, kan die Navorsingsetiekkomitee se goedkeuring vir die projek teruggetrek word.



Die Komitee, wat ook verantwoordelik is vir die opleiding van navorsers en komiteelede oor die etiekriglyne waaraan navorsing moet voldoen, doen een maal per jaar aan die Senaat en die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie oor hul aktiwiteite verslag.

## Komitee vir Hoër Grade

Die Komitee vir Hoër Grade, waarvan die totstandbrenging in beginsel goedgekeur is, sal die volgende opdrag hé:

- Evaluering en monitering van alle prosesse wat tans op die drie kampusse in gebruik is, met die oog op die optimalisering van die prosesse ten einde gemeenskaplikheid van procedures te handhaaf en kwaliteit te verseker;
- Formulering en bepaling van beleid, standarde en administratiewe procedures (toelatings, toesig, eksaminering, vordering en prestasie) vir die toekenning van hoër navorsingsgrade;
- Die maak van aanbevelings vir die Senaat oor wetgewing, statute, regulasies, beleid en procedures met betrekking tot hoër grade deur navorsing en, indien toepaslik, die doen van aanbevelings by die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie;
- Oorweging van alle beleidsverwante aanbevelings van die Kampussenaatskomitees met betrekking tot hoër grade en die maak van aanbevelings aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie;
- Oorweging van jaarlikse verslae van die Kampussenaatskomitees en oorsig van uitkomsdetail en statistiese verslae vir alle hoër navorsingsgrade, asook voorsiening van 'n jaarlikse opsomming aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie;

- Oorweging van alle aanbevelings van die Komitee vir die klassifikasie van proefskefte en verhandelings;
- Monitering van die navorsingstudieleier-werkslading per akademikus en dienooreenkomstige advies aan Bestuur; en
- Monitering van die toepassing van NWU-beleid soos die A-reëls, insluitende die vereiste dat geen studieleier as eksaminateur van 'n hoër graad mag optree nie.

## Senaatstaakspanne

Die Senaat het 'n Taakspan oor Gedeelte Dissiplines tot stand gebring en lede daarin aangestel om beginsels en/of riglyne vir fakulteite met betrekking tot vakverwante toepassings te bepaal. Dit sluit voorstelle in om vakinhoud aan te bied wat duplisering kan wees van dit wat reeds deur fakulteite aangebied word, asook duidelike aanduidings van die toewysing van subsidie in sodanige gevalle. Hierbenewens is 'n taakspan tot stand gebring om prosesse en procedures vir die voorkoming van akademiese wangedrag en oneerlikheid te ontwikkel. Gevolglik is 'n beleid oor plagiaat en ander vorme van akademiese oneerlikheid of wangedrag ontwikkel en goedgekeur. Hierdie ontwikkelings het gespruit uit akademiese onreëlmatighede wat gedurende 2007 op al drie kampusse van die NWU voorgekom het. Die Senaat het ook in beginsel ooreengekom dat 'n Komitee vir Hoër Grade tot stand gebring word om die kwaliteitsversekeringsprosesse oor al die kampusse heen te moniteer.

## Doelstellings wat bereik is

Die Senaat se hoofverantwoordelikheid en -doelstellings vir die jaar was om die akademiese sake te beheer deur aktiwiteite soos die ontwikkeling van eenvormige toelatingsvereistes, monitering van die vordering van die akademiese belyningsproses en die ontwikkeling van verskeie beleide ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut,

Die Senaat se hoofverantwoordelikheid en -doelstellings vir die jaar was om die **akademiese sake te beheer** deur aktiwiteite soos die ontwikkeling van eenvormige **toelatingsvereistes**, monitering van die vordering van die **akademiese belyningsproses** en die ontwikkeling van verskeie **beleide** ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut.

- Dr T Eloff, Visekanselier

monitoring van die vordering van die akademiese belyningsproseses en die ontwikkeling van verskeie beleide ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut. Hulle het ook die Raad, as die oorkoeplende korporatiewebestuursliggaam, oor strategiese aangeleenthede soos die Institusionele Plan, die ontwikkeling van beleid en reëls en die aanstelling van senior bestuurders geadviseer.

Die Senaat het ook, deur hul Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS), tot akademiese programbelyning bygedra. Vir hierdie doel het die vier akademiese komitees van IKAS wat tevore tot stand gebring is en al die NWU se leervelde en fakulteite omvat, hul aktiwiteite voortgesit. Verder het die Senaat hulp verleen met die handhawing van hoe standaarde vir onderrig-leer en navorsing, in ooreenstemming met die stelling in die Samesmeltingsriglyne dat dit "lewensbelangrik is dat (samesmeltende) instellings die akademiese integriteit van hul bedrywighede gedurende die typerk van verandering beskerm".

In 2007 het die Senaat ook "deursigtigheid" as een van die doenwaardes van die NWU aanvaar en het hulle tot prosesse bygedra om die Universiteit se vier doenwaardes te vestig.

Die Ontwikkelingsmodel vir Navorsingsentiteite is soos volg vir implementering goedgekeur:

- Vlak 1: Nisarea
- Vlak 2: Fokusarea
- Vlak 3: Eenheid
- Vlak 4: Sentrum van Uitnemendheid

Navorsingsentiteite het die volgende kenmerke:

- Aktiwiteite pas in binne die strategiese doelwitte en prioriteite van die NWU;
- Langertermyn- multidissiplinêre aktiwiteit is oor alle fakulteite/kampusse heen gefokus;
- Hulle verteenwoordig 'n beduidende organisatoriese groepering met kritieke massa;
- Inkomste word uit 'n verskeidenheid bronreke en verkry;
- Hulle geniet die steun van die toepaslike fakulteite en skole;
- 'n Erkende kern van personeel, ruimte, toerusting en fasilitete hou met die area verband; en
- Hulle het hul eie identifiseerbare kostesentrum(s) en rekeninge.

Die verfyning van die huidige Fokusareamodel tot 'n Navorsingsentiteitmodel is aan die navorsingsmissie, doelwitte en doelstellings van die NWU gekoppel.

Aangesien navorsingsentiteite (vir hul samestellende dele) nie almal op dieselfde vlak sal wees nie, word 'n ontwikkelingstraject met sorgvuldig voorbereide en aanvaarde kriteria vereis. Die onderliggende beginsel in die identifisering en ontwikkeling van navorsingsentiteite is dat die Universiteit en elke kampus aandag sal gee aan die ontwikkeling van navorsing-sterkpunte wat relevant vir hul spesialiteitsrigtings en plaaslike konteks is. Elke kampus sal dus hul eie navorsingsentiteite ontwikkel en bestuur, gegronde op die strategiese navorsingsprioriteite wat deur die instelling geïdentifiseer is. Die navorsingsentiteite moet breë tematiese areas (op verskeie vlakke) hê, met samstellende subareas of -programme. Hulle moet ook met die nasionale Navorsings- en Ontwikkelingstrategie belyn wees.

## Veranderinge in akademiese strukture

Die herbelyning van akademiese strukture oor die drie kamпусse sal gepaard gaan met 'n hersieningsoorsig van die NWU se bestek van akademiese programme. Op die Mafikengkampus spesifiek is goeie vordering met die totstandbrenging van skole en die aanstelling van skooldirekteure gemaak.

Die NWU het in 2007 14 fakulteite gehad, wat soos volg versprei was:

- Vyf fakulteite, 14 skole, een Gemeenskapsregsentrum en een deskundigheidsentrum op die Mafikengkampus. Die vyf fakulteite is Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Geestes- en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Handel en Administrasie, en Regte.
- Een fakulteit bekend as die Fakulteit Vaaldriehoek, en ses skole op die Vaaldriehoekkampus. Die ses skole is Ekonomiese Wetenskappe, Basiese Wetenskappe, Gedragswetenskappe, Modelleeringswetenskappe, Opvoedingswetenskappe en Tale.
- Agt fakulteite, 32 skole, 21 deskundigheidsentrums, vier institute en 14 navorsingsfokusareas op die Potchefstroomkampus. Die agt fakulteite is Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe. Die navorsingsfokusareas/-eenhede is:

- Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- Eenheid vir Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Reg-staat
- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling
- Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- Fokusarea vir Onderrig/Leer-organisasies
- Eenheid vir Energiestelsels
- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Eenheid vir Ruimtefisika
- Fokusarea vir Volhoubare Maatskaplike Ontwikkeling
- Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling
- Fokusarea vir Skeidingswetenskap en -Tegnologie
- Workwell: Navor singseenheid vir mense, beleid en prestasie
- Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)

## Programbelyning

Vir meer inligting rakende programbelyning en die programbelyningstekaart, kyk na die verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof.

## Onderrig-leer

### Studente-inkrywings

#### Toelatingsbeleid

Die NWU het 'n eenvormige toelatingsbeleid, wat 'n M-telling gebruik en in 2004 aanvaar is. Die beleid is in 2005-2007 toegepas (met voorsiening vir infasering van die verhoogde vereistes op die Mafikengkampus) en sal vir 2008 van krag wees.

In 2007 het die Institusionele Toelatingskomitee konsensus bereik en die toelatingspuntetelling-model (TPT-model) ge-finaliseer wat vanaf 2009 gebruik sal word. Die aanvaarding van die TPT-tellings stem ooreen met die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en die Departement van Onderwys se minimum vereistes vir toelating tot diploma- en graadstudie. Dit impliseer weer die volgende institusionele ooreenstemming:

- oor die getal en prestasievlekke waarop Graad 12-vakke getel sal word;


- Lewensoriëntasie sal nie in 2009 vir die TPT tel nie;
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid sal vereis word; en
- die "vierde uitkoms" van Wiskunde ("Datahantering en Waarskynlikheid") sal 'n aanbeveling wees.

Bykomend by voldoening aan die wetgewende en beleidsvereistes van die Departement van Onderwys is die aanvaarde toelatingsmodel blyn met die sektorale benadering vir hoër onderwys wat deur Hoër Onderwys Suid-Afrika ("HESA") beding is. Die aanvaarde model met TPT-tellings en toelatingsvereistes vir spesifieke kwalifikasies is op 18 Junie 2007 deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat (Senaat-UK) en op 22 Junie 2007 deur die Raad goedgekeur. Wanneer dit eers voltooi is, sal 'n eenvormige dokument wat die toelatingsvereistes vir die NWU vir 2009 bevat ingevolge Artikel 37 van die Wet op Hoër Onderwys gepubliseer word.

#### Studente ingeskryf vir 2007

	Mafikeng	Potchefstroom	Vaaldriehoek	Totaal
Eerstejaars	1 340	4 048	650	6 038
Seniors	7 362	28 675	2 675	38 712
TOTAAL	8 702	32 723	3 325	44 750


#### Studente ingeskryf vir 2007 - Kontak en afstand



● Rasse- en geslagsamestelling van die studentekorps in 2007

Jaar	Ras					Geslag		Totaal
	Wit	Afrikaan	Bruin	Asiër	Onbekend	Manlik	Vroulik	
2002	10 300	20 131	791	283	1 611	12 856	20 260	33 116
2003	11 446	21 713	1 052	325	1 860	14 199	22 197	36 396
2004	12 745	25 894	1 269	324	1 038	15 792	25 478	41 270
2005	13 422	23 907	1 207	338	221	15 097	23 998	39 095
2006	14 288	22 411	1 220	616	173	14 766	23 942	38 708
2007	16 745	25 923	1 361	704	17	16 134	28 616	44 750

Ras 2007





■ Wit  
■ Afrikaan  
■ Bruin  
■ Asiër  
■ Onbekend

Geslag 2007



● Geografiese oorsprong van studente 2007



■ Registrasie volgens kwalifikasietype

Kwalifikasietype	Bywoningsmodus				Groottotaal
	Afstand	Kontak	Afstand VOO <sup>1</sup>	Groottotaal	
Algemene akademiese eerste baccalaureusgraad	3	10 101			10 104
Doktorsgraad	20	806			826
Honneursgraad	83	2 081	3 456		5 620
Meestersgraad	60	2 569			2 629
Nagraadse baccalaureusgraad		1	1		2
Nagraadse diploma		305	29		334
Voorgraadse diploma (1&2 jr)	1	2 105	10 732		12 838
Voorgraadse diploma (3 jr)		668	3 072		3 740
Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jr)	112	6 564	249		6 925
Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jr)	291	1 251			1 542
Geleenheidstudent	2	187	1		190
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>572</b>	<b>26 638</b>	<b>17 540</b>		<b>44 750</b>

2007\* soos op 1 Mei 2008 (volgens 2e HEMIS 2007-indiening)

<sup>1</sup> VOO staan vir "Verdere Onderwysersopleiding" en beskryf die afstand- of fleksiprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in die diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.

■ Eksamens

Die eksamens het soos volg plaasgevind:

Eerste semester

Eerste eksamen:

2 tot 23 Junie 2007

Tweede eksamen:

9 tot 19 Julie 2007

Tweede semester

Eerste eksamen:

27 Oktober tot 16 November 2007

Tweede eksamen:

20 tot 30 November 2007

Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) is doeltreffend gebruik om eksamenuitslae vry te stel. Benewens konvensionele kanale is uitslae ook op die NWU se webwerf geplaas en via SMS-boodskappe gestuur. Hierdie innoverings is deur studente verwelkom en het die administratiewe las op die eksamenafdeling verlig.

## Studentesteun, finansiële hulp en onderriggelde

### Studenteberadingsdiens: Potchefstroomkampus

Hierdie kampus het omvattende studenteberadingsdienste, insluitende:

- Die Studenteondersteuningstelsel (SOS), 'n hoogs doeltreffende portuurhulpstelsel, wat in 2007 uit 180 opgeleide portuurhelpers (studente) bestaan het. Die portuurhelpers het 'n beduidende getal studente na die Studenteberadingsdienste en die Instituut vir Psigoterapie en Berading verwys. 'n Krisislyn vir die hantering van traumagevalle, wat in die loop van 2006 geaktiveer is, is in 2007 voortgesit.
- Uitgebreide en omvattende toetsings-, siftings- en beradingsdienste, wat aan ongeveer 9 000 studente gedurende 2007 voorsien is, vergeleke met 8 414 in 2006.
- Bystand vir studente met gestremdhede. 'n Konsepbeleid oor gestremdhed is op institusionele vlak saamgestel en is in die proses van voltooiing. Die Studenteberadingsdienste op hierdie kampus sal optree as koördineerde vir alle aangeleenthede rakende studente met gestremdhede

en 'n proseduredokument is opgestel ten einde doeltreffende samewerking te bewerkstellig tussen verskillende afdelings, soos Akademiese Administrasie, Kommunikasie, die Biblioteek, en Inwoning en Voedseldienste.

### **Studenteberadingsdienste: Mafikengkampus**

Die NWU het die omvang en gehalte van beradingsdienste wat tot die beskikking van studente op die Kampus is, uitgebrei, met die volgende prestasies wat in 2007 behaal is:

- Dertig portuurhelpers is opgelei, en in die fakulteite en by koshuise ontplooい.
- Die Gestremdheidslessenaar, wat een deeltydse tydelike personeellid het, het 16 studente bygestaan en het met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blinde (SANRB) en *Disabled People South Africa* (DPSA) kontak gemaak. Die Lessenaar het ook 'n gestremdheidbewusmakingsdag gereel en die Wêrelddag vir Gestremdes is in November 2007 herdenk.
- Vyftien loopbaanbeoordelings is gedoen.

### **Studenteberadingsdienste: Vaaldrieelhoekkampus**

Beradingsdienste is op 'n deurlopende grondslag aan studente beskikbaar. 'n Portuurhelpergroep, bekend as CH@S (*Connecting Helpers and Students*), is opgelei en het talle studente geïdentifiseer wat 'n behoefte aan sielkundige of akademiese bystand gehad het. Hulle is daarna vir ingrypingssessies verwys.

Die Departement Studenteontwikkeling het bystand en leiding voorsien aan studente met die keuse van studieprogramme en hulle geïnspireer om hul opvoedkundige doelwitte te bereik, asook om toepaslike en realistiese loopbaankeuses te maak. Werkswinkels is aangebied om voorgraadse en nagraadse studente in staat te stel om hul akademiese profiele en individuele bevoegdhede op 'n professionele wyse aan te bied.

### **Finansiële hulp**

Finansiële Steundiensste speel 'n onontbeerlike rol in die hantering van finansiële hulp vir studente. Die hoogtepunt van die jaar was onteenseiglik die evaluering van "uitstekend" wat die Afdeling van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) ontvang het vir die gehalte en spoed van die NSFAS-administrasie op die NWU-kampusse. Dit beteken dat behoeftige studente in staat is om veel vroeër en op meer doeltreffende wyse toegang tot hul fondse te verkry, wat die

probleme waaroor sulke studente te staan kom, uit die weg ruim.

Gedurende 2007 is Finansiële Steundiensste as 'n "eenstopwinkel" vir studente gevestig deur die volgende veranderinge in te voer:

- Verbetering van die NSFAS-uitbetalingstelsel deur die nuwe finansiële stelsel, wat 'n vinniger, meer professionele diens aan studente verseker;
- Stroomlyning van kommunikasie met studente ten einde algemene voldoening aan reëls te verhoog, wat minder laat of onvolledige aansoeke tot gevolg het.

Finansiële bystand aan studente word uit die volgende bronne toegedeel:


- Universteitsfondse;
- Nasionale en provinsiale befondsingskemas;
- NSFAS;
- Buitelandse befondsingskemas (Botswana, Lesotho);
- Parastaatsinstellings, maatskappye en NRO's.

Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2007:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Universteitsfondse	Potchefstroom	25,2
Universteitsfondse	Vaaldriehoek	1,8
Universteitsfondse	Mafikeng	2,2
Oudstudente-lenings	Potchefstroom	0,5
Trustfondse	Potchefstroom	1,0
<b>TOTAAL</b>	<b>NWU</b>	<b>30,7</b>

Die tabel hieronder toon die toedeling van finansiële hulp aan nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2007:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Universteitsfondse	Potchefstroom	11,3
Universteitsfondse	Vaaldriehoek	2,3
Universteitsfondse	Mafikeng	2,6
<b>TOTAAL</b>	<b>NWU</b>	<b>16,2</b>



Die hoogtepunt van die jaar was onteenseglik die evaluering van **"uitstekend"** wat die Afdeling van die Nasionale Finansiëlehulp-skema vir Studente (NSFAS) ontvang het vir die **gehalte** en **spoed** van die NSFAS-administrasie op die NWU-kampusse.

Die volgende tabel toon finansiële bystand wat in 2007 uit eksterne bronne aan voorgraadse studente toegedeel is:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Buitefondse	Potchefstroom	14,7
Buitefondse	Vaaldriehoek	4,2
Buitefondse	Mafikeng	14,0
Engenius-projek (Ingenieurstudente)	Potchefstroom	12,5
TOTAAL	NWU	45,4

Die tabel hieronder toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2007:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Buitefondse	Potchefstroom	11,9
Buitefondse	Vaaldriehoek	0,6
Buitefondse	Mafikeng	0,8
TOTAAL	NWU	13,3

Die tabel hieronder toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2007:

Bron	Universiteitsfondse	Waarde (R miljoen)
NSFAS	Potchefstroom	15,3
NSFAS	Vaaldriehoek	15,3
NSFAS	Mafikeng	19,7
TOTAAL	NWU	50,3
GROOTTOTAAL	NWU	155,9

Klasgeld	
Klasgeld verhoog vir 2007:	
Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus met gemiddeld 5,5% (2006: 5%)	
Mafikengkampus met gemiddeld 11,5% (2006: 11%)	
Die geldie betaalbaar by registrasie vir 2007 was:	R
<b>Mafikengkampus</b>	
Registrasiegeld	450
Klasgeld 1e betaling	2 200
Koshuisgeld per semester – op kampus	2 825
Koshuisgeld per semester – Gloria Park	6 500
<b>Potchefstroomkampus</b>	
Registrasiegeld	750
Bykomende heffing voltydse nie-inwonende studente	50
Klasgeld 1e betaling	3 250
Koshuisgeld 1e betaling	3 000
Maaltyddeposito, indien maaltye op rekening gekoop sal word	850
<b>Vaaldriehoekkampus</b>	
Registrasiegeld	750
Bykomende heffing voltydse nie-inwonende studente	70
Klasgeld 1e betaling	3 250
Koshuisgeld 1e betaling	3 000
Maaltyddeposito, indien maaltye op rekening gekoop sal word	850
Gelde betaalbaar by aansoek om toelating tot 'n koshuis:	R
<b>Potchefstroomkampus</b>	
Koshuisdeposito – alle studente	500
Koshuisbevestigingsdeposito – 1e-jaarstudente	1 000
<b>Vaaldriehoekkampus</b>	
Koshuisdeposito – 1e-jaarstudente	550
Koshuisdeposito – senior studente	300

## Sukseskoerse

Die verhouding tussen die getal voorgraadse studente en die totale voltydse ekwivalente (VE's) het gedurende 2007 toegeneem, in die kontak- sowel as die afstandskategorieë.

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle – kontak	Kontak	
	2006	2007*
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	89%	89%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	84%	87%
VE intermed nagraads as % van meestersgetalle	32%	32%
VE hoër nagraads as % van doktorale getalle	61%	52%
<b>TOTALE VE AS % VAN TOTALE GETALLE</b>	<b>82%</b>	<b>83%</b>

2007\* soos op 1 Mei 2008 (volgens 2e HEMIS 2007-indiening)

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle – afstand	Afstand	
	2006	2007*
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	54%	67%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	31%	30%
VE intermed nagraads as % van meestersgetalle	50%	31%
VE hoër nagraads as % van doktorale getalle	70%	55%
<b>TOTAL FTE AS % OF TOTAL HEADS</b>	<b>47%</b>	<b>59%</b>

2007\* soos op 1 Mei 2008 (volgens 2e HEMIS 2007-indiening)

Deurvloeikoers van voorgraadse kontakstudente <sup>2</sup>	Getal 2007	Gegradueerdes 2007	Deurvloeikoers 2007	Deurvloeikoers 2006	Deurvloeikoers 2005
Eerste sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	2 105	1 024	49%	59%	8%
Eerste diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	12 020	2 452	20%	21%	24%
Professionele eerste baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	6 564	1 171	18%	18%	17%

<sup>2</sup> Die omskrywing van "deurvloeikoers" is die totale getal voorgraadse studente gedeel deur die getal inskrywings in die spesifieke jaar.

Deurvloeikoers van voorgraadse afstandstudente <sup>2</sup>	Getal 2007	Gegradueerdes 2007	Deurvloeikoers 2007	Deurvloeikoers 2006	Deurvloeikoers 2005
Eerste sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	10 733	3 432	32%	26%	18%
Eerste diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	3 366	516	15%	15%	10%
Professionele eerste baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	361	95	26%	27%	11%

## Deurvloeikoers-inisiatiewe

- Op die **Potchefstroomkampus** is daar van alle dekane vereis om norme vir slaagsyfers in die fakulteite te voorsien, en hierdie norme word gebruik om te bepaal by watter groepie aanvullende onderrig moet plaasvind. Verdere werk word gedoen om assesseringspraktik as deel van die veranderde akademiese tydrooster te verbeter. Daar is gedurende 2007 spesiale aandag aan die opgradering van personeelkwalifikasies geskenk.
- Op die **Vaaldrifhoekkampus** was daar in 2007 altesaam 33 faciliteerde vir aanvullende onderrig (AO) wat behulpsaam was met die implementering van AO in 51 modules van sewe programme. AO is ontplooi in 21% van die risikomodules (wat as modules met 'n slaagsyfer van minder as 50% omskryf word). Hierdie AO-sessies is deur 12 290 studente bygewoon (met die meeste studente wat vanselfsprekend meer as een sessie bygewoon het).
- Op die **Mafikengkampus** het die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling (SAO) die Aanvullende Onderrig-program (AO-program) geïmplementeer as 'n middel om deurvloeい in risikomodules te verbeter. Verder is daar verskeie werkswinkels vir groepse studente aangebied en het individuele konsultasies oor studiestrategiee en die skryf van navorsingsvoorstelle plaasgevind. 'n Groot getal nagraadse studente is met hul navorsingsprojekte bygestaan. Hierbenewens is die elektroniese leerstelsel efundi geïmplementeer as nog 'n strategie om deurvloeい te verbeter en is vyf modules in 2007 van stapel gestuur. Hierdie projek help studente om aanlyn toegang tot leermateriaal te verkry en hul leeraktiwiteite aanlyn te voltooi. Op hierdie wyse word dosente se werksladings verminder, en so ook oorvol lesinglokale. Die stelsel verbeter ook individuele kommunikasie tussen die dosent en studente.

Hierbenewens is verskeie stappe gedoen om die vaardighede van dosente te verbeter. Dit het ingesluit aanmoediging om aan die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid- (ITOU-) program deel te neem, werkswinkels en kursusse vir dosente en die aanbieding van aansporingsmaatreëls vir akademiese personeel om verder te studeer.

## Graduandi vir 2007

(per seremoniedatum ná voldoening aan die eksamenvereistes in 2007)

Kampus	Plegtigheid	Totaal
Mafikengkampus	September 2007	556
	Maart 2008	1 821
<b>TOTAL</b>		<b>2 377</b>
Potchefstroomkampus	September 2007	2 497
	April / Mei 2008	1 041
	Maart 2008	4 646
<b>TOTAL</b>		<b>8 184</b>
Vaaldriehoekkampus	September 2007	112
	April / Mei 2008	673
<b>TOTAL</b>		<b>785</b>
<b>GROOTTOTAAL</b>		<b>11 346</b>

2007\* soos op 1 Mei 2008 (volgens 2e HEMIS 2007-indiening)

## Grade en diplomas toegeken by die NWU sedert 2002<sup>3</sup>


Grade en diplomas toegeken	2002	2003	2004	2005	2006	2007
Eerste grade	2 115	2 281	3 293	3 235	3 722	3 646
Diplomas	3 276	3 237	4 431	2 448	3 545	5 267
Honneurs	607	920	1 179	1 281	1 679	1 691
Meesters	571	606	628	700	765	618
PhD's	59	92	84	85	110	124
<b>TOTAAL</b>	<b>6 628</b>	<b>7 136</b>	<b>9 615</b>	<b>7 749</b>	<b>9 821</b>	<b>11 346</b>

<sup>3</sup> Die syfers vir 2002-2003, voor die samesmelting, word teruggeprojekteer asof die samesmelting reeds plaasgevind het.



Gedurende 2007 het die Senaat voortgegaan om die **akademiese en navorsingskernbesigheid** te moniteer en te verseker dat **die belang van studente** na aan die hart van die NWU se akademiese, navorsings- en ondersteuningsinfrastruktuur lê.

**Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietype**



## Navorsing

Gedurende 2007 het die NWU voortgegaan met sy strategie om die navorsingsprofiel vanaf die huidige status van 'n onderriggebaseerde universiteit met gefokuste navorsing te ontwikkel na dié van 'n gebalanceerde onderrig-en-navorsing-universiteit. Spesifieke fondse is vir die inisiëring van 'n verskeidenheid navorsingskapasiteitsbouprogramme asook vir navorsingstoerusting geoormerk.

Ten einde die navorsingsdoelwitte te bereik wat in die nuwe strategie vervat is, het die Universiteit begin om:

- beduidend in navorsingsinfrastruktuur te belê;
- die navorsingsentiteit-bestuursmodel te optimaliseer;
- beduidend in kapasiteitsbou te belê;
- sy innovasieaktiwiteite met sy tradisionele kernbesigheid te belyn;
- innoverende, samewerkende navorsingsnetwerke wat 'n impak het, te vorm;
- toenemend op platformprojekte met multidissiplinêre omvang te fokus; en
- sy postdoktorale program beduidend uit te brei.

In hierdie opsig is die volgende mylpale vir die jaar ter sake:

- Navorsingsinfrastruktuur is verbeter deur die NWU se voortgesette belegging in duur toerusting. Gedurende 2006 is R13,9 miljoen vir navorsingstoerusting en algemene navorsingskapasiteitsbou toegewys, vergeleke met R3 miljoen gedurende die vorige jaar. In 2007 is 'n verdere R10 miljoen vir die jaar toegewys, wat belegging in 'n Sentrum vir Hoëprestasie-berekening ingesluit het.

- Die Navorsingsentiteit-bestuursmodel is goedgekeur en is in 'n gevorderde stadium van implementering.
- Navorsingskapasiteitsbou gaan voort. 'n Aantal opleidingsseminare is byvoorbeeld vir navorsers oor die skryf van voorstelle en voorleggings aangebied. Waar toepaslik, beklemtou kampusse die bevordering van kwalifikasies van akademiese personeellede. Die behaal van die nodige verdere kwalifikasies het deel geword van die taakprestasie van individue en lynbestuurders.
- 'n Aantal nuwe samewerkende navorsingsnetwerke of platformprojekte is verder ontwikkel, geïnisieer of tot stand gebring, soos die DWT-Waterstofbevoegdheidssentrum, die DTI-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging en die Sentrum vir Metaboliese Defekte.
- Die getal postdoktorale genote het van 19 gedurende die vorige jaar tot 34 in 2007 toegeneem.
- Daar was ook 'n beduidende toename in die getal NWU-navorsers met Nasionale Navorsingstigting-graderings (NNS-graderings). Op 31 Desember 2007 het die Universiteit 95 NNS-gegradeerde navorsers gehad, soos volg:
  - A-graderings: 2
  - B-graderings: 9
  - C-graderings: 65
  - P-graderings: 1
  - Y-gradering: 14
  - L-graderings: 4

Altesaam 36 personeellede het in 2007 aansoek of heraansoek om NNS-gradering gedoen. Hiervan is die uitslag van 33 aansoeke tot op datum ontvang:

- 33 navorsers het 'n gradering ontvang.

- Een is op A1-vlak gegradeer.
- Twee is op B2-vlak gegradeer.
- Twee is op C1-vlak gegradeer, 15 het C2- en ses C3-graderings ontvang.
- Twee navorsers is op Y1-vlak en vier op Y2-vlak gegradeer.
- Een navorsing het 'n L-gradering ontvang.
- As gevolg van die jongste aansoeke het die Mafikeng- en Vaaldrif-hoekkampus elk twee gegradeerde wetenskaplikes. Die Potchefstroomkampus het altesaam 91 gegradeerde wetenskaplikes.

## Nagraadse werwing

Die feit dat effens minder studente gedurende 2007 vir meesters- en doktorale studie ingeskryf was (3 455 studente in 2007, vergeleke met 3 500 in 2006), verstewig die Universiteit se doelstelling om sy poel navorsingsvaardighede te verbreed deur aktief meesters- en doktorale studente te werf.

## Aansporings vir verbeterde navorsingsuitset

- Die NNS-graderingsaansporings is hersien en verhoog ten einde dit met die NNS-omskrywings per kategorie in ooreenstemming te bring.
- Die aansporings vir navorsingsartikels is ook hersien, met die oog op motivering van personeel om meer gereeld te publiseer en die gehalte van publikasies te verbeter. Die aansporings is ontwerp om algehele publikasie-eenhede te verhoog sonder om enigsins gehalte in die gedrang te bring.

Ten einde die getal internasionale publikasies te verhoog, is die nuwe aansporingsmodel in 2007 geïmplementeer, gegrond op 'n gewigtoekenningstelsel vir 'n publikasie in internasionale en plaaslike vrytydskrifte en 'n gewigtoekenningstelsel vir die gereeldheid van die publikasie.

## Artikelekvalente gepubliseer

Die geakkrediteerde navorsingsartikelekvalente toon dat die teiken van 'n styging van 5% bereik is. Soos in die tabel hieronder aangetoon word, is dit duidelik dat die kernbesigheid van die Universiteit goed vorder.

	2004	2005	2006	2007
Artikelekvalente	271,60	318,38	351,50	358,22
Konferensieverrigtingepublikasies	3,30	7,58	7,80	13,96
Boeke	0,15	0,23	1,55	6,04
TOTAAL	275,05	326,19	360,85	378,22



	2004	2005	2006	2007
Totale navorsingsuitset	798	865	1,074	1,057

	2004	2005	2006	2007
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 750
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,20%	78,80%	78,36%	79,48%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 346
Meestersgrade toegeken	628	700	765	618
PhD's toegeken	84	85	110	124
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	275	326	361	378
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95

## Slotwoord

In ag genome die groot werkslading en die kompleksiteit van die akademiese en navorsingsaangeleenthede wat gedurende die jaar hanteer is, moet die Senaat en sy komitees en taakspanne geloof word vir die vordering wat gemaak en die leierskap wat voorsien is. Die nuwe toelatingsmodel is goedgekeur, riglyne is gegee oor die akademiese belyningsproses en sekere kritieke beleide is aanvaar, soos die beleid oor plagiaat en ander vorme van akademiese oneerlikheid of wangedrag. Die Senaat het ook die nuwe model vir die bestuur van navorsingsentiteite by die Universiteit geëvalueer en goedgekeur, wat 'n groeitrajek vir navorsers regdeur die organisasie sal skep. Hierbenewens het die Senaat voortgegaan om die akademiese en navorsingskerntätigheid te moniteer en te verseker dat die belangte van studente na aan die hart van die NWU se akademiese, navorsings- en ondersteuningsinfrastruktur lê. Die Senaat se leierskap verseker die NWU se geloofwaardigheid as 'n universiteit wat die hoogste standarde van kwaliteit en gedrag in hul akademiese en navorsingspogings onderskryf.



Dr T Elof  
VOORSITTER VAN DIE SENAAT



As die hoogste akademiese beheerstruktuur binne die NWU keur die Senaat alle akademiese programme en akademies verwante werk goed, wat insluit **onderrig-leer**, navorsing en innovasie en die implementering van kundigheid.

# VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Ná die verkiesing wat teen die einde van 2006 gehou is, het die eerste permanente Institusionele Forum van die Universiteit op 1 Maart 2007 sy konstitueringsvergadering gehou. Die proses van die stigting van die Institusionele Forum, wat die tussentydse struktuur vervang wat ná die samesmelting-inkorporasie in plek gestel is, is deur die Institusionele Registrateur gefasiliteer.

## Rol en samestelling van die Institusionele Forum

Ná die verkiesing wat teen die einde van 2006 gehou is, het die eerste permanente Institusionele Forum van die Universiteit op 1 Maart 2007 sy konstitueringsvergadering gehou. Die proses van die stigting van die Institusionele Forum, wat die tussentydse struktuur vervang wat ná die samesmelting-inkorporasie in plek gestel is, is deur die Institusionele Registrateur gefasiliteer.

## Lede van die Institusionele Forum vir 2007

Die IF het gedurende 2007 uit 18 lede bestaan, wat die drie kamпусse verteenwoordig. Een van die eerste take van die IF was om die lede van die IF se Uitvoerende Komitee te kies, bestaande uit 'n voorsitter, adjunkvoorsitter en sekretaris. Mnr TP Venter, 'n lid van die NWU se administratiewe personeel, het as Voorsitter opgetree, terwyl dr MSM Molefe as Adjunkvoorsitter en prof C de W van Wyk as Sekretaris opgetree het. Nadat dr Molefe as 'n werknemer van die NWU bedank het, is prof Van Wyk tot Adjunkvoorsitter verkies.

Sewe groepe belanghebbendes is in 2007 in die IF verteenwoordig, soos volg:

Raad:	Dr CJ Smit
Bestuur:	Prof ND Kgwadi
Senaat:	Proff R Roos en LM Vermeulen en dr MSM Molefe
Akademies, nie-Senaat:	Prof C de W van Wyk en dr RFA Maarman
Nie-akademiese personeel:	Mnre TP Venter, JA van der Walt en VL Mothobi
Vakbonde:	Mnr PJM van Niekerk en me J Pires-Putter
Studente:	Mnre GH Jefthas, IC Swartz, M Mofolo, M Tebakang en G Ncebeshe, en me L Bosiame



Mnr TP Venter, Voorsitter van die Institusionele Forum

## Sake wat hanteer is

Die IF is verteenwoordig in die panele wat gedurende 2007 twee senior bestuurders van die NWU aangestel het, naamlik die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling (mnr VL Mothobi) en die Institusionele Registrateur (dr NT Mosia).

Op 22 Oktober 2007 het prof M Zibi, Voorsitter van die Universiteit se Menseregtekommisie (MRK), die IF oor die rol van die MRK toegespreek in 'n dokument getitel "Aktiwiteite van die Noordwes-Universiteit se Menseregtekommisie vir 2007". Op 11 September 2007 het die IF 'n strategiese werkswinkel oor die pad vorentoe vir menseregte by die NWU gehou. As deel van hierdie werkswinkel is 'n omkeerstrategie vir die MRK ontwikkel ten einde hierdie liggaam as 'n onontbeerlike instrument vir transformasie by die NWU te posisioneer. Die Menseregtekommisie is 'n permanente subkomitee van die Institusionele Forum. Die Kommissie sal via die IF aan die Raad rapporteer.

## Slotwoord

As 'n permanente liggaam het die nuwe IF die mandaat en die vermoë om uitvoering te gee aan die belangrike adviserende rol wat die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-Statuut vir dié liggaam in die vooruitsig gestel het. Hierdie rol sal die advisering van die Raad aangaande die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale beleid oor hoër onderwys, die aanstelling van lede van die Institusionele Bestuur, NWU-beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, beleid oor bemiddeling en dispuutoplossing, die bestuur van kulturele diversiteit en die bevordering van 'n institusionele kultuur gebaseer op verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte insluit. Verder ondersteun die IF die NWU se 'doenwaardes' van integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek ten volle, wat daarop gemik is om die Universiteit vorentoe te neem op die weg na die verwesenliking van sy visie en missie, binne die parameters van die Grondwet van Suid-Afrika. ●



Mnr TP Venter  
VOORSITTER: IF



Prof C De W Van Wyk  
ADJUNKVOORSITTER: IF



**Prestasieooreenkomste** was gedurende 2007 vir alle lede van die topbestuurspan in plek, belyn met die **Institutionele Plan** en gegrond op implementeringsplanne met duidelik omskreve doelstellings.



## **OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR**

Samestelling van die Institusionele Bestuur	52
Verslag van die Visekanselier	54
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof	60
Verslag van die Institusionele Registrateur	68
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling	72
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge	78
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie	82
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasilitete	88

## **SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE BESTUUR**

**D**ie Institusionele Bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Ná die samesmelting-inkorporasie het die Universiteit 'n tweevlak-sakemodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas – bedrywighede wat strek oor twee kampusse sowel as 'n aantal leerterreine in twee provinsies. Hierdie model bestaan uit 'n kern- institusionele vlak wat konsekwendheid in die Universiteit in die geheel verseker, en drie kampusse wat as afsonderlike sake-eenhede funksioneer.

Nadat die stelsel vir meer as twee jaar lank in bedryf was, het dr T Eloff, Visekanselier, dit in 2006 as 'n behoefté geïdentifiseer dat die vorige struktuur geëvalueer word en is wysigings voorgestel om, waar toepaslik, die optimale funksionering van die Institusionele Bestuur te verseker. Op 24 November 2006 het die Raad die Visekanselier se aanbeveling aanvaar, wat die volgende veranderinge ingesluit het:


- Die portefeuilles van Institusionele Direkteure is na dié van Uitvoerende Direkteure verander.
- Die portefeuilje van die Adjunkhoof is herstruktureer tot dié van Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof.
- Die portefeuilje van die Institusionele Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie is herstruktureer tot dié van Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge.
- Die portefeuilje van die Institusionele Direkteur: Mensehulpbronne, Studente, Innovasie en Navorsing is verdeel in twee afsonderlike portefeuilles, naamlik dié van Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie en 'n nuwe portefeuilje, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling.

Die nuut herstruktureerde Institusionele Bestuur het met ingang van 1 Januarie 2007 in werking getree.

Die NWU se bestuurstuktuur word op bladsy 53 uiteengesit.

By die NWU is daar 'n duidelike verstandhouding wat betref die onder-skeie rolle van die **Raad** en **Bestuur** en **wedersydse respek** vir die bydrae wat elk tot die doeltreffendheid van die Universiteit lewer.

- Dr LK Sebego, Voorsitter van die Raad.



# **VERSLAG VAN DIE VISEKANSELIER**

Hierdie jaarverslag weerspieël die vierde jaar vandat die saamgesmelte Noordwes-Universiteit (NWU) op 1 Januarie 2004 tot stand gekom het. Dit is duidelik dat die NWU normaliteit en selfs vroeë wasdom in sommige opsigte bereik het, en dat daar in ander opsigte meer groei plaasvind of nodig is. In 'n aantal gevalle het ons reeds dit ervaar wat in organisatoriese ontwikkelingsterme die "S"-kurwe genoem word – daardie punt in 'n organisasie se groei waar nuwe ingrepe nodig is om 'n verdere, opwaartse groeikurwe te skep. Die Universiteit se Institusionele Plan vir 2008 – 2010 gee hieraan aandag.



Dr T Eloff, Visekanselier

Daar is hoë waardering in die hoëronderwyssektor en daarbuite vir die stabilitet en sukses van die NWU as 'n saamgesmelte universiteit. Hierdie positiewe persepsie is gegrond op die feit dat ons besig is om ons teikens te bereik soos in die Institusionele Plan uiteengesit. In 2007 het die NWU weer eens aansienlike vordering gemaak om homself as 'n "stabiele, lewenskragtige en entrepreneuriese universiteit" te posisioneer.

Die oorkoepelende strategiese doelwit bly steeds om teen 2010 'n doeltreffende en getransformeerde gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word.

Om verdere stukrag te verleen ter bereiking van hierdie strategiese doelwit, het Bestuur gedurende 2007 spesifiek op 'n aantal prioriteite gefokus – die verbetering in die deurvloeijsyfer, verbetering van navorsingsuitset, optimalisering van stelsels en prosesse, versekering dat die bestuursfilosofie en -prakteke binne die unitêre multikampus-konteks op alle vlakke bevorder en beoefen word, en kwaliteitsversekering. Hierdie aangeleenthede word in meer besonderhede in ander afdelings van die verslag gedeck, en slegs 'n paar uitstaande prestasies word in hierdie afdeling uitgelig:

## **Transformering van die NWU onderweg na groter eenheid**

- Die NWU het die toekenning vir die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in PricewaterhouseCoopers se jaarlikse kompetisie vir doeltreffende algemene en korporatiewe bestuur verower.
- 'n Nuwe logo en handelsmerkvestigingstrategie is aanvaar, word tans ontplooи en behoort teen 2009 deurgevoer te wees. Dit is verblywend om te sien dat die nuwe logo, met sy drie ketting-skakels en kampuskleure deur die hele NWU-gemeenskap verwelkom is as 'n simbool van beide die wesenlike eenheid en die praktiese diversiteit van die Universiteit.
- Die oorblywende strukture soos voorgeskryf deur die Statuut is suksesvol geïmplementeer en die meeste van die integrerende beleide, reëls en procedures is voltooi.

- Goeie vordering is gemaak met die stabilisering van die ERP Oracle-gebaseerde stelsel en die integrering van IT-stelsels is feitlik voltooi, wat die IT-infrastruktuur op die onderskeie kampusse op dieselfde vlak bring. Die netwerk bestaan nou uit byna 12 000 nodusse met ongeveer 180 bedieners in vier datasentrums. Dit is 'n geweldige groei vanaf slegs 50 bedieners en 'n blote 3 500 modusse in 2004. Die Mafikengkampus het die grootste voordeel in hierdie opsig geniet.
- 'n Tweede kultuur- en klimaatsopname is aan die einde van 2007 gedoen en die Universiteit se "kultuurkoëfisiënt" het van 51,8% in 2005 tot 58,3% in 2007 gestyg. Dit is baie goeie vordering, aangesien die maksimum telling wat in so 'n opname behaal kan word, 70% is.
- Die vordering betreffende 'n etiese kode en 'n gedragskode het in 2007 die vorm aangeneem van 'n fokus op vier doenwaardes, naamlik integriteit, toewyding, aanspreklikheid en respek. Die praktiese toepassing hiervan sal in 2008 voortgesit word.
- Die toepassing van die NWU se taalbeleid is in 2007 sonder enige groot probleme voortgesit. Die NWU se taalplan, wat funksionele meertaligheid bevorder, is in Junie 2007 aan die Minister voorgelê. 'n Nuwe ontwikkeling is die meertalige NWU-webwerf, waar 'n vertaalhulpmiddel ("TransTips") gebruikers help om toegang tot dokumente in ander tale te verkry.
- Die indiensnemingsgelykheidsteikens, uitgedruk in die verskillende persentasies, dui daarop dat die indiensnemingsgelykheidsprogram onverpoos voortgeduur het. Volhoubare vordering is gemaak, en teen die einde van 2007 het die personeelgelykheidsprofiel soos volg daar uitgesien:
  - Afrikane 36% (33% in 2006)
  - Wit 60% (64% in 2006)
  - Vroue 53% (55% in 2006)
- Goeie vordering is gemaak wat betref regstelling ten opsigte van geboue en fasiliteite. Bouprojekte (insluitende kleiner opgradering en makro-instandhouding) in die orde van R100 miljoen is voltooi, waarvan R45,2 miljoen op die Mafikengkampus bestee is.
- Die prestasiebestuurstelsel is verder geïmplementeer op die Mafikengkampus (tot op direkteursvlak), en op die ander twee kampusse in stand gehou.
- Die werknemerwelstandprogram is in stand gehou en verder geïmplementeer, en het 'n sosiale sport- en interaksiedag ingesluit, wat deur meer as 350 personeellede van al drie kampusse en die Institusionele Kantoor bygewoon is.



Daar is **hoë waardering** in die hoëronderwyssektor en daarbuite vir die stabilitet en sukses van die NWU as 'n saamgesmelte universiteit. Hierdie positiewe persepsie is gegrond op die feit dat ons besig is om **ons teikens te bereik** soos in die Institusionele Plan uiteengesit.

- Dr T Eloff, Visekanselier

- In 'n poging om goed presterende personeel te behou en verder te motiveer is die 10% toppresterders in elke eenheid (uitgesonderd Bestuur, dws direkteure en hoërs) aan die einde van 2007 deur 'n stel spesifieke kriteria geïdentifiseer. Hierdie personeellede (meer as 100) het bonusse ontvang en hul vergoeding is aangepas, indien nodig.

## Onderrig-leer

- Die totale studentetal van die NWU was 44 750 vir 2007, wat die NWU volgens studentetal die vyfde grootste universiteit in Suid-Afrika maak. Die groei was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n toename in aktiewe afstandstudente in verdere opleiding vir onderwysers (onderwysers in diens), met 17 540 sodanige studente wat ingeskryf was (37%).
- Die voorgraadse sukseskoers het toegeneem tot 79,5% (78,5% in 2006), insluitende meer as 16 000 afstandstudente (hoofsaaklik in die onderwys). Sommige van die initiatiewe wat geneem is om hierdie syfer te bewerkstellig het die volgende ingesluit:
  - die totstandbrenging van Aanvullende Onderrig (AO) op alle kampusse;
  - die suksesvolle instelling van die verpligte Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND); en
  - die voortsetting van Interne Programevaluering (IPE).

- Wat studente verder gehelp het, is die feit dat die NWU finansiële hulp vir studente (voorgraads en nagraads) ter waarde van meer as R150 miljoen in 2007 bestuur het. Dit het R50 miljoen van NSFAS en meer as R45 miljoen uit die Universiteit se eie fondse ingesluit.
- 'n Gesonde grondslag is gelê vir akademiese programbelyning, met die nodige struktuur in plek en die feit dat ongeveer 22% voorgraadse en 2,9% nagraadse programme belyn en in die akademiese jaarboeke vir 2008 ingesluit is.
- Die kampusse het voortgegaan om die vrugte van toegangsprogramme soos die Ikateleng-program te pluk, wat beter voorbereide eerstejaarstudente oplewer. Die Heeskoolontwikkelingsprogram het merkbare vordering gemaak in 10 skole rondom Mafikeng, en befondsing is vir werk in nog vyf skole rondom Lichtenburg verkry. Op versoek van die nasionale DvO het die NWU sewe Dinaledi-skole "aangeneem" – vier in die omgewing van Potchefstroom en drie in die Mafikeng-area. In die geheel het die grondslagprogramme op die Mafikengkampus studente ook gehelp om 'n baie hoë slaagsyfer te behaal.

- Die harmoniering van toelatingsvereistes is feitlik afgehandel en vanaf Januarie 2008 sal die NWU dieselfde toelatingsvereistes in feitlik al die fakulteite op sy kampusse hê.
- 'n Rekordtal van altesaam 11 346 grade en diplomas is toegeken, waarvan 618 meestersgrade en 124 PhD's was.
- Die graadverwerwingsyfer vir eerste grade en diplomas vir 2007 was 'n uitnemende 25,3%, op vanaf 24% in 2004. Die onderskeie kampusse het goed gevaa in hierdie oopsig, met Mafikeng op 29,3%, die Vaaldrifhoek op 24,2% en Potchefstroom op 24,9%.

## Navorsing

Daar is gedurende 2007 heelwat meer in navorsingstoerusting en infrastruktuur geïnvesteer. 'n Baie belangrike ontwikkeling in 2007 was die aanvaarding van 'n nuwe "navorsingsentiteite-model". Aan die hand van hierdie model, wat in 2008 verder ontwikkel en geïmplementeer sal word, sal vier navorsingsentiteite aan die NWU ontwikkel word, naamlik nisareas, fokusareas, eenhede en sentrums van uitnemendheid.

Die poging om die NWU se navorsingsuitset te verbeter, werp duidelik vrugte af:

- Die navorsingsuitset (die somtotaal van navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en gepubliseerde artikel-ekwivalente) het van net meer as 700 in 2004 tot 1 074 in 2006 en tot 'n geraamde 1 060 in 2007 verbeter.
- Meer as 10% van die akademiese personeel (altesaam 95) was aan die einde van 2007 NNS-gegradeerde navorsers.
- Die gradueringsyfer vir meestersgrade vir 2007 was 23,5%, wat laer is as die 28% in 2006 (toe die NWU die beste in die land was, saam met Rhodes).
- Die slaagsyfer vir PhD's vir 2007 was 15%, 'n styging vanaf 14% in 2006 (toe die NWU vierde in die land saam met UK en UJ was).
- Die getal postdoktorale studente het van nege in 2004 en 18 in 2006 tot 34 in 2007 toegeneem.

Dit is egter ook duidelik dat die navorsingsuitset op sommige gebiede 'n plato bereik het, en dat nuwe momentum nodig is. Ons is van mening dat die implementering van die nuwe navorsingsentiteite-model, sowel as meer belegging in navorsing, in die komende jare hierdie momentum sal verleen.

## Implementering van kundigheid

Wat entrepreneuriese gees betref, gaan die NWU van krag tot

krag. 'n Spesifieke raamwerk vir gemeenskapsbetrokkenheid – as noodsaklike onderdeel van die implementering van kundigheid – is teen die einde van 2007 gefinaliseer. Die NWU het nou ook 'n volledige lys van gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte op alle kamпусse, altesaam meer as 'n honderd.

Wat patente betref, is die NWU steeds die toonaangewende universiteit in Suid-Afrika, nie net met betrekking tot die aantal patente wat besit word nie, maar ook wat betref die inkomste wat uit sodanige patente verdien word. Aan die einde van 2007 het die NWU oor 33 RSA-patente beskik, waarvan ses ook in die VSA geregistreer is.

Die NWU het in die loop van 2007 nog 'n newemaatskappy tot stand gebring. Dit bring die totale aantal newemaatskappye sedert 1999 op 14 te staan. Die NWU het sewe filiale en verwante maatskappye.

## Kwaliteit

Die NWU se kwaliteitsbeleid is hersien en die interne programoorsigte voortgesit. Goeie vordering is gemaak wat betref die voorbereiding vir die HOKK-audit en ten spyte daarvan dat die HOKK 'n verandering in die datum van die Institusionele Oudit (naamlik Maart 2009) aangekondig het, het die NWU besluit om nie die momentum te verloor wat reeds deur die selfevalueringsproses opgebou is nie. Goeie vordering is gemaak met die opstel van die selfevalueringsportefeuilje.

## Posisionering van die NWU

Spesifieke projekte met betrekking tot die posisionering van die NWU in die hoëronderwyslandskap het die volgende ingesluit:

- Die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus is in April 2007 van stapel gestuur, en funksioneer goed.
- Die Nagraadse Loopbaansentrum is aan die einde van 2007 in die lewe geroep, en sal teen die einde van Junie 2008 volledig in bedryf wees.
- 'n Kantoorkamer vir Institusionele Bevordering (fondsinsameling) is tot stand gebring.
- 'n Inisiatief om 'n klein netwerk van eendersdenkende universiteite tot stand te bring, wat bestaan uit die NWU, London South Bank University, Vrije Universiteit van Amsterdam en Montclair State University in die VSA, is met 'n suksesvolle werkswinkel op 10 en 11 November 2007 van stapel gestuur. Dit sal aan die einde van 2008 voortgesit word.



## Finansies

Die NWU is geseen, nie net met hardwerkende en entrepreneuriese personeel nie, maar ook met sterk finansiële bestuurders. Die finansiële resultate vir die afgelope vier jaar is 'n duidelike aanduiding hiervan. Die NWU kon die einde van die 2007- finansiële jaar met nog 'n gesonde algehele surplus van R85 miljoen afsluit. Selfs indrukwekkender is die feit dat selfgegenereerde inkomste van R441 miljoen in 2006 tot R578 miljoen in 2007 toegeneem het, hoofsaaklik as gevolg van 'n wesenlike toename in inkomste uit navorsingskontrakte.

Dit is duidelik dat die NWU se strategie om stabiliteit in ons kernbesigheid te verseker terwyl ons nuwe instelling op 'n beplande en volhoubare wyse getransformeer word in ooreenstemming met die doelwitte soos in die Institutionele Plan uiteengesit word, besig is om vrugte af te werp. Die volgende tabel toon dit grafies aan:

	2004	2005	2006	2007
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 736	44 750
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,2%	78,8%	78,5%	79,5
Gradueringsyfer (getal grade as % van totale studentetal)	24%	20%	25,3%	25,3%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 821	11 346
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618
PhD's toegeken	87	82	110	124
Artikelekquivalente gepubliseer (totaal)	275	327	361	375*
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95
Totale navorsingsuitset**	798	865	1 074	1 060*
Totale begroting	R953m	R1,080m	R1,253m	R1,420m
% inkomste vanaf regering	45,1%	43,2%	42,8%	39,8%
Selfgegenereerde inkomste***	R311m	R371m	R441m	R578m
Finansiële surplus/tekort (herhalende items)	R25,8m	R53,8m	R62,6m	R65,5
Infrastruktur: makro-instandhouding	R20,9m	R17,8m	R32,1m	R54,1m
Kapitaalbesteding aan nuwe geboue	R5,9m	R29,3m	R44,5m	R46,8m

\* Geraam

\*\* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in

\*\*\* Sluit akkommodasie, goedere en dienste wat verkoop is, kontrakwerk, patente en lisensiegelde in

In 2007 het die NWU weer eens aansienlike vordering gemaak  
om homself as 'n "**stabiele, lewenskragtige** en  
**entrepreneuriese universiteit**" te posisioneer.

- Dr T Eloff, Visekanselier

## Slotwoord

Met hierdie prestasierekord het ons goeie vordering gemaak en voortgebou op die vorige jaar se stewige fondament, ten einde ons missie te bereik om 'n getransformeerde en gebalansseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word. In die volgende fase kan die NWU versnel op pad na verhoogde eenheid en kwaliteit.

Ek spreek graag my dank uit teenoor alle studente en personeel wat tot hierdie uitnemende prestasie bygedra het. Bestuurders regdeur die NWU se vier sake-eenhede moet ook bedank word. Meer spesifiek het lede van die Institusionele Bestuurspan (insluitende die drie kampusrektore) uitnemende diens aan die NWU gelewer.

In die laaste instansie het die Raad van die Universiteit die Bestuur in 'n gees van kritiese solidariteit ondersteun. Hulle het ons tot nuwe hoogtes aangevuur. Ek wil afsluit met 'n spesiale woord van dank aan die voorstitter van die Raad, dr Lydia Sebego, sonder wie se wysheid en vasbeslotenheid dit nie moontlik sou wees nie. ☺



Dr T Elof  
VISEKANSELIER



# **VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF**

## **Portefeuiljehoogtepunte vir 2007**

- Die NWU-loopbaansentrum is tot stand gebring en sal in die 2008- akademiese jaar volledig in werking wees.
- Meer as 3 700 Aanvullende Onderrig-sessies is aan studente in risikomodules op drie NWU-kampusse aangebied.
- Grondslagprogramme in Wetenskap en Handel is in die BSc- en BCom-graad ingesluit om uitgebreide graadprogramme tot stand te bring.



Dr MN Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof

Die fokus op akademiese transformasie en versnelde organisatoriese eenwording het in 2007 voortgeduur; hierdie portefeuilje het sekere bykomende verantwoordelikhede ontvang wat vir sy onderrig-leer-mandaat toepaslik is, terwyl sekere programme wat nie regstreeks daarmee verband hou nie, weggeneem is. Verantwoordelikheid vir Toegang en Toegangsprogramme is bygevoeg, en so ook die nuutgevestigde NWU-loopbaansentrum, terwyl Internasionale Skakeling na die kantoor van die Institusionele Registrateur verskuif is. Die portefeuilje het verantwoordelikheid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, die Kwaliteitskantoor en Biblioteekdienste behou.

### **Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning**

Hierdie eenheid se hoofprioriteite vir die jaar was om die belyning van die NWU se akademiese programme en beleid verder te voer en Aanvullende Onderrig (AO) vir studente in risikomodules te implementeer. Nog 'n prioriteit was om die Universiteit se akademiese vaardigheidsbasis te verstewig deur die gekonsolideerde Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU), asook deur gestandaardiseerde opleiding vir nuwe dosente.

#### **■ Akademiese beleidsbelyning**

Groot sorg word aan die dag gelê om te verseker dat akademiese belyning, 'n noodsaaklikheid ná die samesmelting in 2004, op 'n gesonde beleidsraamwerk gevestig is. Onder hierdie portefeuilje se leierskap het die NWU gedurende die jaar beduidende vordering gemaak met die opstel van belynde akademiese beleide en met die voorlegging daarvan aan die Senaat vir goedkeuring. Beleide wat gedurende 2007 deur die Senaat goedgekeur is, was dié vir Onderrig en Leer, Assessering en Moderering, en Erkenning van Vorige Leer, asook die Studiegidsbeleid. Hierbenewens het die Senaat die riglyne vir die skryf van studiegidse en die tweede weergawe van die handleiding vir akademiese programbelyning goedgekeur. Laasgenoemde het een van die belangrikste uitstaande kwessies in die belyningsoefening uitgeklaar: die struktuur van algemeen vor-menteerde grade wat betref krediete en getalle modules per NKR-vlak. In hierdie oopsig sal 'n institusionele besluit oor die implementering van Kritieke Kruisterrein-uitkomste gedurende 2008 geneem word.

## ■ Akademiese programbelyning

As gevolg van die samesmelting het die NWU 'n aantal akademiese programme geerf wat mekaar geduplikeer het of aan die taan was, en tegelykertyd ook 'n wesenlike getal wat vir die NWU van strategiese waarde is. Die doel van akademiese programbelyning is dus om die oorvleueling van oortollige aanbiedinge te rasionaliseer, programme met strategiese waarde te verstewig en eenvormigheid ten opsigte van standarde en strukture te bewerkstellig.


Daar was ook 'n sterk fokus gedurende die jaar op die implementering van die beleid en procedures wat deur die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) gestel is. Dit het tot die indiening van 63 aansoeke vir akademiese programme by IKAS gelei, asook tot 76 aansoeke vir kortkursusse.

Op 1 Januarie 2007, die aanvang van die akademiese jaar, het die NWU altesaam 705 programme aangebied, waarvan 355 voorgraadse aanbiedinge en 350 nagraadse aanbiedinge was. Teen die einde van die jaar het 22% van die voorgraadse programme en 2,9% van die nagraadse programme die belyningsproses deurloop, soos die volgende tabel toon:

Telkaart tov akademiese programbelyning		
Belyningstap gedoen	Voorgraadse programme	Nagraadse programme
Getal programme belyn	34	2
Getal programme uitgefaseer	44	8
Getal programme belyn en gerasionaliseer	78	10

## ■ Ontwikkeling van akademiese personeel

Die twee belangrikste akademiese personeelontwikkelingsaktiwiteite van 2007 was die konsolidasie van die implementering van die Institusionele Toekenning vir Onderrig-uitnemendheid (ITOU) op al drie kampusse en die voortgesette aanbieding van die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND).



Dr J Jacobsz  
Direkteur:  
Kwaliteits-  
kantoor

Dr MN Takalo  
Uitvoerende Direkteur:  
Onderrig-Leer en  
Adjunkhoof



Prof S Coetzee-  
Van Rooy  
Direkteur:  
Akademiese  
Ontwikkeling en  
Ondersteuning

Die maak van die eerste ITOU-toekenning aan akademici van die Mafikengkampus vir 2007 is 'n **historiese gebeurtenis** vir die Kampus en daar word voorsien dat die ITOU-proses gedurende 2008 selfs **groter momentum** op die Mafikengkampus sal kry.

Die ITOU het die voormalige PU vir CHO se VERKA-toekenings vervang. Tans kwalifiseer al die NWU se akademiese personeel vir die nuwe ITOU-toekenings, wat daarop gerig is om dosente aan te moedig om hul onderrigvaardighede te ontwikkel en te demonstreer dat hul onderrigpraktyke op gesonde uitkomsgebaseerde onderrigbeginsels geïndroneer word. Die ITOU het die voormalige PU vir CHO se VERKA-toekenings vervang. Tans kwalifiseer al die NWU se akademiese personeel vir die nuwe ITOU-toekenings, wat daarop gerig is om dosente aan te moedig om hul onderrigvaardighede te ontwikkel en te demonstreer dat hul onderrigpraktyke op gesonde uitkomsgebaseerde onderrigbeginsels geïndroneer word.

Die ITOU-keuringsproses wat gedurende die vorige jaar deur die Senaat goedgekeur is, behels observasie van drie kontaksessies deur 'n evalueringspaneel, studenteterugvoer oor onderrig, bewys van innoverende strategieë vir en benaderings tot onderrig-leer, asook die evaluering van 'n onderrigportefeuille. Kandidate wat die ITOU-prestigetoekenning ontvang, kry 'n bedrag van R18 000 vir verdere professionele ontwikkeling, en dié wat tussen 75% en 79% van die kriteria behaal, kry R12 000. Die suksesvolle kandidate ontvang hul toekenings by 'n prestigefunksie wat deur die Adjunkhoof en die Visekanselier van die NWU aangebied word.

Die gekonsolideerde toekenings is vir die eerste keer in 2007 aan altesaam 39 akademiese personeellede gemaak, waarvan vyf van die Mafikengkampus, 29 van die Potchefstroomkampus en vyf van die Vaaldriehoekkampus was. Van die 39 toekenings wat gemaak is, was 10 ITOU-prestigetoekenings, 19 standaardtoekenings en 10 ontwikkelingsbaan-toekenings. Die maak van die eerste ITOU-toekenning aan akademici van die Mafikengkampus vir 2007 is 'n historiese gebeurtenis vir die Kampus en daar word voorsien dat die ITOU-proses gedurende 2008 selfs groter momentum op die Mafikengkampus sal kry.

Die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) is gedurende 2006 ingestel, en die implementering daarvan is tot in die oorsigjaar verleng. Die kursus stel nuwe akademiese personeel bekend aan beste praktyke en nuwe tendense in hoër onderwys, bemagtig hulle om leer te faciliteer en effektiewe leeromgewings te skep, asook om betroubare leerderassesserings te doen, terwyl dit hulle ook bekendstel aan die NWU se navorsings- en ondersteuningstrukture en die grondslag- en etiese kwessies in die wetenskap. Hierbenewens bied dit aan akademiese personeel van alle kampusse die geleentheid om hul ervaringe met ander te deel en hulle in te lig oor waar om toepaslike ondersteuningsdienste vir onderrig-, leer- en navorsingsaktiwiteite te vind.

Negentig personeellede het gedurende 2007 die IKNL bygewoon, vergeleke met 54 gedurende die vorige jaar.

### Akademiese ontwikkeling vir studente

Regdeur die jaar het die NWU voortgegaan met die implementering van Aanvullende Onderrig (AO) oor die al die kampusse heen. AO word wyd deur universiteite en kolleges dwarsoor die wêreld aangewend, en navorsing het getoon dat studente wat aan AO-programme deelneem, neig om beter akademiese resultate te behaal as diegene wat nie van enige ondersteunings- en ontwikkelingsprogramme gebruik maak nie. Met die oog op die verbetering van studente-deurvloesyfers het die Senaat in 2006 die implementering van AO op institusionele vlak goedgekeur, wat die implementering van die proses in 2006 en die verdere uitbreiding daarvan in 2007 tot gevolg gehad het. As deel van die implementeringsproses is studentefasiliteerders op alle kampusse opgelei, is die studente-akademiese ontwikkelaars in die kampus se eenhede vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO) ondersteun en het die Institusionele Kantoor geselekteerde kwaliteitsversekeringsaktiwiteite met die oog op standaardisering van AO-aktiviteite uitgevoer.

'n Toegewyde AO-bestuurder is in September aangestel om toesig oor die instellingwye implementering te hou, wat meer as 140 fasilitateerders en meer as 3 700 AO-sessies behels het. Hierdie aanstelling het die vermoë verbeter van die institusionele AOO-kantoor om toesig oor die implementering van AO op al die kampusse vir die res van 2007 te hou, en veral gedurende 2008. Een van die belangrikste uitdagings in 2008 bly die konsolidering van die gestandaardiseerde implementering van AO op al die kampusse.

**Op 1 Januarie 2007, die aanvang van die akademiese jaar, het die NWU altesaam 705 programme aangebied, waarvan 355 voorgraadse en 350 nagraadse aanbiedinge was.**

Die tabel hieronder voorsien AO-implementeringstatistiek op al drie NWU-kampusse gedurende die oorsigjaar.

Kampus	Modules wat AO implementeer	Fakulteite/ skole/ program-deelname	AO-Fasilitieerdeurs	AO-sessies gefasiliteer	Getal studente wat bygewoon het	% risiko-modules op K-skyf waarin AO ontplooïs	Vergoeding in 2007 aan SI-fasilitieerdeurs betaal
Mafikeng	34	4	20	Sien nota	Sien nota	12,2%	Geen inligting nie
Potchefstroom	72	7	96	2 499	24 990	2,3%	R92 734,46
Vaaldrifhoek	51	7	33	1 229	12 290	21,3%	R45 999,40
<b>TOTAAL</b>	<b>157</b>	<b>18</b>	<b>149</b>	<b>3 728</b>	<b>37 280</b>	<b>35,8%</b>	<b>R138 733,86</b>

*Let wel: Implementering van AO op die Mafikengkampus is in proses vir die eerste semester van 2008. Die eerste verslag oor AO-sessies wat aangebied is, sal aan die einde van Julie 2008 beskikbaar wees. Die aanstelling van 'n toegegewye AO-koördineerder vir die Mafikengkampus met strategiese befondsing deur die Kampusrektor sal die kapasiteit van AOO om intydse verslae oor AO-implementering te voorsien, in 'n groot mate verbeter.*

Ander hoogtepunte van akademiese ondersteuningsdienste aan studente in 2007 was:

- Die voortgesette opgradering van lesinglokale op al drie kampusse. Tot op datum is 135 lesinglokale opgrader en nog 46 is vir opgradering geïdentifiseer. Die begroting wat vir die program toegewys is, beloop R3,2 miljoen. Lesinglokale word opgrader met die installering van videodataprojektor-toerusting. Dit sluit 'n klein gebou in wat nodig is om die nuwe toerusting en die sekuriteitstelsel te huisves.
- 'n Eksterne oorsig van die NWU se belyning van studentesteundienste dwarsoor die kampusse. Dit is gedoen deur prof Nan Yeld van die Universiteit van Kaapstad, wie se verslag in Maart 2008 verwag word.
- Die toewysing van R3,3 miljoen uit strategiese fondse vir die implementering van 'n studiegidsontwikkeling- en produksieproses op die Mafikengkampus, met ontwikkeling van kapasiteit en infrastruktur as die hoofelemente van die implementeringsplan. Die produksie van 41 studiegidsse binne die institusionele studiegidsproses in 2007 was 'n bykomende sukses.

## ■ Toegangsprogramme

Gegewe Suid-Afrika se vaardigheidstekorte in die natuurwetenskappe en handel is die NWU oortuig dat dit belangrik is om by te dra tot die verbreding van die poel van vaardighede van skoolverlaters wat gereed is om met tersiêre studie in hierdie dissiplines te begin. Met hierdie aspek in gedagte neem die Universiteit deel aan programme wat daarop gerig is om die vaardighede van onderwysers in wiskunde, wetenskap en tegnologie te verbeter. Die NWU poog ook om kwalifikasies in handel en die wetenskappe meer toeganklik te maak deur toegangs- of grondslagkursuskomponente in sy BSc- en BCom-graad in te sluit.

## ■ Grondslagprogramme in wetenskap en handel

Die 2007- akademiese jaar was die eerste jaar waarin die uitgebreide BSc- en BCom-graadprogramme in werking was, wat grondslagprogramme in wetenskap en handel ingesluit het. Die toelatingsvereistes wat voorheen gebruik is, is aangepas om 'n M-telling van vier en 'n gemiddelde van 40% in Gestandaardiseerde Assesseringstoetse vir Toegang en Plasing ("SATAP") in te sluit.

Die volgende inligting weerspieël die statistiek vir 2007:

Stroom	Getal aanbeveel vir toelating	Getal geregistreer	Hoogste M-telling	Hoogste SATP
Handel (BCom-e)	282	220	21	83
Wetenskap (BSc-e)	180	101	19	64

Hierdie inisiatief het goeie resultate opgelewer, soos in die tabel hieronder aangetoon word, wat die slaagsyfers vir elke toepaslike module weerspieël. Gevolglik het die NWU 'n voorstel vir tweederondte-befondsing aan die Ford-stigting voorgelê, terwyl die eerste rondte met R7,2 miljoen deur die regering befonds is.

## ■ Impak van grondslagprogramme op studenteprestasie in 2007

Module	Getal studente wat eksamen geskryf het	Getal studente wat geslaag het	% studente wat geslaag het
Rekeningkunde 111	185	127	68,6
Rekeningkunde 121	193	125	64,8
Ekonomiese 111	201	154	76,6
Ekonomiese 121	198	146	73,7
Bestuur 111	199	156	78,4
Bestuur 121	199	166	83,4
Biologie 111	92	78	84,8
Biologie 121	96	93	96,9
Chemie 111	99	56	56,6
Chemie 121	97	59	60,8
Fisika 111	98	92	93,9
Fisika 121	93	80	86
Rekenaars 111	298	250	83,9
Rekenaars 121	289	202	69,9
Wiskunde 111	298	223	74,8
Wiskunde 121	246	201	81,7
Komm- & Studievaardighede 111	296	252	85,1
Komm- & Studievaardighede 121	302	247	81,8

Bo en behalwe die grondslagprogramme het die NWU ook steeds aan die Sediba-projek en die Program vir die Verbetering van Onderwysgehalte ("EQUIP") deelgeneem.

Vir die Sediba-projek, wat die vaardighede van wiskunde-, wetenskap- en tegnologieonderwysers verbeter, was die algehele slaagsyfer onder die 43 deelnemende opvoeders 89%. Vyf van die 40 opvoeders het met onderskeiding geslaag.

EQUIP is 'n holistiese skoolontwikkelingsprogram wat fokus op leierskap, bestuur en beheer van leer by geselekteerde skole in die Noordwes-provincie. Onder die deelnemende skole was daar 'n bemoedigende verbetering in die 2007-matriekresulata vergelyk met 2006.

## Institutionele Kwaliteitskantoor

Die Universiteit se kwaliteitsoriëntasie word duidelik weerspieël in die nuut goedgekeurde kwaliteitsbeleid en die Institutionele Plan. Die Kwaliteitskantoor koördineer kwaliteitsverzekering regdeur die instelling en bied 'n kwaliteitsverzekering-ondersteuningsdiens aan alle akademiese en ondersteuningsfunksies.

In 2007 het die Kantoor die eerste Eksterne Programevaluering (EPE) sedert die samesmelting in 2004 uitgevoer. Sommige programme het 'n interne programevaluering (IPE) ondergaan, en drie van hierdie programme, een van elke kampus, is daarna vir eksterne evaluering gedurende die tweede helfte van die jaar geselekteer. Verder het die Hoëonderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) verskeie nasionale oorsigte van opvoedkundeprogramme gedoen, insluitende twee van die NWU se opvoedkundeprogramme, waarvoor volle akkreditering toegestaan is.

Die resultate wat uit hierdie programevalueringen en nasionale oorsigte voortgespruit het, is deur die onderskeie kampus-bestuurstrukture bestuur, en die data wat uit hierdie oefeninge verkry is, het programeienaars in hul betrokkenheid by die akademiese programbelyningsproses gehelp.

Die kwaliteitskoördineerders van die kampus-AOO-eenhede het vir die eerste keer die Institutionele Kwaliteitskantoor ondersteun deur Fakulteite op versoek met die selfevalueringsproses behulpsaam te wees, en deur die doeltreffendheid te evaluer van studiegids wat vir die EPE-proses voorsien is, sowel as die toepaslikheid van die vlak van eksamenvraestelle wat vir die EPE-proses voorsien is.

Gedurende 2007 het sommige van die ondersteuningsdiens-bestuurders begin met die herontwikkeling en opgradering van hul kwaliteitshandleidings, waarin elke eenheid se prosesse en die kwaliteitsverzekering daarvan uitgelig word. Dit het die weg berei vir verdere pogings ter versekering van belyning tussen kampusse se ondersteuningsdienste en die prosesse en procedures wat gevvolg word ten einde toepaslike ondersteuning en diens aan die kernbesigheid van die Instelling te lewer.

In die lig van die HOKK se Institutionele Oudit in Maart 2009 is die vyfde konsep van die selfevalueringsportefeuille aan 'n seleksie van kritieke lesgers vir kommentaar beskikbaar gestel. Die HOKK-Kwaliteitsoudit-projekspan, bestuur vanuit die Projekkantoor binne die kantoor van Visekanselier, sal die selfevalueringsportefeuille voor die einde van 2008 finaliseer. Verskeie tekortkominge, met verskillende risiko's wat met elkeen verband hou, is geïdentifiseer en, indien prakties uitvoerbaar, die hoof gebied. Oorblywende hoërisiko-tekortkominge word gedokumenteer en daar word daarvolgens opgetree. Dit sal in die hersiene Kwaliteitsplan ingesluit word wat vir voorlegging aan die NWU-senaat gedurende 2008 geskeduleer is. Die hersiene Kwaliteitsplan is in noue samewerking met die HOKK en die Finse projek vir saamgesmelte instellings opgestel.

Ten einde behulpsaam te wees met die uitbreiding van die kwaliteitsverzekeringskapasiteit van fakulteite en ondersteuningsdienseenhede is die kwaliteitsverzekeringsprocedures, -riglyne en -ondersteuningsdokumentasie op die NWU-intranet geplaas. Die inligting word gereeld bygewerk en alle personeel kan gerieflik toegang daartoe verkry.

## Biblioteekdienste

Biblioteekdienste funksioneer as deel van die akademiese strukture van die drie kampusse en rapporteer aan die onderskeie kampusbesturspanne. Sedert die samesmelting is aansienlike sinergie egter tussen die drie biblioteke geskep deur toegang tot die NWU se elektroniese inligtingshulpbronne te deel, wat oor 'n geïntegreerde webportaal en biblioteekwebblad beskik, en wat die biblioteekbestuurstelsels wat gebruik word, amalgameer.

Vir sover dit inligtingshulpbronne betref, het die rasionalisasie en uitbreiding van intekening op 'n groot aantal elektroniese databasisse en vaktydskrifte toegang op alle kampusse tot 'n verskeidenheid van akademiese inligting tot gevvolg gehad, wat vergelykbaar is met dit wat deur die beste akademiese instellings vereis word.

Nog 'n ontwikkeling wat samehorigheid ondersteun, was die amalgamasie van die biblioteekbestuurstelsels. Nadat afsonderlike stelsels na die samesmelting verskeie jare lank op die Mafikeng- en Potchefstroomkampus gebruik is, is daar vroeg in 2007 begin met die amalgamering van hierdie stelsels. Hoewel die datavalideringsproses steeds aan die gang is en die verkrygings- en katalogusdienste in Mafikeng en Potchefstroom steeds vir die oomblik op afsonderlike substelsels sal voortgaan, is die grootste gedeelte van die stelselfunktionaliteite, insluitende uitleenkategorieë asook reëls en navraetemplate, nou ten volle geïntegreer en deursigtig vir alle kampusse.

Nog 'n belangrike ontwikkeling onderweg na die integrasie van biblioteekdienste was die implementering van 'n gesamentlike webblad, wat in die laaste gedeelte van 2007 van stapel gestuur is.

Gegewe die gesamentlike gebruik van 'n groot verskeidenheid elektroniese inligtingshulpbronne, sowel as die amalgamasie van hul Innopac-dienste was dit natuurlik dat die biblioteekdienste ook na die gesamentlike aanbieding van hul dienste deur 'n geïntegreerde webportaal sou kyk. Dit is op bevoegde wyse gedurende die laaste gedeelte van 2007 bewerkstellig, met 'n biblioteekwebblad wat een gesig vir al die biblioteekdienste op al drie kampusse bied. Ons is oortuig dat beide die eenheid van die Universiteit en die behoeftes van die verskillende kampusse op hierdie wyse hanteer word.

Nog 'n voorwaartse stap vir Biblioteekdienste was die transformasie van die biblioteek op die Vaaldriehoekkampus vanaf 'n takbibliotheek tot 'n volwaardige kampusbibliotheek. Die upgradering het in 2006 'n aanvang geneem en is gedurende die oorsigjaar voortgesit. Dit behels omvattende opknappings en die ontwikkeling van 'n drie verdiepingbibliotheek wat aan studente se groeiende behoeftes aan toegang tot inligting sal voldoen.

Benewens hul lidmaatskap van die gesamentlike akademiese portefeuiljekomitee van die Adjunkhoof het die drie direkteure, sowel as personeellede op ander vlakke, gedurende 2007 ook gereeld vergader om gesamentlike sake te bespreek en te reël.

## Slotwoord

Die konsolidasie van alle akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsfunksies binne hierdie portefeuilje is besig om die geantiseerde vrugte af te werp. Dit het geleei tot beter koördinering regdeur die Instelling deur 'n enkele punt van aanspreeklikheid te skep vir funksies wat logies by mekaar hoort. Gevolglik is die omvang en konsekwentheid van lewering merkbaar verbeter. 'n Voorbeeld was die instellingwye ontplooiing van Aanvullende Onderrig (AO) wat, teen die einde van 2007, 'n totale studentebevolking van 37 280 bereik het. Nog 'n strategiese program waарoor die portefeuilje toesig gehou het, was die uitrol van die NWU se grondslagprogramme in wetenskap en handel, wat 'n bemoedigende slaagsyfer tot gevolg gehad het onder studente wat vir die uitgebreide BCom- en BSc-graad ingeskryf was. Inisiatiewe soos dié is besig om die Universiteit te posisioneer om studente se sukseskoerse te verbeter en die skaars vaardighede te bou wat vir Suid-Afrika se ekonomiese groei nodig is. ☐

Dr MN Takalo

UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF



Die **konsolidasie** van alle akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsfunksies het geleei tot beter **koördinering** regdeur die Instelling. Gevolglik is die omvang en konsekwentheid van **lewering** merkbaar **verbeter**.

# VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

In die vier jaar sedert die samesmelting het die NWU homself as 'n goed bestuurde universiteit gevestig wat sy kernbesigheid doeltreffend bedryf en wesenlik voldoen aan alle wetgewende en beheervereistes wat in die hoëronderwyssektor van toepassing is. Die kantoor van die Institusionele Registrateur het hiertoe bygedra deur te verseker dat gestandaardiseerde administrasiestelsels vir alle studente in plek is, dat Universiteitsbeleid, -prosesse en -beheerstrukture belyn is en doeltreffend funksioneer en dat rekords noulettend vir die doeleindes van bestuursbeplanning en verslagdoening in stand gehou word.



Prof CFC van der Walt, Institusionele Registrateur

Hierbenewens het die kantoor van Institusionele Registrateur 'n leidende rol in die implementering van die Universiteit se beleid van funksionale meertaligheid gespeel, 'n gebied waarop die Instelling as 'n sektorleier erken word, asook in die bevordering van 'n waardebaseerde organisatoriese kultuur wat samehorighed en 'n gemeenskaplikheid van strewe onder die Universiteitsgemeenskap inspireer.

## Dienslewering aan studente

Gedurende die 2007- akademiese jaar het die NWU se studente voordeel uit gestandaardiseerde administrasiestelsels en prosesse vir registrasie, eksamens en gradeplegtighede geput ná die suksesvolle implementering van die Varsité-studentestelsel (VSS) op al drie NWU-kampusse gedurende die vorige jaar. Die Institusionele Registrateur het die VSS gedurende die jaar 'n stap verder gevoer deur die omskakeling daarvan na die Java-weergawe, wat die gehalte en gerief van studente se ervaring van die NWU se administratiewe funksies verder sal verbeter. Die omskakeling sal ook die VSS in staat stel om vanaf die einde van 2008 vir die behoeftes van die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat voorsiening te maak.

Verskeie ander inisiatiewe is onderneem ten einde studente se wisselwerking met die NWU te verbeter, waarvan een van die belangrikste die totstandbrenging is van die Advieskomitee vir Studentesteundiens-te, wat 'n komitee is van die Raad van die Universiteit. Hierdie komitee is in September 2007 tot stand gebring om die Raad te adviseer oor die voorsiening van studentesteundiens-te, in ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Hoërondervryswyse en die NWU-statuut. Die totstandbrenging van die komitee, wat bestaan uit verteenwoordigers van bestuur en studente, is deur die Institusionele Registrateur gefasilitateer, ná 'n Universiteitswyse opname van studentesteundiens-te.

In ooreenstemming met die NWU se kultuur van 'n strewe na voortdurende verbetering in dienslewering is daar voorbereidings getref om verskeie studentgesentreerde prosesse te verbeter. Dit het die ontwikkeling ingesluit van 'n eenvormige templaat vir alle kampusjaarboeke, vir gebruik vanaf 2009, terwyl daar ook begin is met die

ontwikkeling van 'n stelsel om kortkursusse elektronies te hanter. Die belyning van alle fakulteitsjaarboeke vir die volgende akademiese jaar is in 2007 voortgesit, terwyl daar sorg gedra is dat slegs goedgekeurde, geakkrediteerde en geregistreerde kwalifikasies en programme in die jaarboeke en op die studentestelsel ingesluit word. Opgegradeerde programmatuur vir die skedulering van lesings en eksamens is geïmplementeer, en hierdie proses sal in 2008 voltooi word.

## Beleidsbelyning nader voltooiing


'n Geïntegreerde beleidsraamwerk wat konsekwent toegepas word, is 'n grondliggende element van doeltreffende, stabiele bestuur. Gedurende die jaar het die Institusionele Registrateur voortgegaan om die belyning van NWU-beleid, -planne, -reëls en -prosedures te koördineer en, waar nodig, nuwe beleid en prosedures te ontwikkel. Teen die einde van 2007 is daar nog net 'n handjievol beleide, planne, reëls en prosedure wat verdere aandag verg, en dit is geskedeuleer om teen die einde van 2008 afgehandel te wees.

Nie minder nie as 17 beleide is gedurende 2007 goedgekeur, insluitende die reëls vir die aanstelling van senior bestuurders, die kwaliteitsbeleid, die onderrig- en leerbeleid en die beleid vir assessering en moderering. 'n Volledige lys van die goedgekeurde beleide word voorsien in die Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur, wat op bladsy 29 van hierdie jaarverslag verskyn.

Ten einde konsekiente toepassing van beleid op institusionele en kampusvlak te verseker, is maandelikse vergaderings met sleutelrolspelers soos kampusregistratorse en ander lede regdeur die Universiteit geïnisieer.

## Verwesenliking van verandering in organisasiekultuur

Die Universiteit het tot stand gekom deur die samesmelting van twee voorheen afsonderlike instellings wat elk oor 'n duidelik onderskeibare etos en kultuur beskik het. Die uitdaging in die fase ná die samesmelting is om 'n inklusiewe organisatoriese kultuur en waardestelsel tot stand te bring waarmee al die lede van die NWU-gemeenskap kan identifiseer. Een van die hoofboublokke van integrasie is die aanvaarding van vier 'doenwaardes', wat ook as gedeelde instrumentele waardes bekend staan. Hierdie waardes van integriteit, toewyding,



**Die kantoor van Institusionele Registrateur het 'n **leidende rol** in die implementering van die Universiteit se beleid van **funksionele meertaligheid** gespeel, 'n gebied waarop die Instelling as 'n **sektorleier** erken word.**

aanspreeklikheid en respek is geabstraheer uit die eindwaardes van die NWU en is die sleutel tot die bereiking van gedragsveranderinge wat nodig is om 'n lewenskragtige nuwe organisatoriese kultuur te skep.

Die Institusionele Registrateur het gedurende 2007 deurgaans 'n fasiliteringsrol gespeel om die doenwaardes regdeur die organisasie in te bed, in noue samewerking met die Kerntaakspan wat tot stand gebring is om verantwoordelikheid vir veranderingsbestuur by die NWU te aanvaar. Alle personeellede neem deel aan die veranderingsoefening deur werkswinkels waarin hulle prakties demonstreer hoe hulle die doenwaardes op hul daaglike werkprosesse en aktiwiteite kan toepas. Die volgende stap, wat in 2008 gedoen sal word, is om die doenwaardes in die individuele prestasieoordeelkomsste van personeel in te sluit, asook in die beloningsprosesse van die NWU. Die finale stap sal wees om 'n samehangende Etiese Kode en Gedragkodes deur die hele Universiteit aan te neem.

## Leiding op die gebied van funksionele meertaligheid

Nog 'n kragtige transformasiehulpmiddel is die NWU se beleid oor funksionele meertaligheid. Gedryf deur die Taaldirektoraat, wat deel is van die Institusionele Registrateur se portefeuilje, het die doeltreffende implementering van hierdie beleid die Universiteit 'n rolmodel vir meertaligheid in die hoëronderwyssektor gemaak.

Gedurende 2007 is daar goeie vordering gemaak met die totstandbrenging van 'n meertalige werksomgewing. Die Taaldirektoraat het die ontwikkeling van TransTips voltooi, 'n innoverende begripshulpmiddel wat die personeelintranet in vier werkstale beskikbaar stel, naamlik Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho. Hierbenewens is die eerste NWU-nuusbrief, Eish!, in Afrikaans, Engels, en Setswana gepubliseer.

Funksionele meertaligheid word ook in die onderrig-leeromgewing toegepas. Benewens die opvoedkundige tolkdiens wat in sekere nisonderrigprogramme gelewer word, hoofsaaklik op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus, is goeie vordering gemaak met die beskikbaarstelling van voorgraadse studiegids in meer as een van die werkstale van die NWU.

In 2007 het die Taaldirektoraat, in reaksie op 'n eksterne vraag na hul dienste, 'n afsonderlike besigheidseenheid, bekend as TransVox, tot stand gebring ten einde tolkdienste en opleiding aan kliënte by verskilende opvoedkundige en openbaresektor-instellings te bied. Die Direktoraat het ook voortgesette aksienavorsing onderneem, wat die aanbieding van verskeie navorsingsreferate by vakkundige konferensies en die publisering van artikels in populêre en vaktydskrifte tot gevolg gehad het.

## Rekordbestuur

Die NWU se rekords is sy korporatiewe geheue, wat bewys voorsien van stappe wat gedoen en besluite wat geneem is, en dit verteenwoordig ook 'n lewensnoodsaaklike bate ter ondersteuning van die Instelling se daaglike funksies en bedrywigheede. Rekords ondersteun beleidsvorming en bestuursbesluitneming, en beskerm die belang van die NWU en die regte van studente, personeel en lede van die publiek wat met die NWU te make het.

Ten einde die Universiteit se rekordbestuursvermoëns te verbeter, het die Institusionele Registrateur in 2007 voortgegaan om die nuwe rekordbestuursprogram te implementeer:

- Die Rekordbestuurskomitee, met lidmaatskap oor al die kampusse en in die Institusionele Kantoor, is tot stand gebring ten einde raad oor hoëvlakimplementering te gee en word ondersteun deur 'n rekordbestuurstaakspan, wat die daaglike bestuur en implementering van rekordbestuur hanteer.
- Ses opleidingssessies is aan 143 personeellede aangebied oor "Rekordbestuur in 'n tersiere ondergrinstelling", wat 'n nasionale kredietdraende kortkursus is. Van diegene wat dit bygewoon het, het 23 persone met sukses hul portefeuilles saamgestel en die opdrag voltooi, om sodoende vir sertifisering te kwalificeer.
- Die sukses van die NWU se rekordbestuursprogram is erken toe die afdeling versoek is om die Argief- en Rekorddiens van die Noordwes-provinsie te help met die opleiding van personeellede van die provinsiale regering, en die NWU se rekordbestuurder genooi is om aanbiedings oor rekordbestuur by 'n werkswinkel van die Departement van Onderwys oor elektroniese dokumentbestuur te doen.
- Die besluit is geneem om die 2009- institusionele audit deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) as 'n loodsprojek vir die rekordbestuursprogram te gebruik voordat dit na die Universiteitsgemeenskap uitgerol word.
- Die proses ter bepaling van skedules vir die hanteering van noodsaaklike rekords en die uitbouing van die subreekse van die NWU-lêerplan se hoofreeks is voortgesit.

## Institutionele Administrasie

Hierdie afdeling se verantwoordelikhede sluit in die administrering van 'n institutionele databasis en die opstel van die 2006-jaarverslag van die Raad, wat op 30 Junie 2007 aan die Minister van Onderwys voorgelê is. Nog 'n verantwoordelikhed was die opstel van die institutionele kalender. Hierdie kalender, wat inligting oor belangrike datums soos opedae, sportgebeure, semesterdatums en vergaderingdatums vir die Institutionele Kantoor en die kampusse bevat, is sentraal deur 'n omvattende proses opgestel.

Hierdie afdeling het ook die Korporatiewe Sake en Verhoudingsafdeling bygestaan met die ontwikkeling van die nuwe NWU-intranet, met aanvaarding van verantwoordelikhed vir 'n sekere hoeveelheid van die inligting wat op die intranet gepubliseer is.

'n Belangrike hoogtepunt van 2007 was die werk wat gedoen is om die NWU se voorlegging vir PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning op te stel en in te dien. Die NWU het die eerste plek in die 2007-toekenning met die Sentrale Universiteit vir Tegnologie (SUT) gedeel.

## Regsdienste

Hierdie afdeling het voortgegaan om alle aspekte van korporatiewe regsaangeleenthede by die NWU te hanteer. Dit het die lewering van regsadvisies aan NWU-strukture, die opstel, bedeling en skikking van kontrakte met buitepartye, hantering van alle regsgedinge deur en teen die Universiteit, advies en administratiewe steun ten opsigte van studentedissipline en die handhawing van 'n elektroniese rekord- en liasseerstelsel vir kontrakte ingesluit.

## Sekretariaat

As gevolg van die aanstelling van 'n ekstra personeellid in hierdie afdeling kon die sekretariaat voortgaan om sekretariële dienste van hoë gehalte aan die Raad, Senaat en Bestuur te lewer.

## Argief en Museum

Die beleid oor Argiewe, Museums en Versamelings is in November 2007 deur die Raad van die NWU goedgekeur. Kampusrегистrateurs sal nou verantwoordelik wees vir die implementering en bestuur van hierdie beleid op die kampusse.

Die afdeling se personeel het 264 navræe hanteer, en 'n groot poging is aangewend om foto's van plaaslike fotografewe, studenteligggame en NWU-personeel te verkry. Die personeel het deelgeneem aan die rekordbestuursopleiding, die samestelling van liasseerstelsels en die rekordbehoud- en hanteringskedisles vir die Universiteit.

Die museums het 'n rekordgetal van 688 besoekers verwelkom, insluitende die oudstudenteklas van 1957 (van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys). 'n Meritesertifikaat is deur Erfenis Potchefstroom aan die Universiteitsmuseum toegeken vir die afdeling se uitsonderlike bydrae tot bewaring.

## Slotwoord

As ons terugkyk oor die jaar, is daar omvattende bewys dat die NWU 'n goed bestuurde, doeltreffende instelling is wat besig is om as 'n rolmodel in Suid-Afrikaanse hoër onderwys na vore te tree. Benewens dat dit as die bes bestuurde universiteit in die PricewaterhouseCoopers-toekenning vir Hoër Onderwys aangewys is, is die NWU 'n sektorleier in die toepassing van meeritaligheid in die werks- en onderrig-leeromgewing. Die doeltreffendheid van die NWU se studenteadministrasieprosesse, insluitende registrasie, staan ook uit, en dieselfde geld vir die vordering wat daar op die gebied van institutionele kultuurverandering en doeltreffende rekordbestuur gemaak is. As 'n sleuteldryfkrag agter al hierdie inisiatiewe is die Institutionele Registrateur trots daarop om tot die NWU se groeiende reputasie vir responsiewe, aanspreeklike lewering by te dra. ■

Prof CFC van der Walt  
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSONTWIKKELING

Om 'n bevoegde hoëprestasie-werkerskorps te hê, is 'n kritieke suksesfaktor vir alle hoëronderwysinstellings, maar dit word veral deur die NWU op prys gestel as gevolg van die Universiteit se etos van innovasie en entrepreneurskap. Om die beste talent in 'n klein dog hoogs mededingende mark te lok en te behou is 'n uitdaging wat 'n meer proaktiewe benadering vereis as wat altyd die norm in die Suid-Afrikaanse hoëronderwysomgewing was.



Mr VL Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling

Gedurende 2007 het die Universiteit begin om homself as 'n werkewer van keuse te posisioneer deur sy mensehulpbron-bedrywighede te herstruktureer ten einde 'n groter fokus op waardetoevoegende aktiwiteite soos die vergoedingstrategie, talent- en prestasiebestuur en leierskaps- en bestuurontwikkeling te verkry.


Die herstrukturering het tot gevolg gehad dat die Direktoraat Mensontwikkeling gevestig is, onder leiding van mnr VL Mothobi, wat vanaf 1 April 2007 as Uitvoerende Direkteur aangestel is. Die nuwe direktoraat bring alle mensehulpbronfunksies en -aktiwiteite by die Universiteit onder een sambrel byeen. Dit is ook verantwoordelik vir die institusionele funksie van studenteontwikkeling en -sport, met die doel om 'n lewenskragtige, goedgeorganiseerde omgewing wat bevorderlik is vir die algehele ontwikkeling van studente te bevorder en te koördineer.

## NWU-werknemers

NWU-werknemers	2006	2007
Permanent	2 635	2 779
Tydelik	2 300	2 431
<b>TOTAAL</b>	<b>4 935</b>	<b>5 210</b>

## Werknemerkategorieë

Kategorie	2006	2007
Professionele onderrig/navorsingspersoneel	1 244	1 332
Professionele uitvoerende/administratiewe/bestuurspersoneel	96	103
Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel	768	780
Tegnies	267	268
Nieprofessionele administrasie	1 941	2 152
Ambagte	35	39
Diens	584	536
<b>TOTAAL</b>	<b>4 935</b>	<b>5 210</b>



- Professionele onderrig/navorsingspersoneel
- Professionele uitvoerende/administratiewe/bestuurspersoneel
- Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel
- Tegnies
- Nieprofessionele administrasie
- Ambagte
- Diens




- Professionele onderrig/navorsingspersoneel
- Professionele uitvoerende/administratiewe/bestuurspersoneel
- Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel
- Tegnies
- Nieprofessionele administrasie
- Ambagte
- Diens

## Geslagprofiel

Geslag	2006	2007
Vroulik	2 724	2 784
Manlik	2 211	2 426
TOTAAL	4 935	5 210




Terwyl die NWU die groei in personeeltalle en koste aan bande lê, is hy steeds in staat om toereikende **mensekapitaal van hoë gehalte** vir die kernonderrig-leer- en navorsingsbedrywighede te **lok** en te **behou**



## Demografiese samestelling

Ras	2006	2007
Afrikaan	1 644	1 866
Bruin	112	141
Indiér	40	44
Wit	3 138	3 159
Onbekend	1	0
<b>TOTAAL</b>	<b>4 935</b>	<b>5 210</b>

Demografiese samestelling 2006 en 2007



## Werkerskorpstendense in 2007

In ooreenstemming met die kosteverhoudings en personeel-norme wat deur die Departement van Onderwys vir die hoë-onderwyssektor gestel word, handhaaf die NWU streng beheer oor groei in personeeltalle en -vergoeding. Die leidende beginsel wat in die Institusionele Plan gestel word, is dat totale personeelkoste as 'n persentasie van inkomste nie buite die perke van 57,5-63% moet wees nie.

'n Aanduiding van die doeltreffendheid van hierdie stappe was die minimale groei in die totale personeelkomponent van die NWU in 2007. Op 31 Desember 2007 het die Universiteit 5 210 werknehmers gehad, 'n toename van slegs 1,4% vergeleke met die vorige tydperk. Die meeste nuwe aanstellings is in die professionele onderrig/navorsing-kategorie gemaak, 'n weer-spieëling van die klem op die verstewiging van die Universiteit se kernaktiwiteite van onderrig-leer en navorsing.

Nuwe aanstellings het ook bygedra tot die NWU se fokus op inkrementele transformasie van die demografie van sy werkerskorps. Op 31 Desember 2007 het swart, Kleurling- en Indiér-werknemers 37% van alle personeel uitgemaak, vergeleke met 35,4% in 2006.

## Vergoedingsbestuur

Die sorg wat gedra is om groei in algehele personeelkoste te beperk is nie gedoen ten koste van die NWU se poging om personeel van hoë gehalte met skaars of strategiese vaardighede te werf en te behou nie. Ter ondersteuning hiervan is 'n bykomende begrotingsvoorsiening gedurende die jaar deur die Raad beskikbaar gestel. Dit het lynbestuurders in staat gestel om die vergoeding van personeellede op grond van aanwysers soos prestasie-uitset, skaarsheid en strategiese prioriteit te hersien. As deel van die poging tot beter vergoeding het bestuurders aan die einde van 2007 die 10% toppresteerders (uitgesonderd bestuur) op elke kampus en in die Institusionele Kantoor geïdentifiseer. Hierdie personeellede, geïdentifiseer op grond van konsekwent hoë prestasie, strategiese belangrikheid en/of beskikking oor skaars vaardighede, het 'n bonus ontvang en, indien toepaslik, is hul vergoeding verbeter.

## Opleiding in prestasiebestuur

Lynbestuurders van die drie kampusse is opgelei in die doeltreffende implementering van die geïntegreerde prestasie-bestuurstelsel. 'n Templaat vir die prestasieooreenkomste

van bestuurders is ook ontwerp, wat 'n regstreekse skakel tussen die doelstellings in die Institusionele Plan en individuele prestasieoordeelkoms vir 2008 skep. Die doelwit is om regstreekse belyning met die Institusionele Plan en strategiese doelstellings in die beplanning en projekimplementering van alle bestuurders te verseker.

## Nuwe erkenningsooreenkoms

Praktiese ervaring in die implementering van die vorige erkenningsooreenkoms ná die samesmelting en inkorporasie het op die nodigheid vir 'n nuwe erkenningsooreenkoms gedui. Die nuwe ooreenkoms is gesluit en gedurende November 2007 onderteken en sal doeltreffender bedings- en oorlegplegingsprosesse tot gevolg hê.

## Tweede organisatoriese kultuur- en klimaatopname

Gedurende die tweede semester van 2007 het die NWU 'n organisatoriese kultuur- en klimaatopname onder personeel laat doen, ná die aanvanklike opname wat in 2005 gedoen is. Die resultate van die jongste opname, wat op die kultuur en klimaat van die NWU gefokus het soos personeel dit ondervind, sal as spesifieke ingrepe in die Institusionele Plan geïntegreer word, met die doelwit om die organisatoriese kultuur ter ondersteuning van die NWU se visie, missie en strategiese doelstellings te verstewig. 'n Besonder bemoedigende tendens wat in 2007 opgemerk is, was die hoë responskoers op die opname onder personeel met 89% meer personeel wat in 2007 aan die opname deelgeneem het as in 2005. Nog 'n goeie tendens is die algehele positiewe verandering wat betref "kulturnoëfisiënt" van 51,8% in 2005 tot 58,3% in 2007.

## Inset deur lynbestuurders in MH-prosesse

Inligtingsessies tussen mensehulpbronbestuur en lynbestuurders het gedurende die eerste semester van 2007 plaasgevind. Die doel was om lynbestuurders met die nodige kennis en begrip ten opsigte van MH-beleide, -prosedures en -prosesse toe te rus. Die lynbestuurders het ook hul inset oor die doeltreffendheid van mensehulpbronbestuur gelewer, wat tot die verfyning van sommige prosesse aanleiding gegee het.

## Leierskap en bestuursontwikkeling

Gedurende Januarie 2007 is die welbekende strateeg en konsulent, Tony Manning, gekontrakteer om 'n reeks werkswinkels

met kampusbesture, die Institusionele Kantoor en Institusionele Bestuur te doen. Die doel was om die doeltreffende implementering van strategie te bevorder en te verbeter. Gedurende die jaar het bestuurders ook werkswinkels oor onderwerpe soos universiteitsbestuur en persoonlike doeltreffendheid bygewoon.

## Talentbestuursprogram bekendgestel

Ten einde die NWU se vermoë tot werwing, ontwikkeling en behoud van toppresteerders te verbeter, is 'n talentbestuursprogram vir akademiese personeel ingestel, wat die elemente van mensehulpbronbestuur en -ontwikkeling geïntegreer het. Hierdie program vervang nie bestaande beleid en programme vir prestasie- en vergoedingsbestuur nie, maar sal 'n geïntegreerde bestuurshulpmiddel bied om toppresterende akademiese personeel te ontwikkel en te beloon.

## Nuwe inisiatief vir personeelontwikkeling

Benewens die vaardigheidsopleidinggeleenthede vir alle personeellede is 'n spesiale inisiatief vir ondersteuningspersoneel in 2007 ingestel. Dit stel ondersteuningspersoneellede in staat om vir diplomas en grade by hetsy die NWU of UNISA te studeer. Die opsie om by UNISA in te skryf, met die NWU wat die klasgeld betaal, is ingestel ten einde studiegeleenthede aan personeellede te bied wie se werksomstandighede hulle nie toelaat om voltyds aan die NWU te studeer nie. Die doel van die skema is om werknemers aan te moedig om lewenslange leer na te streef.

## Diversiteitsbestuur

Die NWU moedig debat oor diversiteit en die deel van idees onder personeel aan, in die belang van bevordering van wedersydse begrip, waardering, respek en verdraagsaamheid. Dit is prakties geïmplementeer deur informele besprekings wat gedurende 2007 op al drie kampusse gehou is, wat uitgeloop het op die formulering van 'n diversiteitshandves deur 'n aangewese taakspan. Verder werk die Universiteit ook met London South Bank University in die Verenigde Koninkryk saam aan die formulering van diversiteitstrukture en verdere riglyndokumentasie.

Voortgesette samesprekings met personeel op die kampusse word vir 2008 beplan, asook 'n uitrolplan vir diversiteitsopleiding vir personeel op alle vlakke.

## Indiensnemingsgelykheid

Die NWU, wat hom daartoe verbind het om gelyke geleenthede vir alle werknekmers en voornemende werknekmers te skep, het die Indiensnemingsgelykheidplan gedurende 2007 suksesvol gefinaliseer en begin implementeer. Die doeltreffende bestuur van indiensnemingsgelykheid is ook op kampusvlak aangepak deur die ontwikkeling van kampusplanne en die indiening van gereelde vorderingsverslae.

Verdere implementering van die Indiensnemingsgelykheidsplan gedurende 2008 sal aktiwiteite soos gereelde personeeloorlegpleging deur die Institusionele en Kampusindiensnemings-gelykheid- en Vaardigheidsontwikkelingsforums (IGVOF's) insluit. Hierdie forums funksioneer goed en verseker 'n deursigtige proses van volledige deelname en oorlegpleging.

## Menseregte

Ten einde die Universiteit se Menseregtekommisie op 'n gesonde grondslag te plaas en dit sigbaar te maak, asook om dit moontlik te maak vir hulle om hul mandaat doeltreffend uit te voer, is die bystand van 'n regskundige gekontrakteer om 'n strategiese beplanningsoefening te lei.

Daar is besluit om die kommissie 'n subkomitee van die Institusionele Forum te maak, wat ook menseregtekwesties hanteer.

## MIV- en VIGS-program

Die Universiteit het steeds 'n aktiewe rol gespeel in die verligting van die impak van MIV/VIGS, wat betref die impak daarvan op sy interne belanghebbendes, naamlik personeel en studente, én die gemeenskap in die geheel. Met hierdie benadering as die hoeksteen van die MIV- en VIGS-beleid het die NWU se MIV- en VIGS-program kampusspesifieke behoeftes in Mafikeng, Potchefstroom en die Vaaldrifhoek hanteer.

Die was moontlik om die implementering van die program ná verskeie suksesvolle aansoeke om eksterne befondsing te versnel. Die befondsing wat in 2007 ontvang is, het 'n bedrag van R250 000 van die Onderwysdepartement ingesluit, asook R3,257 miljoen vir 'n tydperk van 17 maande vanaf die Europese Unie (EU), deur Hoëronderwys Suid-Afrika (HESA). Die NWU se MIV- en VIGS-program het ook die Institusionele Koördinerende Komitee van die Hoëronderwys-VIGS-program (HOVIGS-program) uitgemaak om HESA by te staan met die koördinering en toewysing van befondsing vanaf die EU.

Die onderskeie programme en ingrepe wat in 2007 onderneem is, word omvattend in die kampusoorsigte op bladsy 97 tot 119 van hierdie verslag gedek.

## Werknemerwelstand

Werknemergesondheid en -welstand is 'n belangrike faktor in organisatoriese sukses, gegewe die potensiële impak daarvan op korporatiewe bestuur, arbeidsproduktiwiteit, afwesigheid en bedryfskoste. Die NWU het 'n goed gestruktureerde Werknemerwelstandsprogram wat die fisiese en emosionele welsyn van personeel in aanmerking neem. Werknekmers het toegang tot 'n verskeidenheid gesondheids- en fiksheidsdienste, insluitende gesondheidsdae, werk-lewebalanseringsgebeure, algemene fiksheidsprogramme, gesondheidsifting, stres- en tydsbestuurwerkswinkels en ondersteuningsgroepe.

Hierdie programme is gedurende 2007 goed bygewoon, met ongeveer 7 500 werknekmers en hul gades wat met Werknemerwelstand kontak gehad het, insluitende:

- 5 717 by die Institusionele Kantoor en [Potchefstroomkampus](#);
- 1 566 op die [Mafikengkampus](#); en
- 638 op die [Vaaldrifhoekkampus](#).

'n Eerste interkampus- sosiale dag vir personeel het in November 2007 plaasgevind, met meer as 350 personeellede wat deelgeneem het. Die doel was om 'n sin van eenheid en huiswees onder alle NWU-personeellede te bevorder.

Om die doeltreffendheid van die NWU-werknemerwelstandsprogram te evalueer, het die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) 'n evaluering gedoen van 11 van die 28 projekte wat gedurende 2007 op die Potchefstroomkampus uitgevoer is. Volgens hierdie evaluering word die totale finansiële impak van die Werknemerwelstandsprogram op R3 880 154,31 geraam – meestal in die vorm van werksdae wat deur gesondheids- en spanningsverligtingsingepe bespaar is.

## Institusionele Studentesake en Sport

Die dwingende behoefte aan die koördinering van studentesake en sportaktiwiteite dwarsoor die kampusse van die NWU het die aanstelling van 'n Institusionele Direkteur: Studentesake en Sport vanaf Oktober 2007 tot gevold gehad. Die Direkteur het die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad


(IVSR) byeengeroep, waar die samestelling van die IVSR gefinansieer is. 'n Plan vir 2008 is opgestel, en die eerste aktiwiteit van die jaar is vir Januarie 2008 geskeduleer.

## Slotwoord

Terwyl die NWU die groei in personeeltalle en koste aan bande lê, is hy steeds in staat om toereikende mensekapitaal van hoë gehalte vir die kernonderrig-leer- en navorsingsbedrywighede te lok en te behou. Verskeie meganisme is geïmplementeer om die Universiteit se hoëvlak-vaardigheidspoel te koester, soos die nuwe prestasiebonustelsel vir toppresterende personeel met skaars en strategiese vaardighede. Terselfdertyd bemagtig die Universiteit personeel oor die algemeen om hul vaardighede op te gradeer, nie net deur formele en indiensopleiding nie, maar ook deur innovasies, soos die nuut ingestelde studiebystandskema vir ondersteuningspersoneel. Goeie vordering is gemaak met die versneling van die implementering van die MIV/VIGS-program, waarvoor meer as R3,5 miljoen in eksterne befondsing gedurende 2007 ontvang is, asook met die finalisering en implementering van die indiensnemingsgelykheidsplan. ●



Mr VL Mothobi  
UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSONTWIKKELING



# **VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE**

Die jaar 2007 was 'n jaar van merkbare verandering, ontwikkeling en prestasie vir die Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge (KSV). Ná die herstrukturering van die Institusionele Bestuur (IB) aan die einde van 2006 is sentrale funksies met betrekking tot institusionele bevordering en sakeontwikkeling, korporatiewe kommunikasie en korporatiewe handelsmerkidentiteit onder die KSV-departement byeengebring, wat voorheen as die Institusionele Korporatiewe Kommunikasie-kantoor (IKK-kantoor) tot stand gebring en geïdentifiseer is.



Me PP Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge

Hierdie ontwikkeling het die grondslag gelê vir die benoeming en finalisering van KSV se kernaanspreeklikhede, met inagneming van die Institusionele Plan (IP). Hierbenewens het dit positief bygedra tot die Departement se voortgesette pogings om sy kernaanspreeklikhede met die drie kampusse te belyn en te stroomlyn ten einde die IP-teikens en -aflewerbares optimaal te ondersteun.

Gedurende die oorsigjaar het die KSV-departement daarop gefokus om die NWU as 'n gevestigde, lewenskragtige, innoverende en entrepreneuriese universiteit te posisioneer wat poog om 'n verskil te maak deur kennis en innovasie na te streef. Benewens ontwikkeling en bevordering van die NWU-handelsmerk was daar 'n sterk fokus daarop om die NWU se oudstudente te betrek en te mobiliseer om fondse, borgskappe en skenkings by te dra ten einde 'n skenkingsfonds vir die Universiteit tot stand te bring.

## **Die proses van handelsmerkontwikkeling**

Die NWU se handelsmerkontwikkelingstrategie is in Maart 2007 deur die Raad goedgekeur, wat die weg vir die implementering van die nuwe handelsmerk gebaan het, gekenmerk deur 'n verder ontwikkelde logo, met die naam van die Universiteit in Engels, Setswana en Afrikaans. 'n Infaseringsbenadering wat van 2007 tot 2009 strek, is vir die uitrol van die handelsmerk aanvaar.

Een van die belangrikste uitdagings van 'n multikampusuniversiteit is om eenheid onder die samestellende dele daarvan te bevorder. Die nuwe handelsmerkstrategie was instrumenteel in die bevordering van eenheid deur die ontwikkeling van 'n sin van tuishoort by die NWU, en die posisionering van die Universiteit in die gedagtes van interne en eksterne belanghebbendes as 'n "gevestigde, lewenskragtige, innoverende en entrepreneuriese universiteit". Die aanvanklike uitrol het gefokus op verenigende simbole soos die Universiteit se vlag, kennisgewingsborde en embleme, seremoniële drag, skryfbehoeftes, promosie-items, kommunikasiemiddelle en sertifikate. Hierdie elemente weerspieël die eenheid van die NWU, maar dit gee ook 'n aanduiding van die diversiteit van die drie kampusse.

Die handelsmerkvestigingstrategie het wye aanvaarding en ondersteuning onder studente, personeel, oudstudente en ander sleutelbelanghebbendes ontvang. Dit het duidelik gevlyk uit deelname deur belanghebbendes in aktiwiteite soos die kompetisie wat in September 2007

van stapel gestuur is om 'n institusionele slagspreuk te help vind om die nuwe logo en die essensie van die handelsmerk te komplementeer. Sodra 'n finale slagspreuk gefinaliseer en deur die IB goedgekeur is, sal dit deur alle afdelings regdeur die Institusionele Kantoor (IK) en die drie kampusse vir institusionele posisionering en handelsmerkdoeleindes gebruik word.

Die NWU het aansoek gedoen om handelsmerkregistrasie van die logo in kleur en in swart en wit. Die aansoek dek die Republiek van Suid-Afrika en bied bykomende beskerming van die NWU-handelsmerk in sub-Saharalande, insluitende Botswana, Lesotho, Namibië, Swaziland, Zimbabwe, Malawi, Uganda, Tanzanië en Zambië. Hierdie vlak van beskerming is belangrik, aangesien 'n beduidende getal studente wat op die Mafikeng-kampus ingeskryf is, van lande in die sub-Saharastreek afkomstig is.

## Strategiese kommunikasie

Ten einde doeltreffende strategiese kommunikasie met alle belanghebbendes te faciliteer, het Korporatiewe Sake en Verhoudinge 'n taakspan tot stand gebring om die gebruik van geïntegreerde interne en eksterne kommunikasiekanaale te ondersoek. Hierdie funksionele belyningsproses is gemik op die stroomlyning en integrering van veelvuldige kommunikasie-middele ten einde die strategiese doelstellings van die Universiteit deur duidelike en konsekwente boodskappe oor te dra. Die span, waarin daar verteenwoordigers van die drie kampusse is, faciliteer die ontwikkeling van 'n geïntegreerde kommunikasiestrategie met duidelike rolle, verantwoordelikhede, prosesse, procedures en beleide regdeur die IK en oor die drie kampusse.

## Korporatiewe publikasies

Korporatiewe publikasies het 'n lewensnoodsaaklike rol gespeel in die oordra van strategiese sleutelboodskappe oor die Universiteit aan personeel en eksterne belanghebbendes, en het gedien as 'n middel om die nuwe NWU-handelsmerk bekend te stel en te bevorder. Hoogtepunte van die jaar was:

- Die totstandbrenging in Mei 2007 van 'n nuwe kwartaalklike interne nuusbrief, *Eish!*, wat in Afrikaans, Engels en Setswana gepubliseer word.
- Die publisering van die NWU se eerste gedrukte Jaarlikse Navorsingsverslag, wat 'n gesamentlike onderneming tussen Korporatiewe Sake en Verhoudinge en die Departement Navorsingsondersteuning was. Hierdie jaarverslag



**Mnr PFM  
Gordon**  
Direkteur:  
Institusionele  
Bevordering en  
Sakeontwikkeling

**Me PP Mmope**  
Uitvoerende Direkteur:  
Korporatiewe Sake en  
Verhoudinge

Die **nuwe logo**, met sy drie kettingskakels en kampuskleure, is deur die hele NWU-gemeenskap **verwelkom** as 'n simbool van beide die **wesenlike eenheid** en die **praktiese diversiteit** van die Universiteit.

- Dr T Eloff, Visekanselier

weerspieël die volgehoue groei in navorsingsuitset en -befondsing wat deur die Universiteit bereik is.

- Die indiening van die NWU se 2006-jaarverslag, wat die tema "2006 tot 2008 en verder" weerspieël het, aan die Onderwysdepartement op 30 Junie 2007. Die verslag is ook in Engels en Afrikaans gepubliseer as 'n strategiese be-markingshulpmiddel om die Universiteit te posisioneer en die NWU-handelsmerk te herbevestig.
- Die publisering van die Korporatiewe Profiel en die Sakstatistiek het tot die verbetering van die Universiteit se beeld onder eksterne belanghebbendes bygedra.

## Elektroniese kommunikasie

'n Geïntegreerde meertalige intranet wat werknemerbetrokkenheid en -toegang tot institusionele inligting in die hand werk, is suksesvol in Mei 2007 geïmplementeer. Die intranet inkorporeer 'n intydse vertaal- en begripshulpmiddel genaamd TransTips, wat 'n funksioneel meertalige aanlyn-omgewing skep. Die eerste twee navigasievlake van die intranet is in Afrikaans, Engels en Setswana beskikbaar, met TransTips wat vir die res van die intranet gebruik word om 16 000 van die mees gereeld gebruikte woorde te vertaal.

Nadat die NWU-intranet in Mei 2007 suksesvol van stapel gestuur is, het die fokus verskuif na die ontwikkeling van twee soortgelyke portale vir studente en oudstudente, vir implementering in 2008. Verder is 'n tussentydse NWU-tuisblad suksesvol by 'n enkele nuwe webdomeinadres van stapel gestuur, naamlik: [www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za). Die herontwerpte NWU-webwerf is geskedeuleer om in 2008 van stapel gestuur te word.

Ander interne elektroniese kommunikasiekanaale sluit die @NWU in, wat 'n daaglikse elektroniese kennisgewingnuusbrief is wat in September 2007 van stapel gestuur is, asook die maandelikse elektroniese nuusbrief van die Visekanselier, wat aan alle personeel gestuur en op die internet gepubliseer word. Soortgelyke elektroniese nuusbrieue van die kampusrektore en dringende en krisiscommuniqués is ook ontwikkel ten einde interne kommunikasie te faciliteer.

## Eksterne kommunikasie

Gedurende 2007 het mediadekking van die NWU beduidend toegeneem, vergeleke met die vorige jaar, met meer as 2 800 berigte wat in die media verskyn het. Baie van hierdie dekking was oor gunstige ontwikkelings, soos die van stapel stuur van die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus en die toekenning

van die gesogte Descartes-prys vir Navorsing van die Europese Unie aan 'n internasionale navorsingspan met NWU-lede.

Benewens die positiewe mediadekking wat ontvang is, het die NWU aktief op toonaangewende sake- en nywerheidspublikasies gefokus om homself proaktief as nuwegerasie-universiteit vir die 21e eeu te posisioneer.

## Verhoudings met belanghebbendes

Korporatiewe Sake en Verhoudinge het agt sakedinees vir netwerkdoeleindes gekoördineer, insluitende een met die NWU se Raad van Skenkars, waar die Visekanselier, dr Theuns Eloff, in Johannesburg, Vereeniging, Pretoria, Mafikeng, Kaapstad en weer in Johannesburg as gasheer opgetree het. Die oogmerk was om strategiese verhoudinge met sleutelbelanghebbendes te smee, met die oorkoepelende doel om 'n omvattende reeks ontwikkelingsvennootskappe te sluit. Dr Eloff het ook 'n reeks ontbyvergaderings met personeellede in Mafikeng, Potchefstroom en op die Vaaldriehoekkampus gehou om interne kommunikasie te faciliteer.

## Institutionele Bevordering en Sakeontwikkeling

Die afdeling Institutionele Bevordering en Sakeontwikkeling (IBSO), wat as 'n strategiese prioriteit beskou word, is in Januarie 2007 deur strategiese befondsing van altesam R750 000 van die Universiteit tot stand gebring. IBSO se hoofdoelstellings sluit in verbreding van die Universiteit se skenkarsbasis, verstewiging van bestaande vennootskappe en ontwikkeling van nuwe vennootskappe met die skenker- en sakegemeenskap, asook aktiewe mobilisering van die NWU se oudstudente, met die doel om fondse, borgskappe en donasiebydraes plaaslik, op streeksvlak, nasionaal en internasional te verkry.

Hierdie afdeling se aktiwiteite in 2007 het die opstel van 'n fondsinsamelingsbeleid en 'n register van die talle akademiese, sport-, gemeenskaps- en kommersiële projekte wat deur skenkars ondersteun word, ingesluit. Die Universiteit het altesame 62 erkende skenkarsvennote wat deur die NWU se Raad van Skenkars en in die NWU-raad verteenwoordig word. Baie van hierdie skenkars is groot korporasies, insluitende ABSA Bank, Eerste Nasionale Bank, SASOL, Telkom, Engen en Eskom.

'n Institutionele Komitee vir Bevorderingsprojekte (IKBP) is in 2007 tot stand gebring om toesig oor die prioritisering van fondsinsamelingsprojekte en die toewysing van fondse te hou.

Die smee van noue bande met skenkers, die sakewêreld en die regering het die NWU in 2007 in staat gestel om 'n groot verskeidenheid akademiese, sport-, gemeenskaps- en kommersiële projekte te inisieer, waarvan die voordeel regdeur die provinsie, die land en selfs buite Suid-Afrika se grense gevoel word.

In 2007 het hierdie afdeling en die Visekanselier ook 'n fonds-insamelingsveldtog onder sleutel-oudstudente van stapel gestuur om 'n skenkersonds vir die Universiteit tot stand te bring. Vir hierdie doel het die Visekanselier as gasheer vir 10 dinees vir oudstudente regdeur Suid-Afrika opgetree, onder meer in Richardsbaai, Durban, Witbank, Polokwane, Johannesburg, Mafikeng en Rustenburg. Drie lede van die Institusionele Bestuur het hulle daartoe verbind om vyf jaar lank R1 000 per maand tot die skenkersonds by te dra, en 44 oudstudente het hulle verbind tot die fondsinsamelinisiatiewe wat aanvaar is om die fonds tot stand te bring.

Die KSV-departement het ook met die drie kampusse in gesprek getree om 'n prakties uitvoerbare proses te ondersoek om oudstudentverwante funksies te stroomlyn en te belyn, ten einde doeltreffende bestuur van die Universiteit se oudstudente in die toekoms te verseker.

## Slotwoord

Met 'n finale handelsmerkstrategie wat goedgekeur en in die proses van implementering is, het die NWU in wese die integrasieproses ná die samesmelting voltooi. Die nuwe logo en korporatiewe identiteit bewys reeds hul waarde as verenigende simbole wat by belanghebbendes dwarsoor die spektrum aanklank vind. Onder die banier van die nuwe handelsmerk het interaksie met belanghebbendes soos skenkers en oudstudente gedurende 2007 nuwe vlakke bereik, wat die doelwit van die vestiging van 'n oudstudent-skenkersfonds 'n stap nader bring en groeiende belangstelling in die NWU se navorsings-, innovasie- en gemeenskapsprojekte lok. Terwyl die uitrol van die handelsmerkstrategie in die loop van 2008 voortgesit word, gaan KSV die poging verskerp om die NWU as 'n gevestigde, lewenskragtige, innoverende en entrepreneuriese universiteit te posisioneer. ☺



Me PP Mmope


UITVOERENDE DIREKTEUR: KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE



Intranet



Navorsingsjaarverslag 2006



Sakstatistiek 2007



Jaarverslag 2006

# **VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE**

Gedurende 2007 het die NWU voortgegaan met sy strategie om die instelling se navorsingsprofiel vanaf die huidige status van 'n onderriggebaseerde universiteit met gefokuste navorsing na dié van 'n gebalanseerde onderrig-en-navorsing-universiteit te ontwikkel.



Prof F van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie

Vir die Direktoraat Navorsing en Innovasie behels fasilitering van hierdie transformasie toesig oor 'n multifasetprogram wat 'n balans tussen die bereiking van onmiddellike teikens en aandag aan langertermyn-imperatiewe bewerkstellig, wat die Universiteit se posisie onder die topuniversiteite van Suid-Afrika sal verseker. Hierdie imperatiewe sluit in die versekering dat die aard van navorsing wat gedoen word inpas by die nasionale ontwikkelingsagenda en groter navorsingskapasiteit bou, in die besonder onder opkomende navorsers, en 'n omgewing voorsien wat bevorderlik is vir navorsing om op die langer termyn te floreer. Kritieke suksesfaktore vir die NWU in die lok en behoud van topnavorsingstalent is die beskikbaarheid van voorpuntfasiliteite en -toerusting, toegang tot navorsingsbefondsing en -aansporings, en toereikende geleenthede om by navorsingsinisiatiewe van wêreldklas betrokke te raak.

## **Navorsingsbeleggings lewer stewige opbrengste**

Teen die bogenoemde agtergrond het die NWU oor die afgelope twee jaar sy beleggings in navorsingsinfrastruktuur en kapasiteitsbou verhoog.

Waar daar slegs R3 miljoen in 2005 aan navorsingstoerusting en -opleiding bestee is, is dit in 2006 tot R13,9 miljoen verhoog, gevolg deur 'n verdere belegging van R10 miljoen in 2007. 'n Aansienlike gedeelte van hierdie uitgawes is gewy aan die verbetering van die Universiteit se netwerk van laboratoriums, veral vir ingenieurswese en die natuurwetenskappe, en om nuwe fasiliteite te skep, soos 'n Sentrum vir Hoëprestasie-berekening.

Wat betref kapasiteitsbou was die fokus op opleiding van opkomende en gevinstigde navorsers in die skryf van voorstelle en die opstel van befondingsvoorleggings, die aanmoediging van akademiese personelede om hul kwalifikasies op te gradeer deur meestersgraad-, doktorsgraad- en postdoktorale studie te onderneem, en op die verbetering van die vlak van steun wat aan nagraadse studente voorsien word.

Wat betref navorsingspublikasies het die NWU sy navorsingaansporingsmaatreëls hersien deur 'n gewigtoekenningstelsel in te stel wat 'n onderskeid tref tussen artikels wat in plaaslike teenoor internasionale vaktydskrifte gepubliseer word. Die nuwe model van Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid (ITNU) is gedurende 2007 geïmplementeer, en is bedoel om publikasie-uitset te verhoog, veral

in internasionale vaktydskrifte, sonder om kwaliteit enigsins in gedrang te bring.

Die impak van die NWU se navorsingsbelegging kan ook waargeneem word in die toename in eksterne befondsing wat ontvang is.

In die geheel het die NWU in 2007 R89 miljoen aan eksterne navorsingsbefondsing ontvang, 'n toename van 20,22% vergeleke met 2006. Nywerheidsverwante navorsingsbefondsing het R38 miljoen beloop, terwyl agentskapsbefondsing (NNS (insluitende THRIP), SANPAD en WNK) R34 597 706 beloop het.

Hierbenewens het die NWU 'n navorsingsontwikkelingsplan opgestel en voorgelê om navorsingskapasiteit deur personeelontwikkeling, -mentorskap en -opleiding te bou, wat spesifiek op die Mafikengkampus gerig is. Hierdie poging het tot gevolg gehad dat die Departement van Onderwys se Navorsingsontwikkelingstoelae van R4,5 miljoen vir 2007 verkry is.

Wat betref die NWU se prestasie gemeet aan sleutelnavorsingsuitset was die jaar 2007 bevredigend. Die getal PhD's wat toegeken is, het wesenlik toegeneem, terwyl daar 'n afname was in die navorsingsmeestersgrade wat toegeken is. Die Universiteit het 'n 16%-stygging behaal in die getal navorsers wat by die Nasionale Navorsingstigting (NNS) geakkrediteer is. Die Universiteit het sterk groei in die program vir postdoktorale genote ondervind.

'n Oorsig van hierdie prestasies verskyn in die tabel hieronder en dek die vier jaar van 2004 tot 2007.

Prestasies	2004	2005	2006	2007
Artikelekwivalente gepubliseer	275	326	360,85	375*
Getal NNS-geakkrediteerde navorsers	73	85	82	95
Navorsingsmeestersgrade toegeken	262	293	383	313
Doktorsgrade toegeken	87	82	110	124
Postdoktorale genote	9	17	18	34

\* Insluitende 'n raming vir boeke en konferensieverrigtinge



Wat patente betref, is die NWU steeds die **toonaangewende universiteit** in Suid-Afrika, nie net met betrekking tot die **aantal patente** wat besit word nie, maar ook wat betref die **inkomste** wat uit sodanige patente **verdien** word. Aan die einde van 2007 het die NWU oor 33 RSA-patente beskik, waarvan ses ook in die VSA geregistreer is.

- Dr T Eloff, Visekanselier

Gegewe die voortgesette eksodus van navorsingsvaardighede wat regdeur Suid-Afrika se hoëonderwyssektor ondervind word, is die NWU se sukses in die uitbreiding van sy poel van NNS-gegradeerde navorsers veral noemenswaardig. Op 31 Desember 2007 het die Universiteit 95 NNS-gegradeerde navorsers gehad, insluitende een van slegs ses wetenskaplikes in die land met 'n P-gradering (Presidentstoekekening). Die gesogte P-gradering is toegeken aan prof S Ferreira in die Eenheid vir Ruimtefisika op die Potchefstroomkampus.

Ná die jongste aansoek het die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus elk twee gegradeerde wetenskaplikes.

Die tabel hieronder sit die besonderhede uiteen van die kategorieë van NNS-graderings wat op 31 Desember 2007 by die NWU van toepassing was.

Kategorie	Getal NWU-navorsers
A-graderings	2
B-graderings	9
C-graderings	65
P-graderings	1
Y-gradering	14
L-graderings	4

Sommige van die opbrengste op die Universiteit se navorsingsbeleggings sluit 'n aantal nuwe, innovrende en impakdraende samewerkende navorsingsnetwerke of platformprojekte in wat verder ontwikkel, geïnisieer of tot stand gebring is.

## Navorsingsmodel vir optimale bestuur

Die NWU is daartoe verbind om 'n maksimum opbrengs op belegging in navorsing op die lang termyn te verseker deur optimale bestuur van alle deelnemende entiteite en die inisiatiewe wat hulle onderneem. Gedurende die oorsigjaar het die

Direktoraat Navorsing en Innovasie 'n oorsig van die Universiteit se navorsingsentiteit-bestuursmodel gedoen en 'n verbeterde model begin ontwikkel en implementeer. Die nuwe model voorsien baie meer moontlikhede vir ontwikkeling en groei, en daar word verwag dat dit 'n verhoging in die kwaliteit van navorsing en innovasie, deelname, produktiwiteit, ontwikkeling en befondsing tot gevolg sal hê.

Kortliks maak die nuwe bestuursmodel voorsiening vir vier kategorieë of vlakke van navorsingsinstansies binne die NWU:

- Navorsingsnisareas: Dit is klein navorsingsgroepe, gewoonlik op 'n spesifieke NWU-kampus geleë, wat op navorsing met 'n plaaslike impak fokus.
- Navorsingsfokusareas: Fokusareas doen navorsing wat gekoppel is aan streeks- en nasionale navorsingsprioriteite en verkry minstens 50% van hul befondsing van eksterne bronre.
- Navorsingseenhede: Die werk van hierdie eenhede is gekoppel aan nasionale navorsingsprioriteite met 'n nasionale impak. Minstens 60% van hul befondsing behoort van eksterne bronre afkomstig te wees.
- Navorsingsentrums van uitnemendheid: Dié is internasionaal erkenne sentrums wat betrokke is by multidissiplinêre en transdissiplinêre navorsing. Hul navorsingsaktiwiteit moet gekoppel wees aan nasionale prioriteite en moet 'n internationale impak hê. Minstens 75% van befondsing behoort uit eksterne bronre afkomstig te wees.

## Kommersialisering skep nuwe geleenthede

Gegewe die voortgesette afname in staatsubsidiëring van hoë onderwys is universiteite gedwing om hul finansiële lewensvatbaarheid te verseker deur derdegeldstroom-inkomste. Die NWU, wat oor een van die grootste intellektuele eiendomsportefeuilles in Suid-Afrika beskik, het 'n suksesvolle rekord van kommersialisering van sy kundigheid. Kommersialisering behels dat die NWU se kundigheid beskikbaar gestel word aan die sakewêreld, nywerheid en regering deur produkverkope en lisensiérings- of tantième-ooreenkomste, sowel as deur die stigting van newemaatskappye.

Hoogtepunte van die NWU se kommersialiseringsaktiwiteite in 2007 het die volgende ingesluit:

- Die ontwikkeling van 'n raamwerk vir optimale kommersialiseringsbestuur, wat gedurende 2008 geïmplementeer sal word nadat alle betrokke belanghebbendes omvattend geraadpleeg is. Entiteite om risiko te buffer sal verder ontwikkel word, vir goedkeuring deur Bestuur.
- Die totstandbrenging van die Waterstofbevoegdheidsentrum (Waterstof-BS), 'n samewerkende vennootskap tussen die NWU en die

Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), met befondsing vanaf die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT). Die DWT het aan die NWU en die WNNR Suid-Afrika se derde DWT-Waterstof-BS toegewys, met die NWU wat die eerste vyf jaar die leiding gee. Die program sal na verwagting oor tussen vyf en 15 jaar strek en sal op waterstofproduksie, -opberging en -retikulasie fokus, asook op kodes en standarde. Die BS sal R6 miljoen per jaar vir bestuursdoeleindes ontvang, wat gelykop deur die twee vennote gedeel sal word.

- Die stigting van 'n nuwe newemaatskappy, CFAM (*Centre for Advanced Manufacturing*), met die NWU as aandeelhouer.
- Finalisering van 'n verskeidenheid innovasie- en kommersialiseringskontrakte. Die beskerming van intellektuele eiendom is 'n voortdurende poging wat akademici, lynbestuur, finansies, die navorsings- en innovasiekantore en die regskantoor behels. 'n Beleid vir die bestuur van navorsings- en innovasiekontrakte is ontwikkel en geïmplementeer.

Die NWU het ook voortgegaan om beduidende hoeveelhede inkomste deur produkverkope, lisensiëringsooreenkomste en tantième te genereer.

Die volgende tabel illustreer die omvang en waarde van die NWU se patentportefeuilje vir die vierjaartydperk vanaf 2004 tot 2007.

## Patentportefeuilje

Openbaarmakings, indienings en registrasies	2004	2005	2006	2007
Openbaarmakings			7	8
Voorlopige SA-aansoeke	2	4	6	1
SA finaal geregistreer	3	6	3	3
PSV-aansoeke	4	2	5	3
Finale internasionale registrasies	4	1	2	2
Totale getal RSA-patente		27	30	33
Modelle geregistreer (vanjaar/totaal)	1/1	1/2	0/2	0/2
Planttellersregte (vanjaar/totaal)	0/4	0/4	0/4	0/3

Let daarop dat een patent in baie lande geregistreer kan wees. Dit word hier slegs as een gerapporteer. Die NWU het ses VSA-geregistreerde patente tot op datum en vyf hangende VSA-patente.



## Patentondersteuning

Die Innoveringsfonds (DWT) ondersteun die NWU met 50% van die koste van patentering en ken aansporings aan individuele uitvinders toe.

	2004	2005	2006	2007
Bedrag aan NWU toegeken	717 226	763 380	674 202	8 013 584
Getal individue	6	10	2	4
Totaal aan individue toegeken	120 000	202 000	50 000	85 000

Steun word ontvang vir finale indienings die vorige jaar.

## Lisensiëring, tantième en produkverkope

	2004	2005	2006	2007
Nuwe lisensie-ooreenkomste	7	3	2	0
Ooreenkomste beëindig	1	1	1	1
Totale aktiewe ooreenkomste	10	12	12	11
Totale tantième-inkomste (produkverkope uitgesluit)	860 387	1 153 931	1 427 496	1 363 754
Tantième aan uitvinders uitgekeer	160 852	141 440	173 070	129 836
Bruto inkomste uit produkverkope gegrond op eie IP	1 523 415	2 228 050	4 262 250	1 659 271

## Newemaatskappye (onafhanklik, geassosieer en filiale)

	2004	2005	2006	2007
Nuwe newemaatskappye	1	1	3	1
Totale tegnologie-newemaatskappye sedert 1999	9	10	13	14
Tegnologie-newemaatskappye steeds aktief	9	9	11	11
Nuwe beleggings in maatskappye (insluitende newemaatskappye)	1	1	2	0
Getal ontrekkings/disinvesterings	1	1	0	1
NWU-filiale en geassosieerde maatskappye op jaareinde	6	6	8	7
Inkomste verkry uit disinvesterings	0	250 000	0	0

## Slotwoord

Op die gebied van navorsing en innovasie het die NWU sterk groei ten opsigte van die getal suksesvolle NNS-graderings en -hergraderings gehandhaaf, en die getal PhD-grade wat toegeken is, het wesentlik toegeneem. Die NWU het nie die sterk groei getoon wat gedurende vorige jare behaal is wat sy navorsingsartikel- en navorsingsmeestersuitsette betref nie. In 2008 sal die Universiteit voortgaan met die uitrol van die nuwe bestuursmodel vir navorsingsentiteite en die raamwerk vir optimale kommersialiseringbestuur, ten einde navorsers en uitvinders op alle kampusse in staat te stel om die voordeel van vars ontwikkelingsgeleenthede wat vir hulle geskep word, te benut. Die vooruitsigte vir voortgesette hoë prestasie in 2008 en daarna is uitstekend. ●



Prof F van Niekerk

UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE



# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

Gedurende die verslagjaar het die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasilitate daarvoor gesorg dat die Noordwes-Universiteit se finansies stabiel en gesond bly, dat die Universiteit se akademiese en studentegesentreerde fasilitate uitgebrei is om die Instelling se kernbesigheid te ondersteun, en dat goeie vordering gemaak is met die integrasie van inligtingstelsels.



Prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasilitate

Die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasilitate se portefeuilje behels onder meer die volgende:

- Om die finansies, kontantvloei, en geldmarkaktiwiteite van die NWU te bestuur
- Om die fisiese infrastruktuur van die NWU te bestuur, insluitende die beplanning en oprigting van nuwe geboue en makro-instandhoudingsprogramme
- Om die NWU se inligtingsteknologiestelsels, -programme en -infrastruktuur te bestuur

## Finansies

### Hoogtepunte:

- Na afloop van die 2007 finansiële jaar het die NWU 'n gesonde surplus van R85 miljoen getoon, wat weer eens sy posisie bevestig as een van die min Suid-Afrikaanse universiteite wat konsekwent 'n netto surplus lewer.
- Gedurende die oorsigjaar het die Universiteit se eie gegenererde inkomste gestyg vanaf R441 miljoen in 2006 tot R578 miljoen in 2007.

Vir die NWU se finansiële verslae, sien bladsy 122 tot 133.

## Fisiese Infrastruktuur en Beplanning

Die fisiese infrastruktuur van die Noordwes-Universiteit, bestaande uit geboue (R476,1 miljoen) en grond (R10,1 miljoen), is 'n strategiese bate waarvan die waarde tot die voordeel van huidige en toekomstige geslagte ontsluit moet word. Ten einde volhoubare waarde vir belanghebbendes te ontsluit, belê die NWU intensief in infrastruktuur wat die funksionering van die kernbedrywighede sal verbeter, die Universiteit se strategiese prioriteite sal ondersteun en die fokus op die generering van die skaars vaardighede wat nodig is vir versnelde ekonomiese groei in Suid-Afrika sal verskerp.

Die land se grootste vaardigheidstekorte lê in die natuurwetenskappe, ingenieurswese en handel. Om tot vaardigheidsontwikkeling op hierdie gebiede by te dra, is die NWU besig om sy netwerk van laboratoriums

en rekenaaropleidingsfasilitete oor al drie die kampusse uit te brei en op te gradeer. Gedurende 2007 is meer as R24 miljoen daarvan bestee om die onderrig- en navorsingsfasilitete uit te brei wat in dissiplines soos dieregesondheid, biochemie, chemiese en meganiese ingenieurswese en farmaseutika gebruik word. Hierdie uitgawes is verantwoordelik vir byna 29% van die totale goedgekeurde begroting vir kapitaalprojekte vir die jaar.

Nog 'n prioriteit vir die Departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning is om die veiligheid en lewensgehalte van studente te verbeter. Met dit in gedagte is R14,2 miljoen in 2007 aan die voltooiing van nuwe koshuise, R14,4 miljoen aan die opknapping van bestaande koshuise en R1,6 miljoen aan veiligheidsverwante infrastruktuur soos omheining en toegangsbeheer bestee. Hierbenewens is ongeveer R2,1 miljoen in die verbetering van parkeergeriewe vir studente, personeel en besoekers op al drie kampusse belê.

Die enigste kapitaalprojek wat op institusionele vlak ondernem is, was die opgradering van die gebou wat die Institusionele Kantoor vanaf Maart 2008 sal huisves.

Altesaam 23 kapitaalprojekte is gedurende die oorsigjaar voltooi, wat 'n belegging van R82,1 miljoen bedra het. Ongeveer 37% van hierdie bedrag is aan Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging-kontrakteurs en -verskaffers uitbetaal.

Die meeste van die groter kapitaalprojekte, makro-instandhouding en kleiner opknappingsprojekte is deur Fisiese Infrastruktuur en Beplanning ondernem. Hoewel R4 miljoen in 2007 vir kleiner opknappings toegeken is, is altesaam R4,2 miljoen daarvan bestee om sommige van die agterstande te uit te wis. As deel van die Universiteit se 10-jaarplan vir makro-instandhouding is R5,2 miljoen van die toegekende R6 miljoen gedurende 2007 aan makro-instandhouding bestee.

**'n Eksterne audit van netwerk-infrastruktur is in November uitgevoer, en daar is tot die slotsom gekom dat die infrastruktur uiters kostedoeltreffend sowel as stabiel is. Netwerkbeskikbaarheid is as baie hoog aangeslaan, bo 99%.**



**Me E de Beer**  
Direkteur:  
Finansies



**Prof IJ Rost**  
Uitvoerende Direkteur:  
Finansies en Fasilitete



**Mnr L van der Ryst**  
Direkteur: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning



**Mnr A Juyn**  
Direkteur:  
Institutionele Inligtingsteg-nologie



**Mnr WJHJ Jansen van Rensburg**  
Bestuurder:  
Geldmark



**Mnr D Rothman**  
Direkteur: Interne Oudit\*



\* Die Direkteur: Interne Oudit het vrye toegang tot die Voorsitter van die Raad, die Voorsitter van die Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur en die Visekanselier.

Die daaglikse en noodinstandhouding is deur die tegniesediens-te-departemente op die kampusse hanteer. Diensvlakoorde-komste is in plek gestel om die doeltreffendheid van hierdie funksies op die kampusse te moniteer.

## Kapitaalprojekte in 2007

Al drie kampusse het in 2007 voordeel uit die kapitaalprogram geput, hoewel die Mafikengkampus die grootste begrotings-toewysing ontvang het as gevolg van agterstande wat hul akademiese, navorsings- en studentegeriewe asook hul makro-instandhouding betref.

### Mafikengkampus

Van die R45,2 miljoen wat gedurende die jaar aan fisiese fasilitete op die Mafikengkampus bestee is, het R9,1 miljoen van die Departement van Onderwys se samesmeltingsfonds gekom. Hierdie fonds het 'n bedrag van R30 miljoen vir die makro-instandhouding van fasilitete op die Kampus voorsien, wat oor 'n tydperk van drie jaar bestee sal word en wat in 2006 'n aanvang geneem het. Op 31 Desember 2007 was R14,3 miljoen van die R30 miljoen se makro-instandhoudingstoewysing reeds benut.

Die hoofokus van die kapitaalprogram in 2007 was op die uitbreiding van sekere akademiese fasilitete en die voltooiing van die bou van koshuise. Die nuwe Dieregesondheidsfasilitet is teen 'n koste van R16,6 miljoen voltooi, terwyl R2,3 miljoen aan 'n nuwe laboratorium vir die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -Tegnologie (STSWT) bestee is, en R1,8 miljoen aan bykomende rekenaaropleidingsfasilitete. Die finale fases van die koshuisprojek is teen 'n koste van R14,5 miljoen voltooi. Hierbenewens is palisade-omheining rondom die Mafikengkampus opgerig, tesame met 'n nuwe toegangshek en toegangsbeheer vir voetgangers, terwyl verskeie parkeerterreine uitgebrei is.

Groot kapitaalprojekte wat vir 2008 beplan word, sluit fase twee van die voorsiening van ekstra laboratoriumruimte vir STSWT in, asook die bou van 'n studentesentrum, huise vir koshuisouers en ontspanningsale by die nuwe koshuise. Die makro-instandhoudingsprogram op die Mafikengkampus sal voortduur, gerig op twee koshuise en die gebou vir fisiese wetenskappe.

### Potchefstroomkampus

In voortbouing op die fondament wat gedurende die vorige

jaar gelê is, het die poging om die Kampus se infrastruktuur verder te verbeter in 2007 momentum gekry en is 'n bedrag van R52,2 miljoen aan nuwe geboue en die makro-instandhoudingsprogram bestee. 'n Nuwe chemielaboratorium en 'n rekenaarlaboratorium vir Chemiese en Meganiese Ingenieurswese is voltooi, terwyl die farmaseutika- en biochemielaboratoriums opgradering is. Verskeie laboratoriums vir die Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie (NIIF) is opgeknab en by die Fakulteit Ingenieurswese is bykomende ruimte vir 'n opleidings- en 'n ontwerplaboratorium geskep. Die verbetering van laboratoriumfasiliteite op die Kampus is teen 'n koste van R3,8 miljoen voltooi.

Ander kapitaalprojekte wat op die Potchefstroomkampus voltooi is, was:

- Die omskepping van 'n deel van die De Klerk-gastehuis in laboratoriums en ruimte vir nagraadse studente van die Skool vir Omgewingswetenskappe.
- Makro-instandhouding by twee dameskoshuise, ter waarde van R14,4 miljoen.
- Die verskuwing van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, wat bestaan het uit die bou van 'n nuwe Opvoedingswetenskappe-gebou en die opgradering van die C6-gebou.
- Die ontwikkeling van bykomende parkering.

In die komende akademiese jaar, 2008, sal laboratoriumfasiliteite in verskeie ander dissiplines aandag geniet. Planne is in plek om 'n nuwe simulasielaboratorium vir Farmsiepraktik te ontwikkel en die laboratoriums by die Skool vir Chemie en die Skool vir Biochemie op te gradeer. 'n Bykomende gebou vir die Skool vir Verpleegkunde is vir voltooiing geskeduleer, en werk aan die oprigting van 'n nuwe gebou vir die Fakulteit Teologie en 'n nuwe kompleks vir ondersteuningsdepartemente sal 'n aanvang neem. Makro-instandhouding sal op twee dameskoshuise, 'n akademiese gebou, die administrasiegebou, die biblioteek en die hokkieveld fokus. Noodkragvoorsiening sal ook aandag geniet.

### Vaaldriehoekkampus

Op hierdie kampus was die hoofokus van infrastruktuurontwikkeling op die skepping van bykomende parkeerterreine, die hermodellering van Gebou 3 vir die biblioteek en die opknapping van 'n tweede gebou om kantoorruimte vir die Verteenwoordigende Studenteraad te voorsien. Die totale koste van nuwe projekte en makro-instandhouding was R7,3 miljoen.

Die bedrag wat op hierdie kampus bestee is, was betreklik klein vergeleke met die projekte wat op die ander twee kampusse onderneem is, maar in 2005/6 is bouprojekte ter waarde van R24 miljoen met samesmeltingsfondse onderneem. Die oorsigjaar is benut vir die afronding van hierdie geboue en om met die beplanningsproses vir bykomende lesinglokale te begin. 'n Versoek om hierdie lesingsale te befonds, is aan die DvO voorgelê, maar die fondse is nie in 2007 ontvang nie. As gevolg van die dwingende behoeftes op hierdie kampus het die Universiteit geen ander keuse gehad as om die projek uit eie fondse te finansier nie. Dit is vir 2008 deur die Raad goedgekeur.

Die makro-instandhoudingsprogram in 2008 sal op een van die vier koshuisgeboue gerig wees.

## Institutionele Inligtingstegnologie-ondersteuningsdienste

### Oorsig

Hoewel die afgelope paar jaar meestal gekenmerk is deur samesmeltingsgedrewe projekte, soos die implementering van nuwe stelsels, asook standaardisering van stelsels en procedures oor al die kampusse heen, het die jaar 2007 'n tempo-verandering tot gevolg gehad, aangesien die meeste van die Departement se aandag gefokus was op die stabilisering van stelsels en infrastruktuur, en op die uitbreiding van kapasiteit vir huidige en toekomstige groei.

Die meeste van die samesmeltingsverwante doelstellings is behaal, en daar kan met veiligheid gesê word dat die Departement Inligtingstegnologie (ITS) 'n groot rol daarin gespeel het om 'n goed georganiseerde en goed bestuurde instelling te vestig, wat die karakter van eenheid in diversiteit weerspieël. Gedurende 2007 het ITS egter daarin geslaag om betrokke te raak by 'n aantal nuwe strategieë wat op die verhoging van produktiwiteit gerig is, asook op die verbetering van die NWU se posisie in die tersiäre sektor.

### Groeitendense

Die Universiteit se IT-infrastruktuur groei vinnig, ten opsigte van beide volume en funksionaliteit. Die netwerk beweeg nou na aan 12 000 nodusse, met ongeveer 180 bedieners in vier datasentrumse. Daar was ook 'n verhoogde vraag na skyf-spasie en internetbandbreedte, en laasgenoemde het van 11 MB/s tot 20 MB/s uitgebrei. Hoewel die syfers voor 2004 die



Mafikengkampus uitsluit, kan die groei steeds nie as blyt samesmeltingsgedrewe beskryf word nie.

As ons na die redes vir die eksponensiële groei kyk, word daar gevind:

- Dat studente hul gebruik van Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) verhoog, veral van die internet, vir akademiese sowel as sosiale doeleindes;
- Dat personeel toenemend van IKT-fasiliteite gebruik maak, soos gesien kan word uit die skerp toename in e-leeraktiwiteite;
- Dat foutverdraagsamestelsels wyer geïmplementeer word, wat veelvuldige bedieners en alternatiewe netwerk-roeteering vereis, ten einde groter beskikbaarheid van IKT-dienste te verseker;

- Dat die ramphersetelstrategie vereis dat die infrastruktuur by veelvuldige datasentrums geleë is, wat 'n onvermydelike toename in infrastruktuurkomponente veroorsaak.

Hoewel die bogenoemde tendense beduidend tot die totale koste van eienaarskap van IKT bydra, beteken dit ook groter beskikbaarheid en hoér produktiwiteit van gebruikers.

## Navorsingsondersteuningstelsels

Ten einde die institusionele strategie te ondersteun om die navorsingsprestasie te verhoog en die NWU se posisionering te verbeter, het IT twee groot projekte geïnisieer:

### Sentrum vir Hoëprestasie-berekening

In samewerking met prominente navorsers by die NWU het ITS 'n strategie geformuleer om 'n beduidende berekeningsnavorsingsfasilitet tot stand te bring wat bestaan uit 'n groot getal nodusse wat in 'n betroubare kluster gekonfigureer is. Die projek is goedgekeur en in die 2008-begroting ingesluit.

### InfoEd-Navorsingsbestuurstelsel

In samewerking met al die belangrikste instellings, sowel as die NNS en DvO, het ITS die implementering van 'n nasionale navorsingsbestuurstelsel van stapel gestuur, wat bestuurs-inligtingverwerking sal standaardiseer en die vloei van navorsingsinligting tussen belanghebbendes sal faciliteer. Die bewys-van-konsep-projek is in 2007 voltooi, en implementering sal in 2008 gefinaliseer word.

## Besigheidstelsels

### Varsité-studentestelsel

Die Varsité-studentestelsel (VSS) het homself uiteindelik as stabiel en doeltreffend bewys, en die afgelope jaar was 'n uiters bevredigende jaar vir die VSS. Daar is ver gevorder met die implementering van die Java-weergawe van die

stelsel, en hoewel die omskepping afgehandel is, is daar besluit om implementering van die laaste twee modules te vertraag ten einde risiko gedurende die 2008-registrasietydperk tot die minimum te beperk. 'n Nuwe Java-platform is ook gebou om hierdie weergawe te akkommodeer, en daar is sorg gedra om die argitektuur met die algemene strategie van geklusterde toepassingsbedieners met gebruik van Oracle-middlewaretegnologie te belyn.

### Oracle eBusiness Suite

Hoewel die leerkurwe met die nuwe Oracle-besigheidstelsels uiters steil is en die stabiliteit van die omgewing steeds 'n ontwykende teiken bly, is die vertroue hoog dat die stelsel gedurende 2008 sal stabiliseer.

'n Geweldige poging is aangewend met die oog op die stabilisering en optimalisering van die stelsel ná implementering. Meer as 900 voorvalle/navrae is gerapporteer, waarvan almal behalwe 60 ongelos is.

### Varsité-verkoopstelsel

Implementering van hierdie stelsel is weer eens vertraag. Die stelsel is oorspronklik ontwikkel volgens spesifikasies wat nie vir die Oracle eBusiness Suite voorsiening gemaak het nie, en in November 2007 is daar besluit om 'n meer gesofistikeerde koppelvlak tussen hierdie twee stelsels te ontwikkel.

### Besigheidsprosesintegrasie

Verskeie besigheidsprosesse is met gebruik van die standaardintegrasieplatform geoptimaliseer en geïmplementeer. Dit is 'n voortdurende proses, wat geïllustreer word deur die aantal prosesse wat nog onder konstruksie in die inisiërings- of ontwikkelingsfase is. Daar kan uit die tabel gesien word dat ontwikkeling van die Departement se huidige verskeidenheid prosesse byna afgehandel is, aangesien daar slegs agt prosesse in die ontwikkelingstadium is wat nog nie in produksie is nie.

	Ontwikkelingsfase	Produksie
Stelsels wat betrokke is	1	20
Prosesse	1	22
Dienste in prosesse	8	92

## Onderrig-en-Leer-ondersteuningstelsels

### ■ Varsité-leerbestuurstelsel

Hoewel hierdie platform steeds bevredigend werk, word die gemeenskappe en inhoud na die nuwe eFundi-platform gemigreer, geskeduleer vir voltooiing gedurende 2008. Verdere ontwikkeling van hierdie platform is gestaak.

### ■ eFundi-leerbestuurstelsel

Hierdie stelsel is nou op al drie kampusse ten volle operasioneel, met meer as 500 aktiewe lokaliteite (gemeenskappe). Baie fasilitete is ontwikkel om bedryfsprosesse te fasiliteer, en die stelsel word effektiief deur interne kundiges en 'n hulpyl ondersteun, asook deur die internasionale Sakai-gemeenskap, waarvan die NWU 'n aktiewe lid is.

### ■ Verbeterde lisensiérings- en sekuriteitbestuur in PR-laboratoriums

IT het daarin geslaag om 'n aantal prosedures en metodologieë te standaardiseer en te verbeter ten einde die beheer van programmatuurgebruik en sekuriteitsbestuur in studente-PR-laboratoriums te verbeter.

### ■ Kommunikasie en samewerking

'n Aantal nuwe ontwikkelings en verbeterings is gedurende die afgelope jaar voltooi, waarvan slegs 'n paar genoem word:

- Die ontwikkeling en implementering van 'n dinamiese intranetplatform, met bekendstelling van TransTips en 'n kragtige Google-soekenjin;
- Die inkorporering van die nuwe korporatiewe beeld in stelsels en toepassings;
- Die voortgesette opgradering van programmatuur vir e-pos, dagboekskedulering en samewerking (11 jaar met Groupwise);
- 'n Omvattende ondersoek na die moontlikhede en alternatiewe in die bestuur van inhoud, waarna daar gewoonlik verwys word as ongestruktureerde inligting of inligting wat nie in 'n formele databasis is nie. Die IT-bedryf noem dit Ondernemingsinhoud-bestuur (OIB);
- Die implementering van 'n rekordbestuurstelsel;
- Verdere implementering van videokonferensiefasilitete vir die Mafikengkampus; en



- Opgraderings van die Studiegidsproduksiestelsel (gegrond op eWork-tegnologie). Hierdie stelsel bestuur die hele produksieproses van studiegidse.

## Algemene infrastruktuurverbeterings

### Institutionele infrastruktuurhoogtepunte en -verbeterings

- 'n Eksterne audit van netwerkinfrastruktur is in November uitgevoer, en daar is tot die slotsom gekom dat die infrastruktur uiter kastedoeltreffend sowel as stabiel is. Hierdie audit is gedoen met behulp van die Sintrex-monitoringstelsel, wat nou ten volle op al die kampusse ontplooい is, vir alle fasette van IKT-infrastruktuur. Netwerkbeskikbaarheid is as baie hoog aangeslaan, bo 99%. Die ouditpaneel het tot die slotsom gekom dat die netwerk
  - goed ontwerp,
  - kastedoeltreffend en
  - in goeie gesondheid is, en
  - dat dit goed met ander netwerke vergelyk.

- Die spoed sowel as die omvang van die Stoorareanetwerk (SAN) is uitgebrei met die implementering van die nuwe EVA8100 en 4 Gbps-SAN-skakelaars. Dit het dit moontlik gemaak om stoorruimte van 11 teragreep tot 20 teragreep te vergroot.
- Die nuwe eLeer-platform vir eFundi is ook getoets en vir die Sakai 2.4 geïmplementeer.
- Die sentrale identiteitbestuur-kluis is voltooi, wat funksionaliteit soos enkele aantekening en die integrasie van stelselsekuriteit moontlik maak, wat nou veel meer uitvoerbaar en haalbaar is. Dit is deel van die Zerodag-aanskakelvisie.
- Die NWU se gekombineerde internetbandbreedte is van 10 MBps tot 22 MBps verhoog.
- TENET Gen3 en SANREN (SEACOM)

Ooreenkomste is beding om die NWU se TENET-voorsiene netwerkdienste vanaf Telkom na 'n nuwe konsortium van Neotel en Internet Solutions te migreer. Om oortolligheidsredes is die Departement nou in staat om die internet-konnektiwiteit tussen twee onafhanklike verskaffers te balanseer, om sodoende beskikbaarheid van diens te verseker.

Hierbenewens het die Universiteit 'n aansienlike bestelling geplaas vir kapasiteit in die nasionale navorsingsnetwerk

wat tot stand gebring sal word, waarvan die internationale gedeelte op die SEACOM-ooskusvesel na Europa se navorsingsruggraat gegronde sal wees. Hierdie skakel sal dit moontlik maak om die SA Nasionale Navorsingsnetwerk (SANNAN) tot stand te bring.

### Mafikengkampus

#### ■ LAN-opgradering en subnetvoorsiening

Voortgesette subnetvoorsiening vir die res van die kampusnetwerk het die stabilitet en bestuur van die netwerk verbeter.

#### ■ PR-laboratoriumbestuur

'n Bykomende onderrigrekenaarfasiliteit met 'n kapasiteit van 181 PRs is vir akademiese rekenaargeletterdheidsklasse voltooi. Dit voorsien in die vraag na rekenaarlaboratoriums vir onderrigdoeleindes, wat 'n voortslepende probleem was, veral aangesien die aantal modules wat basiese rekenaargeletterdheid vereis, toegeneem het.

#### ■ IT-bemagtiging

Die departement het 'n IT-bemagtigingsprogram geïnisieer wat daarop gerig is om die algemene IT-vaardighede van personeel op die Kampus te verbeter. Nege kursusse is gedurende die tweede semester aangebied en 46 personeellede het minstens een van hierdie kursusse bygewoon.

#### ■ eFundi-leerbestuurstelsel (LBS)

Die eFundi-LBS is op die Kampus geïmplementeer. Twee modules maak aktief van die LBS gebruik ten einde onderrig en leer te verbeter.

### Potchefstroomkampus

Rekenaar- en kommunikasiefasiliteite op die Potchefstroomkampus word omvangryk gebruik, te danke aan 'n baie stabiele infrastruktur, 'n gestroomlynde hulplyn en 'n omvangryke verskeidenheid van beskikbare programmatuur en dienste. Die hulplyn bly onder konstante druk van 'n hoë volume versoek, meestal as gevolg van verskuiwings van personeel en departemente, maar ook te danke aan ad hoc- of onbeplande veranderinge in vereistes. Toenemende aandag word aan IT-geletterdheid en -bemagtiging van personeel geskenk ten

einde hulle in staat te stel om die fasiliteite op die mees koste-doeltreffende wyse te gebruik.

## Vaaldriehoekkampus

'n Aantal opgraderings en nuwe fasiliteite is op die Kampus voltooi, wat die funksionaliteit van die infrastruktuur verder verbeter en uitgebrei het:

- LAN-uitbreiding na die Quest-konferensiesentrum en Farnani-koshuis;
- Bedieneropgraderings;
- 'n Nuwe internetskakel, wat Vaal-internetverkeer sal toelaat om direk te vloei, in plaas van via Potchefstroom.

Waar daar in 2008 inbeweeg word, sal IT aan die volgende uitdagings aandag gee:

- Hantering van historiese wanbalanse en ontoereikende voorsiening en ondersteuning van IKT-dienste in sommige sektore van die NWU;
- Die elektrisiteitvoorsieningsituasie;
- Behoud en werwing van gekwalifiseerde personeel om standaarde te handhaaf en te verbeter, terwyl die demografiese samestelling van ons personeel ook getransformeer word;
- Bewerkstelliging van verhoogde samewerking, intern sowel as ekstern binne die tersiêre sektor;

- Voortdurende verhoging in akademiese besigheidsbelyning met beklemtoning van IKT as 'n strategiese instaatsteller van produktiwiteit en sukses; en
- Stabilisering en verhoogde sigbaarheid/bruikbaarheid van dienste, op volhoubare vlakke.

Die stand van IKT by die NWU is gesond en lewenskragtig. Die Departement is vol vertroue dat bogenoemde uitdagings die hoof gebied sal word, en dat die diensvlakke en gehalte van stelsels en infrastruktuur tot selfs hoër vlakke gelig sal word.

## Slotwoord

Die oorsigjaar was 'n goeie finansiële jaar waarin finansiële doelwitte oor die algemeen behaal, 'n gesonde surplus weer eens opgelewer en die NWU se selfgegenereerde inkomste verhoog is. Goeie vordering is ook gemaak met die integrasie van IT-stelsels om die infrastruktuur op die onderskeie kampusse op dieselfde vlak te bring. Terselfdertyd is die NWU, as gevolg van die beduidende kapitaalbeleggings wat in akademiese en studentgesentreerde fisiese infrastruktuur gemaak word, besig om 'n aantal uitnemende fasiliteite te ontwikkel wat besig is om uniek in Suid-Afrika te word. ☐




Prof IJ Rost

UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE





As 'n unitêre **multikampusinstelling**  
bied die NWU aan sy studente die geleentheid  
om deel te wees van 'n **dynamiese** en  
**diverse** omgewing waar funksionele  
**meertaligheid** beoefen word en  
**multikulturaliteit** gevier word.



## KAMPUSOORSIG

---

Kampusoorsig: Mafikeng	98
Kampusoorsig: Potchefstroom	106
Kampusoorsig: Vaaldriehoek	114

# KAMPUSOORSIG: MAFIKENG



Prof ND Kgwadi, Kampusekretary: Mafikeng

## Studente-inskrywings 2007

Voorgraads	7 891
Meesters	662
Doktoraal	149
<b>TOTAAL</b>	<b>8 702</b>

## Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	1 340
Seniors	7 362

## Diplomas en grade in 2007 toegeken

Sertifikate en diplomas	1 176
B-grade	926
Honneursgrade	208
Meestersgrade (insluitende MBA)	62
Doktorsgrade	5
<b>TOTAAL</b>	<b>2 377</b>

Gradeplegtighede is op 18, 19, 20 April en 11 en 12 Oktober 2007 gehou.

Altesaam 2 377 sertifikate, diplomas en grade is in 2007 toegeken.

## Gegradueerdes per fakulteit in 2007

Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie	293
Fakulteit Handel en Administrasie	462
Fakulteit Opvoedkunde	1 275
Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe	251
Fakulteit Regte	96
<b>TOTAAL</b>	<b>2 377</b>

## Kampushoogtepunte vir 2007

- Die Fakulteit Opvoedkunde het 'n groot prestasie behaal deurdat twee van hul programme, die MEd (Onderwys-bestuur) en die GOS (Wiskunde/Wetenskap-onderwys), volle akkreditasie van die Hoérondervryswys-kwaliteitskomitee (HOKK) ontvang het.
- Die Nagraadse Skool vir Sake- en Regeringsleiers, tesame met vennote, het 'n tender ter waarde van R10 miljoen gegeven om provinsiale regeringsleiers op te lei.
- Landbou, Wetenskap en Tegnologie het befondsing van R12,5 miljoen oor vyf jaar ontvang om met die ontwikkeling van veeboerdery onder opkomende boere te help. Die vennote in die Noordwes-Nguni-Veeontwikkelingsprojek is die Noordwes-provinsie se Departement van Landbou, Bewaring en Omgewing en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie.

Vernuwing was die goue draad wat gedurende 2007 deur alles op die Mafikengkampus gestrek het, nie net in die beduidende verbeterings wat aan die fisiese infrastruktuur aangebring is nie, maar ook wat betref die kwaliteit van akademiese programme, navorsing, studentesteen en finansiële lewensvatbaarheid. Die Kampus is sedert die samesmelting-inkorporasie in 'n opwaartse kurwe, en dit is duidelik uit die prestasies van 2007 dat die hulpbronne wat daaraan gewy is om wanbalanse van die verlede reg te stel, vrugte afwerp.

Op die akademiese en navorsingsfront het die Kampus 'n goeie jaar beleef. Verskeie internasionale konferensies is aangebied, geleenthede vir samewerking met nasionale en internasionale vennote is met sukses ondersoek en 'n aantal akademiese vlagskipprogramme het volle akkreditering ná eksterne kwaliteitsevalueringe ontvang. Navorsingsuitset was 25% hoér (hoewel van 'n lae basis) en verskeie fakulteite het aansienlike bedrae aan eksterne befondsing verkry om hul kundigheid te implementeer, soos die R12,5 miljoen vir die Noordwes-Nguni-Veeontwikkelingsprojek.

Die finansiële lewensvatbaarheid van die Kampus het merkbaar verbeter as gevolg van die herstrukturering van nie-kernondersteuningsdienste soos drukwerk, skoonmaak, beskerming, terreininstandhouding en tuindienste. Hoewel die herstrukturingsproses sekere arbeidsverwante uitdagings gebied het, is dit suksesvol die hoof gebied. Dit het die Kampus in staat gestel om voort te gaan met herstrukturering, wat besparings van 'n geraamde R6,3 miljoen per jaar toe gevolg sal hé.

Die Kampus het vir die eerste keer in die geskiedenis die jaar met 'n surplus van R2,3 miljoen afgesluit.

## Onderrig-leer

Die oorheersende temas vir die jaar was groter akademiese steun vir voorgraadse studente, die voortgesette klem op die versekering van akademiese kwaliteit, die voortgesette opradering van die Kampus se akademiese fasilitete en die verbreding van samewerkende venootskappe.

Die Aanvullende Onderrig- (AO-)prosedures, wat daarop gemik is om studente in risikomodules by te staan, is vir implementering op die Kampus verfyn en verbeter, en 25 AO-fasiliteerde is opgelei om met hierdie studente te werk. Benewens die aanbieding van aanvullende onderrig het die Kampus 'n groeiende vraag na basiese rekenaargeletterdheidsopleiding hanteer deur 'n addisionele opleidingsfasilitet te open wat 180 studente kan akkommodeer. Toegang tot rekenaars is verder verhoog toe die Skool vir Ekonomiese en Besluitnemingswetenskappe 'n skenking van 100 rekenaars van Telkom ontvang het.

Op die akademiese en navorsingsfront het die Kampus 'n goeie jaar beleef. Die **oorheersende temas** vir die jaar was groter **akademiese steun** vir voorgraadse studente, die voortgesette klem op die versekering van akademiese kwaliteit, die voortgesette opradering van die Kampus se akademiese fasilitete en die **verbreding** van **samewerkende venootskappe**.

Studente het steeds voordeel uit die Universiteit se belegging in verbeterde akademiese fasiliteite geput. Hoogtepunte van 2007 was die voltooiing van die Kampus se nuwe Sentrum vir Diergesondheid en die opening van die nuwe laboratorium vir STSWT.

Die probleem van vakante poste in akademiese sleuteldepartemente is gedeeltelik verlig toe die Kampusrektor se kantoor fondse vir besoekende professore en die aanstelling van noodsaklike akademiese personeel beskikbaar gestel het, asook fondse om akademiese personeellede in staat te stel om hul doktorale studie voort te sit.

Verpligte institusionele kursusse is vir nuwe dosente aangebied, en 44 dosente het in 2007 aan hierdie opleiding deelgeneem. Vyf dosente het die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) vir hul werk gedurende die jaar ontvang.

Wat betref akademiese kwaliteitsversekering het die Kampus voortgebou op die fondament wat gedurende die vorige jaar gelê is deur 'n fakulteitskwaliteitkomitee tot stand te bring en gestandaardiseerde kwaliteitsversekeringstechnieke in te stel. Bewys van die vordering wat gemaak is, was die toekenning in 2007 van volle akkreditering aan twee programme van die Fakulteit Opvoedkunde deur die Hoëonderwys-kwaliteitskomitee (HOKK). Hierdie programme was die MEd in Onderwysbestuur en die GOS in Wiskunde/Wetenskap-onderrig. Die GOS-program is ten volle gedurende die eerste rondte van die audit geakkrediteer, terwyl die MEd akkreditering ontvang het nadat voorwaardelike akkreditering in 2006 daaraan toegeken is.

Die fokus op kwaliteitsversekering is ook deurgevoer in 'n reeks interne en eksterne programevaluering tydens 2007.

Die volgende programme het interne evaluering ondergaan:

- BSc (Biologie) en BNSc in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie;
- BA (Maatskaplike Werk) en BA (Bewaring, Toerisme en Volhoubare Ontwikkeling) in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe;
- LLB in die Fakulteit Regte; en
- Vervoerekonomie, 'n BCom-vak in die Fakulteit Handel en Administrasie.

Ná die interne evaluering het Vervoerekonomie eksterne evaluering ondergaan. Die evalueringspaneel, wat

dr Vaughan Mostert van die Universiteit van Johannesburg ingesluit het, het sekere aanbevelings vir verbeterings gemaak, wat in die programverbeteringsplan ingesluit is.

Nog 'n produktiewe aspek vir die Kampus in 2007 was die ontwikkeling van vennootskappe vir akademiese same-werking:


- 'n Sentrum vir Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels is gesamentlik tussen die Mafikengkampus en die Universiteit van Venda en die Turfloopkampus van die Universiteit van Limpopo tot stand gebring.
- Die Fakulteit Regte het afvaardigings van Erasmus-universiteit en Tilburg-universiteit van Nederland ontvang, met die doel om ooreenkomste oor uitruilstudenteprogramme aan te gaan.
- Mnr Aaron Tshizumba van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe is op 'n feitesending na *Michigan State University* in die Verenigde State genooi, en 'n student van Politieke en Internasionale Verhoudinge, Tumelo Letsapa, het deelgeneem aan 'n studenteleierskapsprogram van vyf weke wat deur die Konsulaat van die Verenigde State aangebied is.

## Navorsing

Navorsingsuitset het 'n effense stygging bo 2006 getoon. Altesaam 10,08 artikels is in geakkrediteerde vrytdskrifte gepubliseer vergeleke met 13,03 artikels gedurende die vorige jaar. Die grootste uitset, 5,58 artikels, het uit die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie gekom, met twee artikels elk van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe en die Fakulteit Regte. Prof B Mbenga van die Geskiedenisdepartement het bygedra tot en was ook die redakteur van die boek *New History of South Africa*, wat indrukwekkende resensies ontvang het.

Nog 'n navorsingsverwante mylpaal was die Bevolkingseenheid se aanbieding van twee internasionale konferensies. Die eerste was Bevolking en Ontwikkeling Afrika: Navorsings- en Beleidsdialoog vir Aksie, wat in Maart 2007 gehou is, in September gevvolg deur die Tweede Jaarlikse Konferensie van *Population of Southern Africa* (PASA).

'n Samewerkende nisarea tussen Bevolkings- en Demografiese Studie en Statistiek is deur die Universiteit vir die 2008 tot 2011 siklus van befondsing voorgelê en deur die Nasionale Navorsingstigting goedgekeur. Navorsingsaktiwiteite het reeds 'n aanvang geneem.



Ten einde kundigheid te verbeter en navorsingsuitset op die Mafikengkampus te verhoog, is sewe werkswinkels gedurende 2007 deur die Institusionele Kantoor gereël en aangebied.

## Implementering van kundigheid

Die vraag na projekte wat die Kampus se kundigheid inspan, het van die nywerheid, die regering en gemeenskappe in die Noordwes-provinsie gekom. Gedurende 2007 is verskeie groot kontrakte aan die Kampus toegeken, waarvan die grootste die Noordwes-Nguni-Veeontwikkelingsprojek was.

Die hoofdoelwit van hierdie projek is om voorheen benadeelde en opkomende swart boere te ondersteun en te ontwikkel deur 'n lening van 12 stuks vee (een bul en 11 verskalwers) aan elke deelnemende boer. Die bevoordeeldes is deur die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie opgelei in die kuns van hantering van 'n onderneming vir Nguni-beesvleisproduksie. Tot dusver was die projek oorweldigend suksesvol, met bevoordeeldes wat hul trop gedurende die eerste jaar feitlik verdubbel het. Die Kampus se vennote in die projek, wat befondsing van R12,5 miljoen oor vyf jaar ontvang het, is die Noordwes-provinsie se Departement van Landbou, Bewaring en die Omgewing en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie.

Nog 'n belangrike projek wat deur hierdie fakulteit geïnisieer is, was die totstandbrenging van hul Sentrum vir Lug- en Waternavorsing, wat navorsing oor lug- en waterbesoedeling in die Noordwes-provinsie sal doen. Verder het die fakulteit se Sentrum vir Agribesigheid begin om opknappingskursusse vir landbouvoortlingswerkers van die Noordwes-regering aan te bied.

'n Ander groot tender, hierdie keer vir R10 miljoen, is aan die Nagraadse Skool vir Sake- en Regeringsleierskap toegeken vir die opleiding van provinsiale regeringsleiers. Die lede van die konsortium wat die tender gewen het, is: die Sakesentrum van die NWU se Nagraadse Skool, ITO Focus (verteenwoordig deur me S Swart van die Nagraadse Skool), RAK Solutions ('n ouditeursfirma) en Kgolo Consulting.

Die Nagraadse Skool het deelgeneem aan die ontwikkeling van vaardighede vir die gemeenskap deur bemagtiging van werkers by munisipaliteite en in die provinsiale regering. Dit is gedoen deur die aanbieding van modules in entrepreneurskap en ander kortkursusse. Oor die algemeen is die meeste lede van die Fakulteit Handel en Administrasie in hul individuele hoedanigheid by gemeenskapsdiens betrokke.

## Herstrukturering van dienste

Die Institusionele Plan van die Universiteit beklemtoon die belangrikheid daarvan om te verseker dat die instelling finansiell lewensvatbaar is, en beklemtoon die behoefte om die kostedoeltreffendheid van elke kampus te verseker. Met dit in gedagte het die Mafikengkampus se bestuur 'n proses van konsultasie oor die herstrukturering van ondersteuningsdiensste soos skoonmaak, beskerming, drukwerk, terreininstandhouding en tuindienste aan die gang gesit.

Die sentrale drukeenheid is in 2006 aan Nashua uitbestee en personeellede na ander afdelings herontplooい. Twee personeellede wat herontplooiing na ander afdelings op dieselfde diensvooraardes geweier het, is ontslaan. As gevolg van die uitbestedingsinisiatief is die prys van fotokopieë van 50 sent tot 25 sent per bladsy verminder.

Die konsultasieproses ten opsigte van die ander dienste het op 4 Augustus 2006 'n aanvang geneem en, na 12 vergaderings met die Personeelvereniging, is dit op 4 Junie 2007 afgesluit. Aangesien bestuur en die Personeelvereniging nie konsensus oor die herstrukturingsproses kon bereik nie, is 107 geaffekteerde werknemers met ingang van 31 Julie 2007 afgelê. Eksterne diensverskaffers is daarna gekontrakteer om hierdie dienste te verskaf, met kostebesparings wat op R6,3 miljoen per jaar geraam word.

Die geaffekteerde personeellede het die saak op 'n dringende grondslag na die Arbeidshof verwys. Bestuur en die werknemers het ooreengekom om die saak vir private arbitrasie te verwys en op 31 Augustus 2007 is 'n skikkingsooreenkoms aangegaan. Ingevolge hiervan het die personeel wat afgelê is verbeterde afleggingspakkette ontvang. Bestuur het verder met die diensverskaffers ooreengekom dat hulle die meeste van die afgelegde personeel in diens sou neem, behalwe diegene wat vir aftrede of vroeë aftrede gekwalifiseer het.

## Studenteaktiwiteit

Gedurende 2007 het studenteaktiwiteit op die Kampus weer eens van krag tot krag gegaan, insluitende studentebestuur, welstand en sport, en kulturele en sosiale aktiwiteit.

### Studentebestuur

Gedurende 2007 het die Verteenwoordigende Kampus-studenteraad (VKSР) 'n stellige grondslag vir toekomstige

VKSRe gelê deur die VKSR-grondwet te finaliseer. Die VKSR-verkiesing is daarna gehou en op die oorengekome tyd afgehandel, en die verkiesingsuitslae is op 30 Augustus 2007 aangekondig.

#### ■ MIV/VIGS

Die Maifkengkampus het 'n beduidende rol in die Universiteit se MIV- en VIGS-program gespeel, byvoorbeeld deur deel te neem aan die aanvra en toewysing van befondsing vanaf die Europese Unie vir die Vrywillige Beradings- en Toetsingsprogram (VBT-program).


Voorkomende aktiwiteite het steeds om kondoomverspreiding, vrywillige beradings- en toetsingdienste en bewusmakingsveldtogte gesentreer. MIV- en VIGS-bewusmaking is ook gedurende die oriëntasie van eerstejaarstudente en nuwe personeellede gedoen.

Die Kampuskliniek het ondersteuning aan MIV-positiewe studente en personeel gebied, en het gerekende sessies met ondersteuningsgroepe gehou.

#### ■ Internasionale Studentekantoor

Die Internasionale Studentekantoor het inligtingssessies vir 678 internasionale studente uit 22 lande gehou. Hulle het ook 10 Suid-Koreaanse studente ontvang, tesame met hul studentedekaan en sy assistent. Die Suid-Koreaanse studente, saam met die Internasionale Studentekantoor en die VKSR, het 'n gemeenskapsprojek by 'n nabigeleë dorpie genaamd Lokaleng gehou. Die projek, bekend as Lokalengbokbank, het behels dat 25 bokke aan die dorpie geskenk is om armoede te help verlig.

**'n Groot tender, R10 miljoen,  
is aan die Nagraadse Skool vir  
Sake- en Regeringsleierskap  
toegeken vir die **opleiding** van  
provinsiale regeringsleiers.**



## Sport

Die Kampus het 'n spesiale poging aangewend om geleenthede vir die deelname van studente met gestremdhede te skep. Nadat die Rektor se kantoor vier rolstoele vir fisies gestremde tennisspelers aangekoop het, het 'n span aan die Suid-Afrikaanse Ope Rolstoeltenniskampioenskap in Desember 2007 deelgeneem.

Kampusportspanne het goed in die verskillende SASSU-toernooie gevaaar, en het drie goue medaljes vir aërobiese oefeninge en een goue medalje vir ju-jitsu gewen. Die vrouetafeltenisspan het silwer medaljes in die enkel- en dubbelwedstryde gewen, terwyl die atletiekspan silwermedaljes in die marathon gewen het. Een atleet het 'n silwermedalje in die Comrades-marathon verower.

## Kultuur

Die Mafikengkampus-koor het die eerste plek in beide die Westerse en Afrika-weergawes van die Streeksrondtes van die Ou Mutual/Telkom Nasionale Koorkompetisie verower, en het ook die Noordwes-provinsie in die nasionale finale verteenwoordig.


Die Dansklub het deelgeneem aan 'n verskeidenheid vertonings en nasionale kompetisies en het 'n aantal trofeeë en medaljes verower. Die kompetisies waaraan hulle deelgeneem het, het die *Leopard Challenge*, 'n nasionale kompetisie wat in Julie 2007 in Mmabatho gehou is, die Suid-Afrikaanse Kampioenskap en die *Medallist Dance Festival*, nog 'n nasionale kompetisie wat in Desember 2008 in Johannesburg gehou is, ingesluit. Die klub het ook hul vaardighede gedurende die Rektor se Etensuur-dansvertoning ten toon gestel.

## Slotwoord

Baie van die agterstande wat die Mafikengkampus ten tyde van die samesmelting getipeer het, was teen die einde van 2007 opge-los. Die makro-instandhoudingsprogram, wat in sy tweede jaar was, het reeds in 'n groot mate die veiligheid en lewenskwaliteit van studente verbeter. Die Kampus se opgegradeerde infrastruktuur, insluitende akademiese en rekenaaropleidings- en laboratoriumfasilitete, versterk die Kampus se onderrig-leer- en navorsingskapasiteit, en so ook die volgehoue fokus op kwaliteitsversekering. Twee akademiese vlagskipprogramme in Opvoedkunde het gedurende die jaar volle akkreditering ontvang, terwyl ander dissiplines, in die besonder Diergesondheid, steeds besig is om hul mededelingende posisie in die hoëronderwyssektor te verstewig. Die Kampus se profiel in die sportarena het 'n beduidende hupstoot gekry met die opening van die nuwe Sokkerinstituut in April 2007. In die komende jaar sal verdere nuwe ontwikkelings soos die bou van die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -Tegnologie die gees van groei en vernuwing wat oor die Mafikengkampus voelbaar is, stimuleer. 



Prof ND Kgwadi  
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG



Twee akademiese vlagskipprogramme in Opvoedkunde het gedurende die jaar **volleakkreditering** ontvang, terwyl ander dissiplines, in die besonder Dieregesondheid, steeds besig is om hul **mededingende posisie** in die hoëronderwyssektor te verstewig.

## KAMPUSOORSIG: POTCHEFSTROOM

Studente-inskrywings in 2007

Voorgraads	30 382
Meesters	1 773
Doktoraal	568
<b>TOTAAL</b>	<b>32 723</b>

Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	4 048
Seniors	28 675

Diplomas en grade in 2007 toegeken

Sertifikate en diplomas	3 942
B-grade	2 346
Honneursgrade	1 272
Meestersgrade (insluitende MBA)	516
Doktorsgrade	108
<b>TOTAAL</b>	<b>8 184</b>

Gradeplegtighede is gedurende 2007 soos volg gehou:

- Opvoedingswetenskappe: 12 tot 14 Maart, 21 tot 23 Mei, 10 tot 12 September, 5 en 6 November.
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: 15 en 16 Maart.
- Natuurwetenskappe en Ingenieurswese: 19 Maart.
- Lettere en Wysbegeerte, Teologie, en Regte: 20 Maart.
- Gesondheidswetenskappe: 22 tot 24 Maart.
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en MBA: 18 Mei.
- Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe: 13 September.
- Magistergrade: 24 Mei en 13 September.
- Doktorsgrade: 25 Mei en 14 September.

Altesaam 8 184 sertifikate, diplomas en grade is in 2007 toegeken.



Prof AL Combrink, Kampuserekotor: Potchefstroom

Gegradueerdes per fakulteit in 2007	
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	323
Fakulteit Natuurwetenskappe	356
Fakulteit Teologie	162
Fakulteit Opvoedingswetenskappe	4 694
Fakulteit Regte	157
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 279
Fakulteit Ingenieurswese	199
Fakulteit Gesondheidswetenskappe	1 014
TOTAAL	8 184

## Kampushoogtepunte vir 2007

- Die Kampus het die jaar met 90 NNS-gegradeerde navorsers afgesluit, vergeleke met 80 in 2006.
- Elektroniese registrasie- en betalingsprosesse het wagtye wat studente gedurende registrasie ervaar, beduidend verminder.
- Navorsingsuitset het wesenlik toegeneem en het van 331 artikelkwalifikante in die vorige jaar tot 360 in die oorsigjaar gestyg.
- Twee nuwe navorsingsleerstoel wat op die Potchefstroomkampus geleë is, is deur die Nasionale Navorsingstigting aan die NWU toegeken. Dit is die Leerstoel in Astrofisika en Ruimtefisika, en die Leerstoel in Toegepaste Molekulêre Modelleering.
- Altesaam 3 805 internasionale studente is met die Kampus geassosieer, wat 11,6% van die studentekorps verteenwoordig.
- In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het die Fokusarea Volhoubare Maatskaplike Ontwikkeling 'n nasionale rolspeler in Rampbestuursinisiatiwew geword en was hulle instrumenteel in die vestiging van bande met die Suid-Afrikaanse Bestuursontwikkelingsinstituut vir die opleiding van staatsamptenare in leierskap en bestuur.
- Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het gedurende 2007 twee HOKK-program-oorsigte ondergaan en hul nie-kampusprogramme is deur die Open University van die Verenigde Koninkryk geëvalueer, wat 'n uiters positiewe verslag tot gevolg gehad het.
- In die Fakulteit Natuurwetenskappe is die *Desert Margins Programme* voortgesit, met die voltooiing van 'n film wat internasionaal vertoon is.

As die grootste en oudste van die drie NWU-kampusse, met ongeveer 70% van alle geregistreerde studente in 2007, het die Potchefstroomkampus 'n goed gevestigde akademiese en navorsingsinfrastruktuur en 'n soliede rekord wat die lewering van strategiese kundigheid aan sake- en regeringsvennote betref. Hierdie bates stel die Kampus in staat om beduidend tot die NWU se oorkoepelende teikens vir onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid by te dra. Terselfdryd is die Kampus deeglik bewus van die uitdagings wat deur die Universiteit se transformasieagenda gestel word. Die belangrikste hiervan is die skepping van 'n nuwe organisatoriese kultuur, die oorgang daarna om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en die belangrikheid daarvan om die skaars vaardighede te ontwikkel wat vir Suid-Afrika se versnelde ekonomiese groei nodig is. Met hierdie uitdagings en geleenthede in gedagte was die Kampus se doel in 2007 om hul bestaande sterkpunte strategies te benut terwyl daar vir die toekoms voorberei word.

## Onderrig-leer

Twee hoofprioriteite het as inset in die kampus se onderrig-leerprogram vir die jaar gedien. Dit was die voorbereiding vir die implementering van die NWU se nuwe toelatingstrategie en om studentgesentreerde administratiewe en ondersteuningsprosesse verder te stroomlyn.

## Toelatingstrategie

Die strategiese plan vir toelatings moet in Februarie 2008 afgehandel wees ten einde 'n gladde oorgang te verseker. Die plan is gegrond op 'n toelatingspuntetelling-model (TPT-model) wat met die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat ooreenstem en aan die Onderwysdepartement se minimum vereistes vir toelating tot diploma- en graadstudie voldoen. In hierdie oopsig is die Potchefstroomkampus goed voorberei. Keuring en toelating van studente is gefasiliteer omdat alle matriekuitslae nou elektronies verkry en aan rekords gekoppel word voordat studente op die Kampus aanmeld.

Verder het die Kampus die afgelope twee jaar doelbewus hul studente-inskrywings in die rigting van die wetenskap-, ingenieurs-en-tegnologie- en besigheidsgroeperings gestuur. Dit is in ooreenstemming met nasionale hoéronderwysprioriteite en die NWU se strategie om inskrywings in hierdie dissiplines te bevorder, en dit behaal reeds resultate. Handels- en sakeverwante inskrywings vir 2007 het op 3 242 gestaan, wat

'n styging van vier persent vergeleke met 2006 verteenwoordig. Inskrywings in ingenieurswese en die natuurwetenskappe was stabiel en in ooreenstemming met 2006.

Opvoedingswetenskappe is egter verreweg die oorheersende dissiplines wat betrek het tot die aantal inskrywings in 2007. Van hierdie inskrywings was 16 107 afstandstudente wat in Verdere Onderwysopleiding-programme ingeskryf was. Daar was ook 'n merkbare toename in voorgraadse inskrywings gedurende 2007.

## Stroomlynning van studentgesentreerde prosesse

Die reeds doeltreffende registrasieprosesse op die Potchefstroomkampus is verder gedurende die oorsigjaar verbeter. Die Varsity-studentestelsel, wat stabiel is en glad loop, is verbeter ten einde dienslewering aan studente te verbeter, wat nou hul gelde elektronies kan betaal. Dit, tesame met die moontlikheid van aanlyn-registrasie en die stroomlynning van studiegidsverspreiding, het studentewagtye verminder. Studente kan hul vooraf verpakte studiemateriaal op die grondslag van hul registrasiedokumente afhaal en die afhaalprosesse word voortdurend gemoniteer sodat enige probleemgebiede geïdentifiseer en vinnig hanteer kan word. Dit het duidelik geword dat die probleem van ongemagtigde verkope van studiemateriaal opgelos is.

Die voorsiening van befondsingsbystand aan behoeftige studente het ook aandag geniet. Gevolglik het die afdeling Studentefinansies 'n gradering van "uitstekend" en 'n silwer toekenning van die Nasionale Finansiélehulpskema vir Studente ("NSFAS") ontvang. Die Afdeling het ook die "maaltyd per dag"-skema vir behoeftige studente uitgebrei en kragte met Eduloan saamgesnoer in 'n plan om debietkaarte vir die aankoop van boeke aan studente uit te reik.

Hierbenewens is die Fakulteit Ingenieurswese verder besig met die implementering van 'n Kadet-dosenteprojek, wat die identifisering van beloewende swart studente vir beurse behels. Hierdie

studente word dan gementor en ontwikkel met die oog daarop om uiteindelik vir dosenteposte binne die Fakulteit te kwalifiseer.

Reellings vir die eksamens het glad verloop, en die Kampus het van 69 nasionale en 13 internasionale eksamensentrums gebruik gemaak. Eksamenuitslae word via die Internet, per SMS en per pos beskikbaar gestel, wat minimale vertragings tot gevolg het.

Ongelukkig het die Kampus kennis geneem van verskeie geïsoleerde voorvalle van eksamenoneerlikheid en die moontlike uitlek van twee vraestelle. Hierdie voorvalle is ondersoek en 'n volledige eksamenoudit is onderweg om enige verdere probleme te voorkom.

Die tweede eksamengeleenthed wat tot die beskikking van studente is, is deur ongeveer 30% minder studente as die eerste geleenthed benut, soos in die tabelle hieronder uiteengesit.

**Getal modules per eksamengeleenthed in 2007**


Geleenthed	Residensieel	Afstand
Junie - 1 <sup>e</sup> geleenthed	917	370
Julie - 2 <sup>e</sup> geleenthed	673	207
November - 1 <sup>e</sup> geleenthed	976	375
Desember - 2 <sup>e</sup> geleenthed	702	201

**Getal vraestelle in 2007 geskryf**

Geleenthed	Residensieel	Afstand
Junie - 1 <sup>e</sup> geleenthed	55 376	7 684
Julie - 2 <sup>e</sup> geleenthed	9 913	5 012
November - 1 <sup>e</sup> geleenthed	49 933	10 249
Desember - 2 <sup>e</sup> geleenthed	10 435	6 935

## Navoring en innovasie

Die Potchefstroomkampus is ten volle daarby betrokke om die navorsingstatus en -uitset van die NWU te help verbeter, in ooreenstemming



met die strategiese doelstelling om daarna te beweeg om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word. In 2007 het die Kampus 320,80 artikelkwaliente opgelewer, 'n klein styging vergeleke met die vorige jaar se 313 artikels. Terselfdertyd het die Kampus daarin geslaag om hul pool van navorsers met Nasionale Navorsingstigting-graderings (NNS-graderings) tot 91 te verhoog, 17% hoër as die 78 gegradeerde navorsers in 2006.

Die belangrikste strategiese navorsingsaktiwiteit van die jaar was die omvattende oorsig wat gedoen is oor die doeltreffendheid van bestaande navorsingsentiteite en die ontwikkeling van nuwe entiteite om te help om al die navorsingsaktiwiteite op die Kampus in 'n betekenisvolle struktuur saam te voeg. Die navorsingstrukture van die Kampus en die NWU is kritieke suksesfaktore om te verseker dat alle hulpbronne op 'n gefokuste wyse ingespan word ten einde optimale navorsingsresultate te bereik.

'n Ander belangrike fokus was die hernuwing en uitbreiding van navorsingsfasilitete en -toerusting op die Kampus. Gedurende 2007 is nuwe laboratoriums vir Chemie en Chemiese en Meganiese Ingenieurswese voltooi, en is die farmasie-, biochemie- en omgewingslaboratoriums upgradeer. 'n Pioniersontwikkeling was die totstandbrenging van 'n metabolisme en neonatale laboratorium in die Fakulteit Natuurwetenskappe, met die verdere insluiting van 'n metabonomika-platform wat deur die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) befonds word.

## Implementering van kundigheid

Ooreenkomsdig die beginsel van implementering van kundigheid was daar wesenlik beter newe-effekte, met 'n verhoogde getal innoverende produkte en dienste wat gelewer is. Sommige van die hoogtepunte van die prestasies van 2007 het die volgende ingesluit:

- **Lettere en Wysbegeerte:** Die Sentrum vir Tegnologie (CText) het nie net speltoetters vir al die amptelike Suid-Afrikaanse tale ontwikkel nie, maar ook vyf nuwe speltoetters vir Afrikatale ten noorde van die Limpopo. Verder het die Sentrum tot die ontwikkeling van meertaligheid bygedra deur die ontwikkeling van nuwe produkte, soos interaktiewe multimedia-taalverwingsprogramme in Afrikaans, IsiZulu, IsiXhosa en Setswana. CText het ook begin met die ontwikkeling van 'n intydse vertaalhulpmiddel vir die NWU se intranet, genaamd TransTips.

- **Opvoedkunde:** Verdere kontrakte vir onderwysersopleiding is deur die Noordwes-provincie se Onderwysdepartement toegeken.
- **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:** Die Fakulteit het 'n swart ekonomiese bemagtigingsmaatskappy (SEB-maat-skappy) genaamd Afri-Forte tot stand gebring.
- **Ingenieurswese:** Twee newemaatskappye is tot stand gebring, een vir die Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging (SVGV) en die ander vir die vervaardiging van die JS1-sweeftuig. Hierbenewens het die Fakulteit die Suid-Afrikaanse kragkwaliteitinitiatief van stapel gestuur en met die ontwikkeling van 'n windturbinegenerator begin. Hulle het ook voortgegaan met hul navorsing vir die modulêre korrelbedreaktor-projek, met gebruik van die Hitteoordrag-toetsfasilititeit (HOTF), wat nou ten volle funksioneer. 'n Fab-lab (fabriseringslaboratorium), wat 'n wêreldklas-fasiliteit is waar gebruikers - van skoolkinders tot ingenieurs - die tegnologie kan gebruik om 'n eenvoudige idee in 'n ontwerp te omskep, is ook tot stand gebring.
- **Gesondheidswetenskappe:** Die Fakulteit, wat gesondheidsorgverwante dienste aan verskillende nasionale en internasionale agentskappe voorsien, insluitende die Suid-Afrikaanse Medisynebeheerraad en die Wêreldgesondheidsorganisasie, het 'n toekenning van R10 miljoen van die Departement Wetenskap en Tegnologie vir innovering op die gebied van geneesmiddelaaflevering ontvang. Ander aktiwiteite behels bloedvlakmonitering van anti-epileptiese geneesmiddels, doeltreffendheidstoetsing van kosmetiese produkte en die bemarking van tegnologie, bekend as feriodtegnologie, wat op die meer doeltreffende absorpsie van geneesmiddels in die behandeling van aansteeklike siektes gerig is.
- **Natuurwetenskappe:** Werk aan die ontwikkeling van die intelligente vonkprop is voltooi en die Fakulteit het hul werk aan die "houtskerf"-benadering tot die rehabilitasie van myne uitgebrei. Ander bestaande aktiwiteite wat verder uitgebrei is, sluit 'n omgewingslaboratorium, Eko-analitika, die bemarking van kleinskaalse studentelaboratorium-chemiestelle in die Noordwes-provincie en Gauteng en die bou van apparaat vir wetenskapsentrums in Gauteng, die Vrystaat en Limpopo in.

## Studenteaktiwiteit

Benewens die akademiese element van universiteitslewe bied die Kampus ook aan studente geleenthede vir persoonlike groei deur deelname aan studenteleierskapstrukture, toegang

tot welstandsfasilitete en betrokkenheid by sport- en kulturele aktiwiteite.

Gedurende 2007 het die Verteenwoordigende Studenteraad op die Kampus 'n toenemend betekenisvolle rol in die verbetering van die gehalte van studentelewe en -aktiwiteite gespeel en doeltreffend met ander kampus-VSR'e saamgewerk en gesonde werksverhoudinge met koshuisbesture, studenteverenigings en Kampusbestuur ontwikkel. Die enkele belangrikste prestasie was die werklike aktivering van die Institusionele VSR, onder die voorsitterskap van me Mart-Marié Tromp, die nuwe Kampus-VSR-voorsitter.

Kampus-VSR-aktiwiteite gedurende die jaar het die volgende ingesluit:

- Totstandbrenging van permanente strukture asook befondsing en verslagdoeningsmeganismes vir behoeftige studente, in samewerking met die Afdeling Finansiële Hulp.
- Aktiewe betrokkenheid by die ontwikkeling van 'n etiese/gedragskode vir studente, wat met die kodes vir personeel in ooreenstemming gebring sal word.
- Verteenwoordiging in die Uitgebreide Kampusbestuurskomitee, die Kampusenaatskomitee en die onderskeie fakulteitsrade vir doeleinades van oorlegpleging en insette.
- Die herbelyning van studentelewe, met 'n fokus op kwaliteit eerder as kwantiteit, die bestuur van diversiteit op die Kampus en die betrokkenheid van die nuwe "dorpskoshuisse" in die georganiseerde studentelewe. Dit het voorspraak onder studente vir die nuwe stelsel vir toetse en ander vorme van akademiese assessering ingesluit.

## **Studentewelstand**

Personnel vir die langverwagte kampuskliniek is aangestel. Hulle werk in tydelike akkommodasie terwyl die beplanning en bou van die kliniek aan die gang is.

Die Kampus-MIV/Vigs-program is die afgelope ses jaar aan die gang, maar het in 2007 bykomende kapasiteit verkry deur die aanstelling van 'n gesondheidsbevorderaar/jeugopvoeder. Die koördineerder werk nou saam met die MIV/Vigs-programkoördineerder aan 'n verskeidenheid van voorkomende aktiwiteite, insluitende opvoeding, opleiding, bewusmakingsveldtogte, kondoomverspreiding, vrywillige berading en toetsing, porturopvoedings- en



portuurhelpersprogramme, navorsing en kennisskepping, kurikulumontwikkeling en gemeenskapsuitreikingsprogramme.

## Sport

Die Kampus is bekend vir sy goeie prestasie op sportgebied, asook vir die gehalte van hul sportfasiliteite, wat die Hoëprestasiesentrum insluit, asook vir hul betrokkenheid by sportontwikkeling. Atletiek, hokkie, netbal, rugby, sokker en tennis is die belangrikste sportkodes, hoewel 'n groot getal kleiner kodes soos karate ook aangebied word.

Die belangrikste prestasies op sportgebied in 2007 het die volgende ingesluit:

**Atletiek:** Die atletiekklub het sewe nasionale atlete opgelewer en algeheel derde in die SASSU-kampioenskap gekom. Die vrouespan het die eerste plek met slegs een punt misgeloop.

**Rugby:** Die Rugbyinstituut het steeds goed gevaaar en die SASSU-toernooi, die ENB Superbowl, die Pirates-liga en die intervarsitywedstryd teen die Universiteit van die Vrystaat gewen.

**Netbal:** Die klub het 'n toer na Nieu-Seeland onderneem en vierde in hul kampioenskapliga gekom.

**Hokkie:** Die mansklub het hul liga gewen en is na die eerste liga bevorder. Die vroue was vierde in hul liga. Die vorige nasionale afrigter, Paul Revington, is as nuwe hokkiebe-stuurder aangestel.

**Sokker:** Hierdie sport groei geweldig in gewildheid, met die getal koshuisligaspanne wat van vyf tot 34 spanne toegeneem het. Benewens dat hulle die Intervarsity gewen het, is die Puk Tawana-span ook tot die Vodacom-liga bevorder.

**Krieket:** Die aanstelling van 'n nuwe bestuurder/afrigter voorspel goeie dinge vir die voortgesette verbetering van die krieketklub ná probleme in die bestuurs- en afrigtingsstrukture.

**Tennis:** Die manstennisspan het vir die eerste keer die tweede plek in die nasionale kampioenskap ingeneem, terwyl die vrouespan derde gekom het.

Onder die kleiner sportkodes het die karatespan nou die nasionale kampioenskap (SASSU) agt keer in 'n ry gewen.

## Kultuuraangeleenthede

Op die kultuurfront het die Kampus steeds hul merk in musiek-, koor- en sangkringe gemaak.

Die Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling, wat twee akademiese musiekmodules deur hul Skool vir Musiek bied, het ook 11 kortkursusse en werkswinkels aangebied, waardeur 192 mense opgelei is. Die Instituut se derde leerderskaprogram, wat in samewerking met die sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir die Media-, Reklame-, Uitgewery-, Drukkery- en Verpakkingsektor aangebied is, het 780 aansoeke gedurende die jaar gelok.

Studentekultuurgroepe en -klubs het hulle dikwels in die kollig bevind:

- Die Universiteitskoor het 'n hoogs suksesvolle toer in Julie 2007 gehad, en was betrokke by die finale Aardklopvertoning, Rosini se *Petit Messe Solenelle*. Die koor het ook aan die Questa-koorfees in Stellenbosch deelgeneem en 'n volledige CD opgeneem. Die NWU het ook as gasheer vir die Wêreldjeugkoor gedurende hul Suid-Afrikaanse toer opgetree.
- Die Buzzin' Brass Band het 'n volwaardige studentevereniging onder die Kunstkomitee geword.
- Die Boulevard-Harmoniste het 'n nuwe CD voltooi en drie van hul lede sing in die Wêreldjeugkoor.
- Die PUK-Serenaders, in hul nuwe uniforms, het 'n derde plek in die Ou Mutual Nasionale Koorkompetisie ingeneem en het goed gevaaar op die ATKV se Applause-koorfees. Twee van hul lede het ook in die Wêreldjeugkoor gesing.
- Die Alabama-studentegeselskap word heringerig as 'n musiekproduksiehuis wat hul eie CD-etiket en musiekpublikasies sal ontwikkel.
- Ander groepe sluit Flip-a-Coin in, wat nou semi-professioneel geword het.
- Studenteprojekte het die Eerstejaarskonsert, die Talentfees en die Sêr-kompetisies ingesluit. In die Nasionale Sêr het die Kampus baie goed gevaaar, met Veritas-manskoshuis wat nasionaal die eerste plek ingeneem het, en Vergeet-my-Nie-dameskoshuis wat derde was.


Die Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling (Artéma) het 11 kortkursusse/werkswinkels aangebied, wat deur 192 mense bygewoon is, en het in Junie die tweede Nasionale Kunstebestuursimposium aangebied, wat deur mense van dwarsoor die land bygewoon is.

## Slotwoord

Vir die Potchefstroomkampus was 2007 die gladste, mees stabiele jaar sedert die samesmelting-inkorporasie. Die werk wat gedoen is om die studente-administrasiestelsels en -prosesse te stroomlyn en te outomatiseer het vrugte afgewerpt deur dat dit vinniger, beter diens aan studente gelewer het, terwyl dit die voorbereiding vir die oorgang na die nuwe toelatingsmodel in 2008 in die hand gewerk het. Die Kampus is goed hierop voorberei as gevolg van die omvattende gebruik wat daar gemaak is van elektroniese prosesse wat aan die keuring en toelating van studente gekoppel is. Die Kampus is ook gereed om verhoogde inskrywings in Handel, Ingenieurswese en Natuurwetenskappe te bestuur, nadat inskrywings oor die afgelope twee jaar doelbewus in hierdie rigting gestuur is. Nog 'n oorgang waarvoor die Kampus besig is om hulself te rat, is aanstaande jaar se oorbeweeg na die nuwe bestuursmodel vir navorsingsentiteite, wat na verwagting voortgesette stygings in navorsingsuitset en -kapasiteit sal ondersteun. Kampus-bestuur sien uit na 2008. ☐



Prof AL Combrink  
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM



As die **grootste** en **oudste** van die drie NWU-kampusse, met ongeveer 70% van alle geregistreerde studente in 2007, het die Potchefstroomkampus 'n **goed gevestigde** akademiese en navorsingsinfrastruktur en **'n soliede rekord** wat die lewering van strategiese kundigheid aan sake- en regeringsvennote betref.

# KAMPUSOORSIG: VAALDRIEHOEK



Studente-inskrywings in 2007

Voorgraads	3 022
Meestersgrade	194
Doktoraal	109
<b>TOTAAL</b>	<b>3 325</b>

Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	650
Seniors	2 675

Diplomas en grade in 2007 toegeken

Sertifikate en diplomas	149
B-grade	375
Honneursgrade	210
Meestersgrade (inclusief MBA)	40
Doktorsgrade	11
<b>TOTAAL</b>	<b>785</b>

Altesaam 785 sertifikate, diplomas en grade is toegeken by gradeplegtighede wat op 3 en 4 Mei en op 19 September 2007 gehou is.

## Kampushoogtepunte vir 2007

- Die hoog aangeskrewe Absa-Beeld Ekonom van die Jaarkompetisie vir 2007 is gewen deur mnr André Mellet, 'n dosent in Ekonomiese Historiese. Die meeste van die deelnemers aan die kompetisie is gesoutte ekonome uit die korporatiewe sektor en mnr Mellet het die beste punte in vyf van die 10 kategorieë behaal.
- Die eerste drie fases van 'n bouprojek van R30 miljoen is voltooi. Hierdie projek het die oprigting van kantore vir akademiese personeel, lesinglokaal en rekenaarlaboratoriums ingesluit. Die biblioteek is opgrader en die studie-area daarvan uitgebrei. Hierbenewens is 'n OTM op die Kampus aangebring.
- Funksionele meertaligheid het nuwe vlakke op die Kampus bereik, met vier verskillende afleweringmodusse wat vir voorgraadse onderrig-leer gebruik word.

Prof PJJ Prinsloo, Campus Rektor: Vaaldriehoek

Die Vaaldriehoekkampus het regdeur 2007 hul posisie as 'n streeksbate in Gauteng, die nywerheidshartland van Suid-Afrika, verstewig. Terwyl studente-inskrywings met 1% afgeneem het, het die getal graduandi toegeneem. Altesaam 785 kwalifikasies is gedurende die jaar toegeken. Die Kampus het ook sterk groei in navorsingsuitset gerapporteer. Dit het die kwalifikasieprofiel van die akademiese personeel beduidend verbeter, en het hul akademiese en navorsingskundigheid gemobiliseer in 'n aantal dinamiese gemeenskapsdiensprojekte wat die sosio-ekonomiese uitdagings van gemeenskappe in die streek regstreeks hanteer het.

## Onderrig-leer

Soos in die vorige jaar was die belangrikste onderrig-leer-fokus van die Kampus in 2007 op die verbetering van voorgraadse deurvloeisyfers. Dit is egter 'n paar stappe verder as in 2006 gevoer. Nadat die mees uitdagende voorgraadse modules reeds geïdentifiseer is, was die volgende stap die versterking van praktiese ingrepe wat ingestel is om sukkelende studente by te staan wat vir hierdie modules ingeskryf was. Dit het die vorm aangeneem van aanvullende onderrig (AO), wat in 2007 uitgebrei is om 51 modules in te sluit, waarvan 21% ondergemiddelde slaagsyfers gerapporteer het. Daar is groeiende bewys van die sukses van die AO-program. Daar is ná 'n ontleding van die finale modulepunte van die studente in een van die AO-modules gevind dat die finale punt 12% hoër as die klasmiddelde was.

Meertalige lewering word ook veel doeltreffender gebruik. Die Kampus is trots op die feit dat vier verskillende modusse van aflewing gedurende 2007 in voorgraadse klasse gebruik is. Terwyl 'n eentalige aflewendingsmodus in klasse gebruik is, is dit aangevul deur dubbel- en parallelmedium-onderrigmodusse, sowel as deur opvoedkundige tolkdienste. In 'n ander voorwaartse stap vir funksionele meertaligheid het die Kampus verseker dat alle studiegidse in beide Afrikaans en Engels beskikbaar was.

Akademiese kwaliteitsversekering het steeds 'n fokuspunt gebly. Die Honneurs BA (Teologie)-program was deel van die eksterne programevalueringsproses, terwyl 'n interne evalueringsproses op die volgende programme uitgevoer is: BSc IT (voorgraads en honneurs), Bedryfsosiologie (voorgraads en honneurs), Politieke Studies (voorgraads), en Sesotho (voorgraads en honneurs). Een nuwe program, 'n baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk, is goedgekeur.

Ander faktore wat tot die algehele verbetering van gehalte bygedra het, was die voltooiing van die proses van inkorporering van voormalige Vista-studente en -personeel, die ingebruikneming van nuwe lesinglokale en personeelfasiliteite by die Skool vir Opvoedingswetenskappe, asook die voortgesette erkenning van onderriguitnemendheid. Vyf van die Kampus se dosente het gedurende die jaar die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid ontvang.

## Navorsing

In ooreenstemming met die NWU se oorkoepelende navorsingstrategie is die Vaaldriehoekkampus besig om van 'n onderriggebaseerde model met gefokusde navorsing na 'n gebalanseerde onderrig- en navorsingskampus te beweeg. Die Kampus neem tans aan sewe van die Universiteit se navorsingsfokusareas deel.

Hierdie verskuwing word bereik deur te verseker dat akademiese personeel meer tyd aan navorsing wy, en die Kampus beweeg egalig in die rigting van die ideale tydbestuursmodel vir akademiese personeel van 40:40:20 (40% van die tyd wat bestee word aan onderrig-leer, 40% aan navorsing en 20% aan die implementering van kundigheid deur kommersialisering of gemeenskapsdiensprojekte).

**Die oorsigjaar was vir die  
Vaaldriehoekkampus een van  
toenames in navorsingsuitsette  
en graadverwerwingsyfers,  
asook verbeterings in  
die vaardighedsprofiel van  
sy akademiese personeel.**

Terselfdertyd word 'n doelbewuste poging aangewend om die kwalifikasies van akademiese personeel te verbeter. Terwyl daar in 2006 altesaam 25 personeellede met meestersgrade en 38 met doktorsgrade was, het dit in 2007 onderskeidelik tot 31 en 40 toegeneem. Altesaam 83% van die Kampus se akademiese personeel het 'n meesters- of 'n doktersgraad.

As gevolg van hierdie inisiatiewe het die Kampus 27,34 artikelekquivalente in 2007 geproduseer, in teenstelling met 25,1 in 2006. Goeie vordering word ook gemaak met die verkryging van akkreditering vir vaktydskrifte wat deur Kampuspersoneel gerедigeer word. Een personeellid, prof Elize van Staden, is die redakteur van twee vaktydskrifte. Dit is *New Contree*, 'n interdissiplinêre geskiedenisvaktydskrif wat reeds geakkrediteer is, en *Yesterday & Today*, wat in die proses van akkreditering is. Prof Johann Tempelhoff is redakteur van die *Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, wat met ingang van 2008 akkrediteringstatus ontvang het.

Nog 'n hoogtepunt vir die Kampus was die goedkeuring deur die Nasionale Navorsingstigting van die navorsingsnisarea, Kulturele Dinamiek van Water, onder leiding van prof Johann Tempelhoff van die Skool vir Basiese Wetenskappe.

## Implementering van kundigheid

Skole dwarsoor die Kampus maak aktief van hul akademiese en navorsingskundigheid gebruik om oplossings vir die sosio-ekonomiese uitdagings van gemeenskappe en besighede in die streek te vind. Die volgende is slegs 'n paar van die projekte wat gedurende 2007 onderneem is:

- Die Skool vir Opvoedingswetenskappe het die *Siyakulisa Early Childhood Development*-program geïnisieer ten einde voorskoole versorgers van gemeenskapsorgsentrum te bemagtig om kwaliteitopvoeding vir preprim  re kinders te voorsien. Die program, wat geakkrediteer en as 'n kortkursus op vlak vier en vyf geregistreer is, is op versorgers met minimale opvoedkundige kwalifikasies gerig.
- Die *Resilient Educators* (REDs)-bemagtigingsprogram vir opvoeders wat deur MIV/VIGS geaffekteer is, onder leiding van prof Linda Theron van die Skool vir Opvoedingswetenskappe, is in Mpumalanga, die Vrystaat en die Noordwes-provinsie geïmplementeer. Die program, wat deur die Thuthuka-program van die NNS befonds word, is ekstern geëvalueer en word sterk as 'n w  reldeklasprogram aanbeveel.

- Die *Newspaper in Education*-projek, in samewerking met Media24, is van stapel gestuur. Meer as 4 000 leerders van skole in die Vaaldrifhoekgebied sal voordeel put uit die projek, wat daarop gerig is om die verkryging van analitiese vaardighede te bevorder en die rol van koerante in 'n demokratiese gemeenskap uit te lig.
- Prof Thapelo Selepe van die Skool vir Tale het aan 'n projek van die Sesotho-Taalfnavorsings- en Ontwikkelingsentrum by die Universiteit van die Vrystaat deelgeneem, waardeur MIV/VIGS-terminologie in Sesotho in samewerking met die Departement van Gesondheid ontwikkel word.
- Lede van die Skool vir Tale het kortkursusse vir vertalers en in gespesialiseerde vertaling (onderskrifte) aangebied. 'n Kursus in Sesotho-kommunikasie vir nie-moedertaalsprekers is ook aangebied en baie goed bygewoon.
- Lede van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, in samewerking met die Sedibeng-distrikstraad, het 'n inisiatief onderneem om die potensi  le ontwikkeling van sekond  re staalbedrywe in die Vaaldrifhoek te evalueer. Hierdie navorsingsprogram het 'n wesenlike finansi  le bydrae van die nywerheidsreus M-Tech ontvang.
- Lede van die navorsingsnisarea Kulturele Dinamiek van Water in die Skool vir Basiese Wetenskappe het navorsing gedoen oor die gevolge van waterbesoedeling in die Wonderfonteinspruit, wat deur dele van Gauteng en die Noordwes-provinsie vloei. 'n Tweede projek, wat handel met die afvalwater-behandelingsinfrastruktuur van die Vaalrivierbarrage, is ook voltooi.
- Die Ikateleng-projek het 166 finalejaarleerders van sekond  re skole in histories benadeelde gemeenskappe in die gebied bereik. Van hierdie leerders het 90 met endossement en vier met onderskeiding geslaag.
- Gedurende die skoolvaksie het 60 histories benadeelde wetenskap-, wiskunde- en tegnologie-onderwysers deelgeneem aan die Sediba-projek, wat op die opleiding en bemagtiging van swart onderwysers deur deeltydse studie fokus.

## Studentsteundiens

Beradingsdienste is op 'n deurlopende grondslag op die Vaaldrifhoekkampus aan studente beskikbaar. 'n Portuurhelpergroep, bekend as CH@S (*Connecting Helpers and Students*), is opgelei om studente te identifiseer wat 'n behoefte aan psigosoiale of akademiese bystand het. Hierdie studente word dan vir ingrypingssessies verwys.

Die Departement Studenteontwikkeling het steeds bystand en leiding aan studente met die keuse van studieprogramme voorsien, wat hulle in staat stel om toepaslike en realistiese opvoedkundige doelwitte te stel en gesonde loopbaankeuses te maak. Werkswinkels is aangebied om voorgraadse en nagraadse studente in staat te stel om hul akademiese profiele en individuele bevoegdhede op 'n professionele wyse aan te bied.

## Studenteaktiwiteite

### ■ Studenteleiers

Gedurende Augustus 2007 is die nuwe Verteenwoordigende Kampusstudenteraad (VKSR) en huiskomitees verkieë. In 2007 was die deelnamekoers onder kwalifiserende stemgeregtigdes 25% vir die VKSR en 66% vir die huiskomitees, vergeleke met die 2006-deelnamekoers van 25% vir VSR-verkiesings en 47% vir huiskomitees.

Studenteleiers het gedurende die eerste week van Oktober 2007 aan 'n gefokusde leierskapopleidingsessie deelgeneem. Die doelstellings van die opleiding, wat bereik is, was om die studenteleiers bekend te stel aan hul onderskeie rolle en funksies ten einde hul interpersoonlike, intergroep- en kruiskulturele verhoudinge te verstewig, en om hul strategiese beplanning vir 2008 te doen. Die visie van die 2007/8-VKSR is om te streef na maksimum aanspreeklikheid, doeltreffende kommunikasie en vordering ten opsigte van studentelewe, waardeur 'n verwelkomende omgewing vir alle studente geskep word.

Hierbenewens het studenteleiers aktief aan die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad en die bestuurstrukture van die Kampus en die Universiteit deelgeneem.

### ■ Sport

'n Aantal studentealette en -sportspanne het die Kampus gedurende 2007 by streeks-, nasionale en internasionale geleenthede verteenwoordig:



Prof PJJ Prinsloo  
Kampusrektor: Vaaldriehoek



Me ME Steyn  
Kampusregisterateur



Prof AMC Theron  
Dekaan: Fakulteit  
Vaaldriehoek



Mr FA Visser  
Hoofdirekteur: Finansies  
en Fasiliteite

Gedurende 2007 het die Kampus **27,34 artikelekwvalente geproduseer**, in teenstelling met 25,1 in 2006. Daarbenewens het die Nasionale Navorsingstigting die **navorsingsnisarea**, Kulturele Dinamiek van Water, **goedgekeur**.

- Die Kampuskrieketspan was die gashere van die hoogs suksesvolle SASSU-B-afdeling se kriekettoernooi. Die span het die SASSU-B-afdeling gewen en sal in 2009 in die SASSU-A-groep deelneem.
- Die netbalspan het aan die SASSU-toernooi deelgeneem en al hul wedstryde asook die SASSU-B-afdeling gewen. In 2008 sal die span aan die A-afdeling deelneem.
- Die atleet, Thandi Vilakazi, het aan die Wêreldstudentespele in Bangkok deelgeneem en die 100 m vir vroue tydens die kwalifiserende byeenkoms gewen.
- Tydens die Intervarsity het die NWU-Vaal se vrouesokkerspan hul wedstryd teen die Universiteit van die Vrystaat gewen. Hulle het ook deelgeneem aan die jaarlikse interkampus-sokkerspele, waar hulle as die interkampuskampioene bekroon is.
- Die mansokkerspan het in die finale wedstryd teen die Mafikengkampus tydens 'n strafdoel-uitskietstryd verloor.
- Die Kampus het die verskeidenheid sportkeuses wat tot die beskikking van studente is, uitgebrei deur 'n fietsryklub te stig. Een span het aan SASSU se Intervarsity-fietsryuitdaging deelgeneem, wat gedurende September deur die Kampus aangebied is.
- Die Kampus het ook hul sportfasiliteite verbeter deur 'n opgegraderde gimnasium te open.
- Interkampuswedstryde in vlugbal en sokker is gespeel en goed deur ondersteunende koshuise bygewoon.

## Kultuur

Die kultuurlewe van die Kampus in 2007 was lewenskragtig en uiteenlopend, en studente het hul talent vir musiek, openbare redevoering en drama ten toon gestel.

- Die koor het aan 'n koorkompetisie in Mafikeng en aan die Ou Mutual-koorkompetisie in Pretoria deelgeneem.
- 'n Tak van die Hirs Young-organisasie is op die Kampus gestig.
- Die Toastmasters het aan verskeie openbare redevoeringsgeleenthede deelgeneem en het verskeie sekondêreskool-leerders in die area bygestaan om hul openbare redevoeringsvaardighede te verbeter.
- Die dramagroep het 'n interkulturele geleenthed met toneelstukke, poësie en sang aangebied.
- Die Christenstudentegemeenskap, 'n interkerklike groep, het 'n konferensie op die Kampus aangebied.

## Oudstudente

Die Kampus het na sy oudstudente uitgereik deur 'n oudstudentevereniging te stig en 'n databasis tot stand te bring, wat reeds 2 000 inskrywings het. 'n Reünie is vir voormalige VKSR-lede gehou en is deur 120 oudstudente bygewoon, sommige van so ver as Brittanje en Frankryk. Die Kampus het ook 'n reünie van oudstudent-bedryfsielkundiges en mensehulpbronbestuurders aangebied.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Die Kampus onderskryf die NWU se etos van die ontwikkeling van goed afgeronde studente wat geleenthede aangryp om die gemeenskap tot diens te wees. In 2007 het studente in die BEd-program vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuise en die DBV gedoen. Nog 'n projek wat deur studente, ook van die Skool vir Opvoedingswetenskappe, geïnisieer is, was ge-reelde besoeke aan Dulas Ministries, wat vir MIV-positiewe kinders sorg.

## MIV/VIGS

Die MIV/VIGS-bewusmakingsveldtog op kampus en in omliggende gemeenskappe het in 2007 momentum verky. Die Kampus het aan die 'ken jou status'-veldtog deelgeneem, 'n MIV/VIGS-advieskomitee is tot stand gebring en 'n bewusmakings- en voorkomingsplan is vir die Kampus opgestel. Ander aktiwiteite het die aankoop en installasie van 50 kondoomuitdeelmasjiene by studentekoshuise en die voorsiening van MIV/VIGS-beradings- en toetsdienste tydens die studentewelstandsdag en die jaarlikse kersliggedenkdag ingesluit.

## Slotwoord

Die oorsigjaar was vir die Vaaldriehoekkampus een van toenames in navorsingsuitsette en graadverwerwingsyfers, asook verbeterings in die vaardighedsprofiel van sy akademiese personeel. Teen die einde van die jaar het 83% akademici op die Kampus oor hetsy 'n meesters- of 'n doktorsgraad beskik. Hierdie vaardighedsprofiel is een van die faktore wat bygedra het tot die egalige verbetering in die Kampus se navorsingsuitset, wat in 2007 met nege persent vergeleke met die vorige jaar toegeneem het, en ook in sy deurvloei- en graadverwerwingsyfers. Die NWU het die strategiese belangrikheid van die Kampus,

veral wat betref ekonomie, openbare bestuur en administrasie, waternavorsing, teologie, modelleringswetenskappe, politieke wetenskappe, gedragswetenskappe en opvoedkundige wetenskappe erken en sy akademiese en navorsingsfasiliteite aktief upgradeer, wat die Kampus posisioneer het om verdere waarde tot studente, gemeenskappe en vennote in die sakewêreld en die regering toe te voeg. ☺



Prof PJJ Prinsloo  
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK



Die Kampus het sterk **groeï** in navorsingsuitset **gerapporteer**, die **kwalifikasieprofiel** van die akademiese personeel beduidend verbeter, en hul **akademiese** en **navorsingskundigheid** **gemobiliseer** in 'n aantal dinamiese gemeenskapsdiensprojekte wat die sosio-ekonomiese **uitdagings** van gemeenskappe in die streek regstreeks **hanteer** het.





Die NWU kon die einde  
van die 2007- finansiële jaar  
met nog 'n **gesonde**  
algehele **surplus** van  
**R85 miljoen** afsluit.

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT		85 063
2007	R 000	
<b>HERHALENDE ITEMS</b>		
Inkomste		
Staatbedienstes en toekomstige Ondeling- en polter gode	65 098	38,9
Transaksie uit kontakte (invoering en ander)	1 420 192	79,8
Invoering en voorraadverkoop	571 533	5,7
Dienste - amptenaarsaakhuise	211 447	4,4
Private skenkings en toekomstige	82 356	1,6
Beklginginkomste	119 941	16,9
	242 809	2,6
	38 012	4,6
	94 103	
	1 754 405	94,3
	876 630	47,1
	614 413	42,7
	53 844	3,8
	10 204	0,2
Utgawes	19 549	1,3
Pensioenvergoeding	15 822	1,0
Bedryfskoste	3 849	0,2
Depensie en amortisatie	1 240	0,1
Finsieskoste	10 303	0,7
	(6 147)	(0,3)
	351	0,0
	(6 498)	(0,3)
	85 247	5,9
	184	0,0
	85 063	5,6
<b>NIE-HERHALENDE ITEMS</b>		
Inkomste		
Winstverlies op verkoop van VAT	18 431	347
Winst/verlies op bekliging	11 089	7 002
Ander nie-herhalende inkomste		
Utgawes		
Bedryfskoste	9 851	2 941
Waardeverminderingverlies (Bater - VAT)	6 910	
Netto surplus voor belasting	21 227	4,9
inkomstebelasting		
Netto surplus vir die jaar	69	0,0

## FINANSIËLE OORSIG

Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasilitate	122
Gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Desember 2007	132
Gekonsolideerde inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2007	133


# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 word onder die volgende opskrifte aangebied:

## Winsgewendheid en groei


Die Noordwes-Universiteit se opgehoopte reserves het in die 2007- finansiële jaar verbeter weens 'n netto surplus van R85,1 miljoen, wat 5,9% (2006: 5,6%) van die totale inkomste verteenwoordig. Die totale inkomste van die Universiteit het met 12,8% tot R1 435,6 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes met 12,4% tot R1 350,5 miljoen vir die 2007- finansiële jaar toegeneem het. Die surplus van die 2007- finansiële jaar is vir spesifieke doeleindes geoormerk.

Winsgewendheid en groei



Die totale inkomste van die Universiteit uit bedryfsaktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, vervreemding van beleggings, aansuiwering van voorsiening vir waardedalingsverliese en samesmeltingsfondse) het met 13,3% tot R1 420,2 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawe uit bedryfsaktiwiteite met 13,7% tot R1 354,7 miljoen vir die 2007-finansiële jaar toegeneem het. Die surplus vir die 2007-finansiële jaar uit bedryfsaktiwiteite verteenwoordig 4,6% (2006: 5,0%) van die totale bedryfsinkomste, wat goed binne die norm vir die sektor en 'n aanduiding van gesonde finansiële stabiliteit is.


**Surplus-tot-omset-verhouding vanaf bedryfsaktiwiteite**



Die Universiteit se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 39,8% (2006: 42,8%) van die totale inkomste.

Die studentverwante inkomste het met 5,8% vir die 2007-jaar toegeneem. Vir dié jaar was daar 'n 5,5%-stygging in klasgelde vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus en 'n 11,5%-stygging vir die Mafikengkampus, ten einde die gelde oor 'n tydperk van sewe jaar te belyn.


Die Universiteit se verklaarde finansiële doelwit, naamlik om sy afhanklikheid van die staat voortdurend te verminder, word dus gehandhaaf, hoofsaaklik weens die volgehoue groei van 27,4% in ander inkomste, wat uit navorsings-, entrepreneurs- en beleggingsaktiwiteite bestaan.



Totale uitgawes het met 12% toegeneem. Personeelvergoeding het met 7% (2006: 13%) toegeneem. Die totale koste van personeeluitgawes was 47% (2006: 50%) van die totale inkomste, wat goed binne die norm vir die sektor is. Sekere ondersteuningsaktiwiteite van die Mafikengkampus is gedurende 2007 uitgekontrakteer, wat 'n oordrag van uitgawes van personeelvergoeding na bedryfsuitgawes tot gevolg gehad het; daar is dus 'n daling in die verhouding van personeelvergoeding tot totale inkomste.

Bedryfsuitgawes het met 22% (2006: 11%) toegeneem en verteenwoordig 42% (2006: 39%) van totale inkomste. Die rede hiervoor is die uitkontraktering van ondersteuningsaktiwiteite op die Mafikengkampus soos hierbo genoem, en die styging in instandhoudingskoste.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasié, amortisié, finansieringskoste en waardedalingsverliese het met 1,1% afgeneem. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die terugskrywing van waardedalingsverliese na aanleiding van verhoogde instandhouding wat gedoen is. Die Universiteit het 'n rollende tienjaarplan waarvolgens grootskaalse gebou-instandhouding plaasvind en wat jaarliks evalueer word ten einde die geboue behoorlik in stand te hou.




## Toegevoegde waarde

Soos in die verlede het die Universiteit weer wesenlike waarde aan die ekonomie toegevoeg. Met betrekking tot die Universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) kan die volgende uitgelyk word:

- 11 346 studente het gedurende 2007 grade en diplomas ontvang
- R58,9 miljoen is as beurse aan studente toegeken

## Solvabiliteit

Die totale laste (R578,9 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R756,6 miljoen) duif aan dat die Universiteit se verhouding van skuld teenoor fondse tot 0,77 (2006: 0,84) gedaal het.




Gedurende die oorsigjaar het die Universiteit weer **wesenlike waarde** aan die ekonomie toegevoeg, met 11 346 studente wat gedurende 2007 grade en diplomas ontvang het.

Die totale laste uitgedruk oor totale bates vir die 2007- finansiële jaar het gedaal. Die totale laste word 2,31 maal (2006: 2,19 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee 'n duidelike aanduiding dat die Universiteit solvent is en in staat om sy verpligtinge op die lang en die kort termyn na te kom.


**Solvabiliteit – Totale laste: Totale bates**



## Likiditeit


Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 2,69 maal (2006: 2,89 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien in randwaarde uitgedruk, het die bedryfsbates met R26,3 miljoen vir die 2007- finansiële jaar toegeneem, terwyl bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R24,2 miljoen toegeneem het. Die groei in bedryfsbates is hoofsaaklik die gevolg van die stygging in kontant en kontantekwivalente.

**Likiditeit – Bedryfsbates: Bedryfslaste**



Die Universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste het van 2,48 in 2006 tot 2,33 gedurende die 2007- finansiële jaar afgeneem.

**Likiditeit – Kontant- en kontantekwivalente:  
Bedryfslaste**




## Hefboomfinansieringsverhoudings


Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n langertermyn-aanduiding van likiditeit.

Nie-bedryfslaste verteenwoordig 32,7% (2006: 35,6%) van die totale fondse wat aangewend is.

**Hefboomverhouding – Nie-bedryfslaste:  
Nie-bedryfslaste en ekwiteit**




Die totale nie-bedryfslaste uitgedruk oor ekwiteit vir die 2007- finansiële jaar het tot 48,5% (2006: 55,4%) gedaal.



## Kontantvloeи

### Surplus gegenereer met betrekking tot kontantvloeи

Die Universiteit het 'n surplus van R85,1 miljoen vir die 2007- finansiële jaar gegenereer. Die netto kontantvloeи het met R28,0 miljoen vir dieselfde finansiële jaar toegeneem, wat 33% van die totale surplus verteenwoordig. Vir die 2006- finansiële jaar het die netto kontantvloeи met R82,3 miljoen toegeneem as gevolg van bedrae wat ontvang is wat nie aan die erkenningskriteria vir inkomste gedurende daardie jaar voldoen het nie, dus is hierdie bedrae tot later tydperke uitgestel.



## Slotwoord


Die Universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2007- finansiële jaar te verwesenlik:

- Om sy afhanklikheid van die staat voortdurend te verminder (die subsidie-inkomste is vir die eerste maal minder as 40% van die totale inkomste);
- Die netto surplus vir bedryfsaktiwiteite moet tussen 3% en 6% wees (2007: 4,6%);
- Om te verseker dat die NWU 'n lopende saak is deur sy solvensiestand te verstewig en gesonde likiditeitsvlakte gedurende die 2007- finansiële jaar te handhaaf.

Hoewel 2007 'n goeie finansiële jaar was waarin die finansiële doelwitte oor die algemeen behaal is, sal die Universiteit dit beslis moeilik vind om in 2008 vol te hou, as gevolg van die groot stygting in inflasie en rentekoerse. Die Raad en Bestuur is saam daartoe verbind om hierdie probleme op so 'n wyse te bestuur dat die Universiteit die minimum gevolge hiervan sal ly. ■



Prof IJ Rost  
UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE



Die NWU erken en verwelkom  
sy verantwoordelikheid om  
toekomstige **leiers** met  
**karakter** en **gewete**,  
sowel as ekonomies bruikbare  
**vaardighede**, te  
**ontwikkel**.

- Dr PS Molefe, Kanselier

# GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

soos op 31 Desember 2007

	2007 R'000	%	2006 R'000	%
<b>BATES</b>				
Nie-bedryfsbates	766 489	57,4	673 187	54,4
Eiendom, aanleg en toerusting	439 712	32,9	397 824	32,7
Beleggingseiendomme	25 117	1,9	25 633	2,1
Ontasbare bates	28 870	2,2	31 148	1,6
Langtermynbeleggings	272 790	20,4	218 582	18,0
Bedryfsbates	569 062	42,6	542 749	45,6
Voorraad	13 718	1,0	12 153	1,0
Handels- en ander debiteure	61 521	4,6	64 805	5,3
Kontant en kontantekwivalente	493 823	37,0	465 791	39,3
<b>Totale bates</b>	<u>1 335 551</u>	<u>100,0</u>	<u>1 215 936</u>	<u>100,0</u>
<b>FONDSE EN LASTE</b>				
Fondse beskikbaar				
Opgelope fondse	756 635	56,7	661 909	54,4
<b>Totale laste</b>	578 916	43,3	554 027	45,6
Nie-bedryfslaste	367 075	27,0	366 368	29,9
Langtermynlenings	25 815	1,7	28 405	1,9
Na-aftreevoordele	256 068	19,1	247 951	20,0
Uitgestelde inkomste	85 192	6,2	90 012	8,0
Bedryfslaste	211 841	16,3	187 659	15,7
Handels- en ander krediteure	192 964	15,2	161 427	13,3
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	253	0,0	69	0,0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	2 590	0,1	9 004	0,8
Huidige gedeelte: Na-aftreevoordele	4 349	0,2	8 068	0,8
Studentedeposito's en vooruitbetaalde inkomste	11 685	0,8	9 091	0,8
<b>Totale fondse en laste</b>	<u>1 335 551</u>	<u>100,0</u>	<u>1 215 936</u>	<u>100,0</u>

# GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

vir die jaar geëindig 31 Desember 2007

	2007 R'000	%	2006 R'000	%
<b>HERHALENDE ITEMS</b>				
Inkomste				
Staatsubsidies en -toekennings	65 698	4,6	62 633	5,0
Onderrig- en ander gelde	1 420 193	98,9	1 253 763	98,7
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	571 531	39,8	544 047	42,8
Inwoning en voedseldienste	271 447	18,9	256 635	20,2
Dienste - entrepreneursaktiwiteite	82 350	5,7	55 488	4,4
Private skenkings en toekennings	119 941	8,4	110 355	8,7
Beleggingsinkomste	242 809	16,9	190 823	15,0
	38 012	2,6	29 931	2,4
	94 103	6,6	66 484	5,2
Uitgawes				
Personeelvergoeding	1 354 495	94,3	1 191 130	93,7
Bedryfskoste	676 030	47,1	631 723	49,7
Depresiasié en amortisasie	614 417	42,7	499 792	39,3
Finansieringskoste	53 844	3,8	51 109	4,0
	10 204	0,7	8 506	0,7
<b>NIE-HERHALENDE ITEMS</b>				
Inkomste				
Wins/(verlies) op verkoop van EAT	19 549	1,3	8 588	0,6
Wins/(verlies) op beleggings	15 402	1,0	18 439	1,4
Ander nie-herhalende inkomste	3 849	0,2	347	0,0
	1 246	0,1	11 089	0,8
	10 307	0,7	7 003	0,6
Uitgawes				
Bedryfskoste	(4 147)	(0,3)	9 851	0,8
Waardedalingsverlies (Bates - EAT)	351	0,0	2 941	0,2
	(4 498)	(0,3)	6 910	0,6
Netto surplus voor belasting	85 247	5,9		
Inkomstebelasting	184	0,0	71 221	5,6
Netto surplus vir die jaar	<u>85 063</u>	<u>5,9</u>	<u>69</u>	<u>0,0</u>
	<u>71 152</u>	<u>5,6</u>		

## LYS VAN AFKORTINGS

<b>AKSSS</b>	Advieskomitee oor Studentesteunstelsels	<b>IKAS</b>	Institutionele Komitee vir Akademiese Standaarde
<b>AO</b>	Aanvullingsonderrig	<b>IKK</b>	Institutionele Korporatiewe Kommunikasie
<b>AOO</b>	Institutionele Kantoor: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning	<b>IKND</b>	Institutionele Kursus vir Nuwe Dosente
<b>BS</b>	Bevoegdheidsentrum	<b>IKNI</b>	Institutionele Komitee vir Navorsing en Innovasie
<b>BVSA</b>	Bevolking van Suider-Afrika	<b>IKT</b>	Inligtings- en Kommunikasietegnologie
<b>Ch@s</b>	Connecting Helpers and Students	<b>InfoEd</b>	Die NWU se navorsingsbestuurstelsel
<b>CTextT</b>	Sentrum vir Teksttegnologie	<b>IP</b>	Institutionele Plan
<b>DIT</b>	Departement Inligtingstegnologie	<b>IPE</b>	Interne Programevaluering
<b>DvO</b>	Departement van Onderwys	<b>ITNU</b>	Institutionele Toekenning vir Navorsingsuitnemendheid
<b>DWT</b>	Departement Wetenskap en Tegnologie	<b>ITOU</b>	Institutionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid
<b>eFundi</b>	Die NWU se e-leerstelsel	<b>IVSR</b>	Institutionele Verteenwoordigende Studenteraad
<b>Eish!</b>	Die NWU se interne personeelnuusbrief	<b>KSUT</b>	Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
<b>EPE</b>	Eksterne Programevaluering	<b>CSV</b>	Korporatiewe Sake en Verhoudinge
<b>EQUIP</b>	Venootskapsprogram vir die Verbetering van Gehalte in Onderwys (Education Quality Improvement Partnership Programme)	<b>KVSR</b>	Kampus- Verteenwoordigende Studenteraad
<b>Eskom</b>	Elektrisiteitsvoorsieningskommissie	<b>MBA</b>	Meesters in Besigheidsadministrasie
<b>eWork</b>	Die NWU se stelsel wat die hele proses van die produksie van studiegidse bestuur	<b>MIV</b>	Menslike Immunitetsgebrekvirus
<b>ENB</b>	Eerste Nasionale Bank	<b>MHIG</b>	Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid
<b>GETTP</b>	Gestandaardiseerde Evalueringstoetse vir Toegang en Plasing	<b>MKBR</b>	Modulêre Korrelbedreaktor
<b>GOS</b>	Gevorderde Onderwyssertifikaat	<b>MRK</b>	Menseregtekommisie
<b>GR</b>	Geoktrooieerde Rekenmeester	<b>NIIF</b>	Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie
<b>HEMIS</b>	Hoëronderwys-bestuursinligtingstelsel	<b>NNS</b>	Nasionale Navorsingstigting
<b>HESA</b>	Hoër Onderwys Suid-Afrika	<b>NRO</b>	Nieregeringsorganisasie
<b>HOKK</b>	Hoëronderwys-kwaliteitskomitee	<b>NSFAS</b>	Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente
<b>HOTF</b>	Hitteoordrag-toetsfasilititeit	<b>NWU</b>	Noordwes-Universiteit
<b>IB</b>	Institutionele Bestuur	<b>OIB</b>	Ondernemingsinhoudbestuur
<b>IBSO</b>	Institutionele Bevordering en Sakeontwikkeling	<b>Oracle-ERP</b>	Oracle Enterprise Resource Planning
<b>IBPK</b>	Institutionele Bevorderingsprojekkomitee	<b>PR</b>	Persoonlike rekenaar
<b>IF</b>	Institutionele Forum	<b>RED's</b>	Resilient Educators
<b>IK</b>	Institutionele Kantooor		

RSA	Republiek van Suid-Afrika	TransTips	'n Vertaalhulpmiddel
SAKAI	Hierdie is 'n gemeenskapsbronprojek en honderde universiteite (insluitende die NWU) neem daarvan deel. Dit behels die ontwikkeling van 'n leerderbestuurstelsel.	TransVox	Tolkdienste en -opleiding aan kliënte
SANPAD	Suid-Afrikaans-Nederlandse Navorsingsprogram oor Alternatiewe in Ontwikkeling	UJ	Universiteit van Johannesburg
SASOL	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie	UK	Uitvoerende Komitee
SAO	Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling	UK	Universiteit van Kaapstad
SASSU	Suid-Afrikaanse Studentesportunie	UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
Senaat-UK	Uitvoerende Komitee van die Senaat	UP	Universiteit van Pretoria
STSWT	Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en Tegnologie	VBT	Vrywillige Berading en Toetsing
SUT	Sentrale Universiteit van Tegnologie	VE	Voltydse Ekwivalent
SVGV	Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging	VERKA	Verbetering van die Kwaliteit van Akademiese Personeel (vervang deur ITOU)
TPT	Toelatingspunttelling	VIGS	Verworwe Immuniteitsgebreksindroom
THRIP	Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne in die Nywerheid	VK	Verenigde Koninkryk
		VSR	Verteenwoordigende Studenteraad
		VSS	Varsité-studentestelsel
		WNK	Waternavorsingskommissie
		WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

# ERKENNING

Navrae en kontakbesonderhede

## Institutionele Kantoor

Privaatsak 1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika  
Tel: +27 (18) 299 4937  
Faks: +27 (18) 299 4938  
E-pos: phumzile.mmope@nwu.ac.za  
Webwerf: www.nwu.ac.za

## Mafikengkampus

Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika  
Tel: +27 (18) 389 2144  
Faks: +27 (18) 389 2375  
E-pos: lester.mpolokeng@nwu.ac.za

## Potchefstroomkampus

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika  
Tel: +27 (18) 299 2769  
Faks: +27 (18) 299 2767  
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

## Vaaldriehoekkampus

Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika  
Tel: +27 (16) 910 3180  
Faks: +27 (16) 910 3326  
E-pos: annette.willemse@nwu.ac.za

Jaarverslag-taakspan

Mee E de Beer, A de Waal, N Engelbrecht,  
J Jansen van Vuuren, P Mmope, A van der  
Merwe, L Wagner, en mnre J Blaauw,  
L Jacobs en D Walker

## Fotografie

Studio M Design, Maclez Studio  
Prof AMC Theron

## Redigeerder

Me Clairwyn van der Merwe

## Ontwerp, uitleg en drukwerk

Infoworks  
Tel: +27 (18) 468 2716  
Fax: +27 (18) 468 7782

Die 2007-Jaarverslag is deur die Institutionele  
Kantoor vir Korporatiewe Sake en Verhou-  
dinge gepubliseer. Hierdie publikasie is  
ook in Engels beskikbaar.





NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**Institutionele Kantoor:**

Tel: +27 (18) 299 4931

E-pos: [phumzile.mmope@nwu.ac.za](mailto:phumzile.mmope@nwu.ac.za)

**Matikengkampus:**

Tel: +27 (18) 389 2144

E-pos: [lester.mpolokeng@nwu.ac.za](mailto:lester.mpolokeng@nwu.ac.za)

**Potchefstroomkampus:**

Tel: +27 (18) 299 2769


E-pos: [theo.cloete@nwu.ac.za](mailto:theo.cloete@nwu.ac.za)

**Vaaldriehoekkampus:**

Tel: +27 (16) 910 3180

E-pos: [annette.willems@nwu.ac.za](mailto:annette.willems@nwu.ac.za)

[www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)



2007-Jaarverslag

Gedrawe om die beste te wees